# 'N ONDERSOEK NA DIE BELANGRIKSTE ASPEKTE VAN DIE GAY-PSIGE, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE.

DEUR

JOEL ARTHUR CLAASSEN

VERHANDELING AANGEBIED TER VERVULLING VAN DIE

VEREISTES VIR DIE GRAAD

**MAGISTER ARTIUM**

IN DIE

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

DEPARTEMENT AFRIKAANS EN NEERLANDISTIEK

AAN DIE

UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

STUDIELEIER : PROF. H. J. SNYMAN

The University of Cape Town has been given the right to reproduce this thesis in whole or in part. Copyright is held by the author.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

University of Cape Town

# DANKBETUIGING

Ek wil graag my opregte dank en waardering aan die volgende individue uitdruk:

My ouers - Vir my waardevolle opvoeding, op skool en tuis.

Mom - vir jou liefde, opoffering, geduld en ondersteuning aan ons almal.

'Ames - vir jou wysheid en bereidwilligheid om op te offer vir die verwesenliking van jou drome, en veral ons s'n.

Professor Snyman - wie my sedert Eerstejaar met niks behalwe goeie advies, ondersteuning en wysheid voorsien het nie.

James en Bronwen - sonder ondersteuning en aanmoediging soos julle s'n sou hierdie skripsie nie voltooi wees nie.

Die Mahate-gesin - sonder julle praktiese en tegnologiese ondersteuning sou ek nie ver gekom het nie. Baie, baie dankie.

Ian - om 'n beter kollega en mede-student van die lewe te vind, is baie moeilik. Ek dank die Vader vir jou.

Jill - Deur hierdie uitdaging was jy die See, Reën en Berge, seëninge van ons Rots, Christus Jesus, ons Here.

Spesiale dank gaan aan die RGN en Universiteit Kaapstad vir hul waardevolle praktiese ondersteuning wat hierdie studie moontlik gemaak het.

# Inhoudsopgawe

INLEIDING

UITEENSETTING VAN ONDERWERP EN NAVORSINGSMETODES 1

## HOOFSTUK 1

'N TEORETIESE OORSIG VAN DIE AARD VAN GAY-LETTERKUNDE 8

1.0 Inleiding ........ 8

1.1 Terminologie ........ 9

1.2 Universaliteit in gay-letterkunde ........ 11

1.3 Ekskusiwiteit in gay-letterkunde ........ 14

1.4 Die impak van seksuele oriëntasie op gay-letterkunde ........ 17

1.5 Seksualiteit en sub-kultuur in gay-letterkunde ........ 19

AANTEKENINGE ........ 23

## HOOFSTUK 2

2. DIE ONTWIKKELING VAN DIE GAY-PSIGE ........ 25

2.0 Inleiding ........ 25

2.1 Agtergrond tot die ontwikkeling van die gay-psige ........ 25

2.1.1 Die impak van sosiale verwagtinge op die ontwikkelende gay-psige ........ 30

2.1.2 Die ontwaking van die karakter se gay-sensibiliteite in Life Drawing .. 34

2.1.3 Die gay-psige en fisieke ontwaking in Life Drawing ........ 35

2.1.4 Die ontwikkelende gay man en sy interaksie met die samelewing in Who Lies Inside ........ 36

2.2 Die rol van die samelewing op die ontwikkelende gay-psige in die tradisionele Suid-Afrikaanse milieu ........ 45

2.2.1 Die effek van die samelewing en hul norme op die ontwikkelende gay-psige in Die Soft Rock Klub ........ 47

2.2.2 Die ontwikkeling van die gay-psige in Die Soft Rock Klub ........ 49

2.3 'n Opsomming van die psigiese ontwaking in Who Lies Inside, Life Drawing en Die Soft Rock Klub ........ 55

2.3.1 Die ontwaking van die gay-psige in Who Lies Inside ........ 55

2.3.2 Die ontwaking van gay-sensibiliteite weens fisieke ontwaking in Life Drawing ........ 58

2.3.3 Die psigiese ontwaking van die gay-psige in die Die Soft Rock Klub ........ 61

AANTEKENINGE ........ 63

## HOOFSTUK DRIE

3. DIE ROL VAN CRUISING IN DIE ONTWIKKELING VAN DIE GAY-PSIGE


3.0 Inleiding .................... 65

3.1 Die psigiese ontwikkeling van die gay-individu in terme van cruising .. 68

3.1.1 Die sosiale rol van cruising in die gay-milieu .................... 70

3.1.2 Cruising in die Suid-Afrikaanse milieu .................... 74

3.1.3 Cruising in Afrikaanse letterkunde in die werk van Johann de Lange .................... 76

3.2 Die psigo-seksuele aspekte van cruising .................... 86

3.2.1 Cruising as psigiese nood .................... 87

3.2.2 Narsisissme in Numbers .................... 89

AANTEKENINGE .................... 96


## HOOFSTUK VIER

4. DIE EFFEK VAN VIGS OP DIE GAY-PSIGE IN DIE LETTERKUNDE


4.0 Inleiding .................... 100

4.1 Die psigiese impak van lewe met VIGS in 'n gay-verhouding .................... 102

4.1.1 Houdings van die gemeenskap in "Nothing to ask for" .................... 109

4.1.2 Die konsep van "familie" in "Nothing to ask for" .................... 115

4.1.3 Die effek van VIGS op die gay-psige in "Nothing to ask for" .......... 118

4.2 Die effek van VIGS op die gay-psige en die gay-verhouding in "Home" .. 120

4.2.1 Die konsep van "familie" in die verhaal "Home" ............................ 124

4.2.2 Lewe met VIGS in "Home" ........................................................ 126

4.3 Die effek van VIGS op die gay-psige soos te sien
in Afrikaanse letterkunde ............................................................ 129

4.3.1 Die rol van VIGS in "Die storie van my neef" en die effek op
die verhouding tussen die samelewing en die individu .................... 129

4.3.2 Die effek van VIGS op familie-verhoudings in die verhaal
"Die storie van my neef" ........................................................ 130

4.3.3 Die familie as simbool van die samelewing .................................. 131

4.3.4 Die effek van VIGS op die gay-psige in die verhaal
"Die storie van my neef" ........................................................ 134

4.3.5 Die psigiese ervaring van die gay-man in "Die storie van my pa" ... 136

4.4 Die effek van VIGS en die naderende dood op die gay-psige ........... 141

4.4.1 Die psigiese effek van VIGS in die verhaal "Lilacs" ....................... 154

4.4.2 Die rol van die gemeenskap in "Lilacs" ........................................ 156

4.5 Die konsep van "familie" en die effek van VIGS op die gay-psige
in die verhaal "Halfway Home" .................................................... 157

4.5.1 Die effek van VIGS op die gay-psige in "Halfway Home" ................ 164

AANTEKENINGE ...................................................................... 168

SLOT ........................................................................................................ 171

ABSTRACT ........................................................................................... 173

BIBLIOGRAFIE ................................................................................... 175

## INLEIDING

Vanuit die staanspoor moet beken word dat hierdie skripsie nie daarop uit is om die outoriteit op die gebied van die gay-psige te wees nie. Die studie wil slegs fokus op sekere aspekte van die letterkunde wat aanduiding bevat van die ervaring van gay-persone binne die samelewing, en die impak van hierdie ervaring op die gay-individue se psige.

## PSIGE MET BETREKKING TOT DIE SAMELEWING

'n Opsomming van sekere aspekte van die gay-persoon se eie psigiese ervaringe, met betrekking tot die samelewing se stereotipiese verwagtinge, en die manier waarop die gay-persoon die wêreld interpreteer en daarin sy eie weg vind, kan beskou word as die fokale punte waarna hierdie studie strewe. Hierdie gemeenskaplike, stereotipiese verwagtinge speel 'n groot rol in elke mens se bestaan, en deur middel van hierdie skripsie sal gestreef word na insig tot hoe groot 'n rol dit wel speel, wanneer 'n mens dit beskou met betrekking tot die gay-individu se psigiese ontwikkeling en ervaringe. Daar is gevind dat die gay-subkultuur homself altyd in teenstand bevind tot sosiale verwagtinge, en hierdie sosiale druk speel 'n enorme rol in die psige van elke gay-persoon. Die feit dat die individu van kleinsaf altyd gemeet word teen die gemeenskap se verwagtinge, is een faktor wat 'n lewenslange invloed het op elke individu vanweë die strewe na sosiale aanvaarding. In hierdie studie sal nagegaan word hoe groot 'n rol hierdie sosiale invloed speel, wanneer die baan van die gay-individu se psigiese ontwikkeling ondersoek word, vanaf die eerste stadia van ontwaking, die psigo-sosiale uitreik na ander gay-

mans, tot die verlies van sosiale verhoudings en hoe 'n naderende dood in die gay-persoon se wêreld die psige beïnvloed.

## FOKUS VAN DIE STUDIE EN STEUN OP DIE LETTERKUNDE VIR AFLEIDINGS

Daar is verskeie stadia van die gay-persoon se psigiese ontwikkeling waarop die kollig val, terwyl andere nie in detail bespreek word nie. Ondersoek toon dat sekere aspekte van die gay-persoon se psigiese ontwikkeling duideliker uiting kry in die gay, sosiale gedrag wat in die letterkunde beskryf word, as ander. Weens hierdie onderskeid is slegs sekere aspekte met genoeg literêre materiaal in die proefskrif bespreek om so veel moontlik te ontgin van die gay-psige. Ter ondersteuning van bogenoemde benadering moet ook beklemtoon word dat daar nie in die letterkunde materiaal is oor alle aspekte van die ervaringe van die gay-persoon nie, en dat enige bespreking oor die gay-psige hoofsaaklik gebaseer is op afleidings in die letterkunde, met sekere raakpunte wat ten volle of gedeeltelik ondersteun was deur sekere sielkundige en sosiologiese studies. Om hierdie rede moet dit beklemtoon word dat dié studie nie strewe na 'n posisie van outoriteit nie, maar slegs sekere afleidings maak op grond van die ervaringe van die gay-psige soos dit in die letterkunde uitgebeeld is, en as sekondêre bron kan dien, met betrekking tot menslike ervaring in die gay-subkultuur.

## POSISIE VAN DIE AFRIKAANSE LITERATUUR EN SAMELEWING

Daar word aanvaar dat daar in die Afrikaanse letterkunde in die afgelope vyf jaar meer geskied het ten opsigte van die gay-paradigma, as wat oor die vorige drie dekades sedert die baanbrekende Sestigerjare, gebeur het. Om hierdie rede is 'n studie van hierdie aard belangrik om die rigting van hierdie paradigma op te teken in die Afrikaanse literatuur, aangesien dit bydra tot die bestaande kanon. In die afgelope tyd het die aard van die gay-paradigma in die Afrikaanse literatuur varander tot 'n punt waar daar meer oor die gay-subkultuur aangeteken is. Die omvang van hierdie bydraes word in hierdie studie aangeraak, om lesers te laat besef dat die paradigma as sulks nie net die gay-subkultuur registreer nie, maar dat daar literêr bygedra word tot die Afrikaanse letterkunde en kanon, deur meer aan te teken oor die individu se ervaringe in die Suid-Afrikaanse konteks. Die enigste dilemma wat ontstaan het tydens die studie is die tekort aan tekste vanuit die Afrikaanse milieu, en alhoewel sekere tekste duidelik kon bydra, moes daar internasionale materiaal gebruik word om te dien as bronne om 'n voller weergawe te gee van die gay-individu se psigiese ervaringe. Die een duidelike feit wat egter deurgedring het, was dat die gay-paradigma in die Afrikaanse letterkunde nie soveel ontwikkeld was as oorsese kanons nie, bes moontlik weens die streng sensuurwette van die Nasionale Party-regime sedert die 1950's. Om hierdie rede word die bydrae van die Afrikaanse tekste tot hierdie studie waardeer aangesien hulle gepubliseer is in die Neëntiger-jare en duidelik kan bydrae tot die sosiale ervaringe van die gay-subkultuur in Suid-Afrika, wat 'n aanduiding is van die gay-persoon se psigiese struwelinge.

# METODIEK

Hierdie skripsie maak geen aanspraak op enige diepsinnige weergawes van menslike ervaringe nie, maar probeer slegs om die inhoud van literatuur op 'n literêr-semantiese wyse te ontleed. Literatuur mag die werklikheid naboots, of vice versa, maar wat duidelik moontlik is, is dat verskeie dimensies en moontlikhede van ons wêreld se algehele menslike kondisie in die letterkunde na vore kom.

Dieselfde moontlikheid geld vir gay-letterkunde wat een aspek van die algehele menslike kondisie mag verhaal en lesers die geleentheid bied om hul medemens se (sosiale, emosionele en psigiese) ervaringe van nader te beskou. Lesers sal vind dat hierdie studie so veel as moontlik probeer uitvind oor die psige deur middel van teks-analise. Die tekste sal al lesende geanaliseer word, om interpretasie so na as moontlik te hou aan wat die outeurs in die tekste verskaf het. Interpretasies is slegs bereik op grond van wat in die tekste verskyn het. Lesers moet natuurlik besef dat hierdie leser se interpretasies onbewustelik beïnvloed is deur vorige tekste, maar dat daarna gestrewe is om so wetenskaplik as moontlik te wees.

Aanvanklik word die teoretiese aspek van die gay-paradigma met betrekking tot letterkunde aangespreek (hoofstuk een), wat die posisie van die gay-paradigma in literêre kanons sal uitbeeld. Die teoretiese beskouing skep juis die agtergrond vir die volgende hoofstukke wat die ontwakende gay-psige bestudeer binne die konteks van die samelewing wat hulle juis veroordeel. In die tweede hoofstuk word die gay-psige se ontwaking van nader beskou soos uitgebeeld deur sekere literêre karakters, terwyl die sosiale groei van die psige uitgebeeld word deur middel van 'cruising' in die derde hoofstuk. Die laaste hoofstuk fokus, deur middel

van sekere literêre karakters, op die invloed (psigies, emosioneel en sosiaal) wat VIGS het op die gay-samelewing as geheel, sowel as op individue wat VIGS opdoen

## SOSIAAL-ETIESE NORME IN DIE SAMELEWING

Een feit wat deurentyd genoem sal word en wat 'n groot rol speel in die ontwikkeling van die gay-psige, is die invloed wat die samelewing het op die gay-individue en die gay-subkultuur. Die belangrikste rede vir hierdie invloed is juis die sosiale veroordeling wat die gay-individue moet deurmaak, aangesien hul seksuele oriëntasie nie aan die samelewing se morele waardes voldoen nie. Aangesien die meeste lande waarin gay-letterkunde voorkom se moraliteit gebaseer is op Judeo-Christelike waardes, is daar 'n duidelike patroon met betrekking tot die veroordeling waaronder die gay-subkultuur val. Hierdie veroordeling speel 'n enorme emosionele en psigiese rol in die gay-persoon se psigiese belewing van sy sosiale ervaringe. Die sosiaal-etiese kwessie druis op alle vlakke van die gay-individu se bestaan in, aangesien hy nie net deur die samelewing veroordeel word nie, maar sigself aanvanklik veroordeel weens die gesosialiseerde norme wat hy van kleinsaf ontvang het.

Die belangrikste aspek van hierdie kwessie is die norme, konnotasies en selfs wette waarmee die gay-samelewing in kontras kom, en die spesifieke teleurstelling dat daar nie aan die gemeenskap se verwagtinge aangaande manlike stereotipes voldoen word nie. In hierdie sin word die verwagtinge ten opsigte van manlike lede in die samelewing die fokus, aangesien hulle juis simbolies beskou word as die draers en beskermers van die samelewing se norme en kodes. Die gay-man is dus juis die teenoorgestelde simbool van hierdie verwagtinge, wat die samelewing 'pynig' deur nie net die samelewing teleur te stel nie, maar ook verder verswak,

deur nie aan die stereotipe te beantwoord nie. 'n Mens kan jou voorstel dat hierdie situasie verdere sosiale konsternasie veroorsaak omdat die manlike sosiale voorbeeld vir latere generasies ondermyn word. Lesers moet egter in gedagte hou dat hierdie tema op verskeie aspekte in die studie uiting vind, relatief tot die psigiese spanning wat in die gay-karakters uitgebeeld is.

Ten slotte sal soveel aspekte van die gay-psige beskou word as wat nodig is om 'n deurdringende en algehele beeld te weerspieël van hoe die gay-ervaring in die letterkunde uitgebeeld word. Lesers sal vind dat outeurs wat skryf oor die gay-ervaring, telkens sekere outobiografiese ervaringe insluit, of rapporteer oor aangeleenthede wat rondom hulle plaasvind in die gay-subkultuur. Hierdie metodiek gee in 'n sekere sin aan lesers die vrymoedigheid om die ervaringe, wat in die literatuur aangebied word, naastenby te beskou as betroubaar aangesien dit strewe om die werklikheid na te boots, of selfs uit te beeld.

"Gay writing is a thing-in-itself, counting such a variety of voices and points of view that the anthology of short gay fiction-whether by men or by women or by both in a single volume-has become essential simply to introduce the wide range of experiences, of estrangements from the inhospitable culture."

-Ethan Mordden (ed.), Waves (1994: xii)

"A gay work will present gay people-even *nothing but* gay people-"

-Mordden (red.), Waves (1994: xiii)

"...the essential contribution of this fiction is that it addresses our common humanity often by revealing our common gayness-those problems shared by others but which gay people must confront with particular intensity."

Stambolian (red.), Men on Men 2 (1988: 5)

# HOOFSTUK EEN

## 1. 'N TEORETIESE OORSIG VAN DIE AARD VAN GAY-LETTERKUNDE

### 1.0 INLEIDING

Voordat sekere aspekte van die gay-psige bestudeer gaan word deur middel van teks-analise, moet lesers eers bewus wees van verskeie aspekte van die gay-paradigma wat te vinde is in die literatuur, en dat daar selfs verskeie menings bestaan onder die gay-subkultuur van wat "gay-letterkunde" is.

Eerstens moet daar sekere opmerkings gemaak word aangaande die manier waarop verwysings in hierdie studie gemaak sal word, om enige onduidelikheid of dubbelsinnigheid te verhoed. Enigiets wat teen die samelewing se norme en kodes indruis, word van gesosialiseerde oogpunt op 'n veroordelende manier beskou, omdat dit nie aan sosiale norme voldoen nie. Om hierdie rede ontstaan sekere terme en gedagtegange in die gemeenskap, wat later, op een of ander wyse, in die kultuur opgeneem word. 'n Mens mag vind dat hierdie terme en gedagtegange uiteindelik die onderwerp daarvan mag veroordeel, sonder enige feite wat die veroordelings staaf, soos met die gay-gemeenskap. Almal ken verskeie konnotatiewe terme of norme wat in die samelewing uitgedruk word om te verwys na gay-individue, of die gay-gemeenskap. Vir die doel van hierdie tesis sal verskeie terme egter bespreek word om

duidelikheid te verleen aan sekere punte van verwysing, sowel as om in die onpartydige, wetenskaplike gees van die studie in te pas.

## 1.1 TERMINOLOGIE

Een algemene sosiale term wat veral vir die doel van hierdie studie probleme skep, is die woord "homoseksueel", weens die veroordelende sosiale konnotasies wat daaraan verbonde mag wees. Aangesien die term "Homoseksualiteit" as die wetenskaplike term gebruik word om die studieveld te beskryf in verskeie akedemiese velde [bv. sosiologie, sielkunde ens.] is die beswaar teen die gebruik van "homoseksueel" vir gebruik in hierdie skripsie nie soseer weens semantiese redes nie, maar liewers om die wetenskaplikheid te behou. Aangesien Afrikaanse woordeboeke die voorvoegsel "homo-" behandel, maar nie die agtervoegsel bespreek of definieer nie, moes ander bronne gebruik word "-fiel" te ontleed. Uit die Grieks beteken "homo-" vertaal: "dieselfde", terwyl die tweede stam in die term 'homoseksualiteit', dui op die gebied van seksualiteit. Terselfdertyd moet lesers kennis neem van die tweede term, naamlik "homofiel", met "homo" wat dieselfde stam is, terwyl die agtervoegsel "-fiel" ['-phile' in Engels] in <u>The Oxford English Dictionary</u> beskryf word op die volgende maniere: "In Greek, found only in certain personal names, where it means 'dear, beloved'; In Latin often used as a 2nd element in the form -philus, -phila, with sense 'lover, loving' [Simpson en Weiner (red.), 1989: 667]. Die term "homofiel" dui dus op die emosionele aspek van die psige, en gee daardeur in 'n mate uiting aan die individu se psigiese ervaringe, maar beskryf nie ten volle die subkultuur of die lewensstyl van die individu nie.

Vir die doel van hierdie studie is "homoseksueel" verder heeltemal onvanpas, aangesien die tweede stam te veel steun en konnotasies maak met betrekking tot seks. Nes "moffie" wat seker as een van die mees pejoratiewe terme in die Afrikaanse taal beskou kan word, kan "homoseksueel" op dieselfde wyse beskou word omdat dit as woord te veel klem lê op die seksuele vlak van belewenis. Die konnotasies wat aan "homoseksueel" verbonde is, verwys nie waarna dit volgens veronderstelling in der werklikheid moet verwys nie, naamlik 'n man of vrou wat 'n sosiaal, emosioneel en seksueel georiënteerde lewenstyl volg met andere van dieselfde geslag. Hierdie gelade term beskryf geensins die ervaring van die gay-psige of die subkultuur nie, en is daarom onaanvaarbaar vir die doeleindes van hierdie studie, terwyl "homofiel" aspekte van die psige mag belig, en semanties meer neutraal is.

Een woord wat egter histories posgevat het, nie sonder gevoelens daarteen nie (aangesien enige "term" tog 'n mate van skeiding van die genoemde item aandui), is die sleurterm "gay", wat vanuit Engels geleen word. Volgens The Collins Concise Dictionary, Tweede uitgawe (1988) is die betekenis "homoseksueel" aan "gay" toegeskryf. Dit is net The Oxford English Dictionary wat ooreenstem met daardie beskrywing, maar beskryf die gebruik van die term in die verlede (1800's) op die volgende manier: "Hence, in slang use, of a woman: leading an immoral life, living by prostitution" [ Simpson en Weiner (red.) 1989: 409], terwyl die stam van gay toegeskryf word aan die Germaanse term "gai" vanuit die twaalfde eeu. Hennie Aucamp noem in die bloemlesing, Wisselstroom (1990) dat The Queens Vernacular (1972: 93) noem dat die term "gaie" aanvanklik slegs gebruik was met betrekking tot 'n vroue-prostituut. Hy voer ook aan dat die gebruik van die term alreeds in die 16de eeu in Frankryk verwys het na 'n homoseksuele man.[1] Aangesien hierdie term nie soseer semanties dieselfde

[1] Aucamp stel verder voor dat met "die opkoms van Gay Lib in die sewentigerjare het die benaming *gay* [Aucamp se kursief], sosiaal gesien, respektabelheid begin verkry [Aucamp 1990: 10].

konnotasies dra as die andere nie, en histories meer aanvaarding geniet as "homoseksueel", en neutraal is in terme van die verskeie sosiale, emosionele en seksuele aspekte is dit duidelik meer aanvaarbaar op die wetenskaplike vlak. Nog 'n rede waarom die term "gay" in die studie sal dien as term van verwysing, is die feit dat dit as algemene term dien in die literêre paradigma self, sowel as in ander studievelde soos sosiologie en sielkunde. Dit is 'n duidelike aanduiding van die positiewe houding wat bestaan teenoor die term, en regverdig dus die gebruik van die term op alle vlakke in hierdie en andere studies (emosionele, psigiese en kulturele).

In die loop van hierdie studie sal verskeie ander terme ook verduidelik word in die konteks van hul gebruik in die samelewing. Redes vir hul insluiting in die studie is gebaseer op hul volle weergawe van die fokale punt in die praktyk, en hul wetenskaplike aanvaarding en normering.

## 1.2 UNIVERSALITEIT IN GAY-LETTERKUNDE

Die vorige bespreking het in sekere aspekte die sentrale argument van vele teoretici aangeraak, naamlik: Waaroor gaan Gay-literatuur juis? Hierdie vraag moet eers beantwoord word voordat 'n mens 'n idee kan kry van watter soort tekste gekies kan word vir 'n studie van hierdie aard. Om hierdie rede moet verskeie argumente, deur outeurs en teoretici, aangehoor word voordat die kern van die studie aangepak kan word.

In die inleiding tot die bloemlesing <u>Wisselstroom</u> (1990: 9) kom Aucamp tot die gevolgtrekking dat gay-letterkunde op die volgende manier gedefinieer mag word: "letterkunde waarin homoseksualiteit 'n rol speel, primêr, sekondêr, of bloot as 'n suggestie of

'n sensibiliteit". Alhoewel hierdie definisie grotendeels werk, verskaf dit nie genoeg informasie aangaande gay-lewe of gay-ervaringe nie. Om daardie rede is dit nodig om verdere menings in ag te neem om vas te stel watter spesifieke aspekte van die gay-bestaan deur Aucamp se definisie omskryf word sodat 'n mens 'n beter idee kan kry oor hoe homoseksualitieit 'n rol speel in die daaglikse werkheid, en dan uiting kry in die letterkunde. Ethan Mordden beskou sekere literêre bloemlesings van manlike en/of vroulike "gay" werke as noodsaaklik om die verskeidenheid van ervaringe in gay-letterkunde uit te beeld, en meen dat dit waarde het omdat dit 'n dringende gevoel oordra. Hierdie dringendheid dui, volgens Mordden, op die skrywers se vrese aangaande die waarde van hul lewens. Mordden se gevoel is juis dat skrywers deur hul werk lewens analiseer en opteken, ingeval niemand anders die tyd neem om dit te doen nie ["...including themselves" (ibid)]. Hy gaan verder deur voor te stel dat die gay, literêre bloemlesings [soos die Men on Men-reeks, The Faber Book of Gay Short Fiction ens.] die epitoom mag wees van gay-literatuur, omdat dit juis aandring op 'n gedefinieerde gay-lewe, terwyl dit verskeie aspekte van die subkultuur vertoon. Edmund White fokus weer op hierdie "verskeie aspekte" in sy beskouing dat gay-literatuur as 'n "coming out" verhaal optree, soos dit sosiaal die individu se groei aanteken vanaf gay-verlange tot gay-identiteit, en die erkenning daarvan teenoor die gemeenskap. In daardie sin stem White en Mordden ooreen omdat hulle albei die belangrikheid van die gedefinieerde gay-lewe in gay-literatuur aan bod stel.

Stambolian [Men on Men 3 (ed.),1990], en White [The Faber Book of Gay Short Fiction (ed.), 1990] gebruik dieselfde metafoor waardeur gay-fiksie beskou moet word as "coming-out" verhale, in die sosiale sin, aangesien dit verskeie waarhede uitdruk, wat normaalweg onderdruk sou word. Op hierdie manier kan lesers insien dat gay-literatuur insigte verskaf in die gay-subkultuur, en terselfdertyd dien as 'n verteenwoordiging van die gay-individu se lewe.

Die gay-persoon se verhouding met die samelewing word dus beklemtoon as een van die belangriker temas in die paradigma, soos in hierdie skripsie duidelik te sien is.

Lesers vind dus dat hierdie outeurs se mening aandui dat die gay-lewensstyl, meer spesifiek, verskeie aspekte van die gay-subkultuur, in gay-bloemlesings, aangebied word. Op daardie manier word die inhoud van die bloemlesings aanduidend tot wat in werklikheid gebeur, met die doel om die spesifieke te herlei tot die algemene ervaring van 'n gay-individu. Mordden is van mening dat sommige heteroseksuele lesers nie hierdie algemene uitbeelding van die menslike kondisie kan oplet in die uitbeelding van die teks-spesifieke menslike ervaring in gay-literatuur nie.

In sy argument gaan Mordden verder deur aan te dui dat die kwaliteit van die (gay) outeur se werk nie afhang van hoe heteroseksuele karakters oorheers nie, maar liewers van sy verbeeldingskrag en waarnemingsvermoë. Hy voel dus dat gay-letterkunde nie net gay-mense en hul lewensstyl in die gemeenskap moet uitbeeld nie, maar selfs die reg het om niks anders uit te beeld as net gay-mense en hul lewensstyl nie. Hierdie oortuiging is te sien in sy eie triologie I've a Feeling We're Not in Kansas Anymore, Buddies en Everybody Loves You waarin 'n groep gay-vriende se lewens in New York uitgebeeld word, te midde van die lewe in die stad. Verskeie vriendskaplike verhoudings vorm die kern van die bundels kortverhale, en vriendskappe met heteroseksuele vriende (manlik en vroulik) word ook uitgebeeld, soos in talle gay-werke. Hy fokus duidelik slegs op die gay-kultuur in die groot stad en die belewing van die gay-ervaringe, deur middel van sy karakters. Mordden probeer soveel as moontlik in sy werk fokus op die ervaringe van gay-karakters, sodat dit amper voorkom asof daar geen ander mense in die wêreld is nie.

## 1.3 EKSKLUSIWITEIT IN GAY-LETTERKUNDE

Lesers moet besef dat Mordden se posisie as outeur 'n reaksie kan wees op gemeenskaplike beskouings en optredes teenoor die gay-subkultuur. Deur middel van sy werk, veral Buddies kry lesers die geleentheid om 'n groot deursnit van die gay-lewensstyl te aanskou, sowel as verskeie aspekte wat gedurig in die gay-samelewing vorendag kom (bv. verhoudings tussen pa's en seuns, vriendskappe, gesinsverhoudings en gay, kulturele sensibiliteite). In die bundel Buddies, onder andere,vind 'n mens dus die beklemtoning van Mordden se uitlating in Waves (1994: xii): "Consider the typical gay books: There aren't any". Deur die afgelope drie dekades in verskeie fases te beskou, probeer Mordden om hierdie stelling in sy rede te beklemtoon wanneer hy verskeie belangrike gay-werke opsom, met betrekking tot hul bydrae tot gay-letterkunde, en daardeur bereik hy sekere gevolgtrekkings wat die baan en inhoud van gay-letterkunde syns insiens probeer vaslê. Met verskeie gay-werke wat tegnies probeer het om te beantwoord aan die norme en verwagtinge van die heteroseksuele gemeenskap is Mordden ongelukkig, maar vereer juis vroeëre werke in die Sestigs en vroeg-Sewentigs omdat hulle darem openlik gay was [bv. John Rechy se City of Night (1963) en Forgetting Elena (1973) deur Edmund White.]

Mordden se relaas duur voort wanneer hy Edmund White se Nocturnes for the King of Naples (1978), Larry Kramer se werk Faggots (1978) en Andrew Holleran se Dancer from the Dance (1978) dokumenteer as drie werke wat die vreeslose Post-Stonewall gay-lewensstyl en gees van die subkultuur, opgesom het, selfs nadat gay letterkunde in die vroeg-Sewentigs volgens hom feitlik tot 'n stilstand gekom het. Sekere werke beskryf hy as 'beautiful books', maar

Mordden voel dat hul bydrae tot die gay-literatuur ondermyn was deur die feit dat hulle telkens egosentries was. Daar is egter geen aanduiding dat die estetiese werke nie bygedra het nie, aangesien daar tog aspekte van die gay-subkultuur en lewenstyl was wat deurgedring het.. Die gevoel dat gay-literatuur dag-tot-dag ervaringe moes uitbeeld, is die een aspek wat vir Mordden allerbelangriks voorkom, waarin seksualiteit, verskeie gay-lokale, daaglikse lewenstyle, kodes en gewoontes aan die orde van die dag was. David Leavitt keur juis die gewoontes van die Sewentiger gay-kultuur af, veral die fokus op fisieke aantreklikheid, wat volgens hom 'n slegte voorbeeld voorgehou het van gay-gewoontes (o.a. in Andrew Holleran se Dancer from the Dance). Leavitt stel voor dat hierdie fantasieë na aanleiding van fisieke en seksuele aantreklikheid, nie die meerderheid gay-mans in die gemeenskap verteenwoordig nie, omdat dit juis nie die ware toedrag van sake uitbeeld nie. Sy gevoel is dat die uitbeelding dat gay-mans meer as seks wil hê, nie ten volle in die letterkunde aangebied word nie, deurdat daar soms voorgehou word dat dit al is waarna gestreef word ["For contrary to popular opinion, most gay-men *do* want more from their lives than a few decades spent panting after unattainable perfection; indeed, most want relationships based on spiritual as well as physical attraction, which grow more solid as the years go on" (Leavitt and Mitchell (ed.) 1994: xx)]. Hierdie outeur voel dat die sosiale aanname, waar die individu se seksuele identiteit en oriëntasie sentraal staan tot die individu se karakter, nie in die letterkunde oorgedra moet word nie, aangesien dit die gay-skrywer veroordeel en, soos in die gemeenskap, nie die individu gelyke kans gee om as lid van die samelewing op te tree nie.

Leavitt voel dat 'n gay-storie gedefinieer kan word as 'n verhaal wat die aard van die gay-identiteit, die verskeie verhoudings tussen gay-vriende, of met familie, en die ervaring van liefde tussen mans aanpak [Leavitt en Mitchell (ed.) 1995]. George Stambolian betree dieselfde grond, maar gaan verder deur voor te stel dat die doel en toekoms van gay-literatuur,

'n uitbreiding is van die groter argument wat heers in die Amerikaanse gay-subkultuur, aangaande die vryheid en egtheid van regte vir die gay-samelewing. Hy haal Edmund White aan waar hy na die aanvaarding van 'n literêre prys aangemerk het: "...what gay fiction does best is to describe our differences, pinpoint our individualities, express our conflicts and desires, no matter how ill-sorted they may be" [Stambolian (ed.) 1990: 4]. Deur middel van White se stelling kan 'n mens duidelik opmerk dat die literêre paradigma handel oor die beskrywing en uitbeelding van die gay-ervaring, soos Morrden en Leavitt genoem het. Dit is nie 'n verwysing na verskeie norme wat moet geld in die letterkunde nie, maar liewers na die vereiste dat dit onteenseglike waarhede aangaande die gay-lewensstyl uitdruk. White se opmerking gee ook aan lesers te kenne dat gay-literatuur nie slegs 'n politiese rol speel nie, maar dat dit die gay-subkultuur self uitbeeld met al sy swakhede. Op hierdie manier, word verder aangevoer, tree die gay-literatuur dus op as 'n "kulturele instrument" omdat dit juis verskeie seksuele norme bevraagteken, en dit hou in dat daar morele norme aangepak word. Volgens White kan gay-literatuur moontlik 'n dieper sosiale en kulturele funksie vervul, naamlik om die lesse uit die gay-wêreld te gebruik om die wêreld in sy geheel te bereik, met betrekking tot die oplossing van verskille en worstelinge.

Ter ondersteuning van sy argument teen die morele veroordeling van mense, voer David Leavitt aan dat die seksualiteit van die skrywer nie ter sake is in gay-letterkunde nie. Hierdie redenasie is bes moontlik om enige toekomstige vooroordeel teen die skrywer te probeer verhoed. Sy gevoel is, omdat die samelewing hom beskou as 'n gay-skrywer, sal hy altyd 'n gay-skrywer wees, en nie 'n skrywer, wat soms gay-literatuur skryf nie, omdat sy seksuele oriëntasie sy hele karakter voorstel in die oë van die wêreld. Vir Leavitt moet gay-literatuur gay-karakters bevat, en die gay-identiteit moet sentraal wees, om uiting te gee aan die psigiese ervaringe en sosiale lot van die gay-persoon. Lesers moet egter oplet dat ten spyte van sy

geloof dat die gay-karakter en sy ervaringe sentraal moet wees, 'n mens vind dat die uitbeelding van Leavitt eie karakters se seksuele ervarings nie uiting kry nie. Op hierdie manier verswak hy sy eie argument, volgens skrywers soos Mordden en Edmund White, omdat hy volgens White erotiese konservatisme toepas, en daardeur nie ten volle uiting gee aan die gay-ervaring in die letterkunde nie.

## 1.4 DIE IMPAK VAN SEKSUELE ORIËNTASIE OP GAY-LETTERKUNDE

Alhoewel Leavitt se werk, en weergawe van die gay-lewe, meer ontvanklik was onder die hoofstroom (heteroseksuele) kritici omdat dit moreel minder dreigend is teenoor die samelewing, voer Mordden aan dat Leavitt se populêre weergawe van gay-ervaringe, tog inhou wat gay-literatuur moet behandel, die gay-man en sy werklike daaglikse ervaringe. Hierdie werklike ervaringe sluit in die gay-individu se nuwe sosiale families wat bestaan uit die vriendekringe wat ontstaan tydens ervaringe in gay-lokale, te midde van die warboel in stede, en seksualitiet, wat 'n belangrike rol speel in die emosionele lewe van alle mense. Dit is asof seksualiteit dien as 'n teken van die vriendskappe en meegevoel van 'n gay-lewe, te midde van die veroordelende samelewing. Hierdie faktor word terselfdertyd in die gay-letterkunde uitgebeeld as 'n psigies en emosionele verwoestende aspek van gay-belewenis, vanweë die psigiese druk en pyn wat ervaar word tydens emosionele, of slegs seksuele verhoudings. Aangesien 'n deel van die subkultuur seksuele omgang heeltemaal gebruik as medium om uiting te gee, óf aan hul (soms anonieme) seksuele fantasieë, óf aan hul soeke na psigiese en emosionele geluk, vind lesers hoe outeurs aan ekstreme menslike ervaringe uiting gee in die gay-letterkunde. Selfs in die gay-letterkunde word hierdie simboliese pilaar van die subkultuur uitgebeeld met dieselfde dualistiese soeke, soos in latere hoofstukke aangedui sal word.

'n Mens vind dat die seksuele tema in die gay-letterkunde op 'n baie eksplisiete en erotiese manier uiting kry, wat telkens die afkeur dra van die samelewing, alhoewel dit nie verskil van die erotiese werke in die "aanvaarde" kanon nie. Die dualistiese aspek van erotiese en eksplisiete gay-werke is genoem, maar anders as in heteroseksuele werke is die outeurs verdeeld, afhangende of die uitbeelding van die erotiese onbeskaamd plaasvind, óf as werke van 'n nie-eksplisiete aard is. Mordden is krities oor die feit dat sekere outeurs wel die seksuele aspek nalaat, of dat die seksuele in sommige gay-werke wel uitgebeeld word, maar dan volgens die standaarde van heteroseksuele werke. Aangesien die seksuele uiting kry as 'n belangrike psigiese en sosiale faktor in 'n gay-individu, voel outeurs soos Mordden, Felice Picano en andere dat dit ten volle uiting moet kry in die literatuur. Hierdie gevoel word bevestig deur Mordden se suggesties dat die seksuele aspek deel van die gay-subkultuur is, soos met die heteroseksuele samelewing. Edmund White dra ook by tot die argument aangaande die uitbeelding van seksualiteit in gay-literatuur, waar hy aandui dat hierdie argument die gay-gemeenskap self verdeel het. Hy rapporteer dat die verskeidenheid menings dus 'n groter sosiale argument aanraak, aangaande die verantwoordelikheid al dan nie wat skrywers het, ten aansien van die uitbeelding van seksuele omgang in die literatuur. White voel self dat enige sensuur egter onaanvaarbaar is, aangesien hy glo dat emosionele, sosiale en kulturele bande net so beskrywend beskou kan word as seksuele gewoontes. In die lig van hierdie argument haal hy vir Felice Picano aan wat glo dat gay-skrywers wat nie seksuele omgang in hul werke uitbeeld nie, as verraaiers beskou moet word. Sy gevoel is dat dit seksualitiet is wat homoseksualiteit definieer, en dat deur dit weg te laat uit gay-werke slegs 'n vorm is van, soos hy dit stel "internalized homophobia" is [The Faber Book of Gay Short Fiction, White (ed.) 1991: xvii]. Hierdie militante houding insinueer dus dat Picano sekere skrywers beskuldig van skynheiligheid, en weens sy siniese gesindheid stel hy homself op

teenoor skrywers soos David Leavitt wat meer konserwatief is ten opsigte van die uitbeelding van die seksuele in sy werke. White tree in 'n sekere sin op as skeidsregter en dui daarop dat die gay-letterkunde 'n balans moet bereik, en nie moet nalaat om die volle gay-ervaring uit te beeld nie (insluitende die seksuele aspek).

## 1.5 SEKSUALITEIT EN SUB-KULTUUR IN GAY-LETTERKUNDE

In die gay-literatuur word die debat tussen hoeveel seksualiteit ingesluit moet word dus voortgesit romdom die punt van hoe onafskeidbaar dit uitgebeeld moet word van die subkultuur, al dan nie. Verskeie werke word in hierdie skripsie genoem omdat hul die debat aanraak, maar hulle sal nie opgevolg word nie, aangesien die debat slegs 'n newe-produk van verskillende benaderings tot seksualiteit, in die subkultuur is, en nie van kernbelang vir die skripsie is nie. Die werklike impak van die argument vorm nie naastenby die grondslag vir die studie nie, aangesien seksualiteit, soos met die heteroseksuele, nie die gay-psige oorheers nie. As gevolg van sekere outeurs wat slegs seksualiteit eksplisiet in hul werke gebruik het, het die hele gay-subkultuur natuurlik gely onder die sterk kritiek van heteroseksuele kritici. Die feit bly tog staan dat die erotiese en seksuele in die gay-literatuur oor die algemeen as deel van die kultuur beskou word, selfs met die voorkoms van VIGS-literatuur wat in die laaste dekade na vore getree het om die psigiese, sosiale en emosionele gevolge van die era van promiskuïteit, en liefde in 'n tyd van Epidemie, die Tagtiger-jare (1980's), uit te beeld.

Volgens Stambolian het die gay-literatuur die verwagting oorskry dat dit slegs 'n uitbeelding sou wees van gay, seksuele en erotiese fantasieë, aangesien dit self bygedra het tot die morele en etiese argumente wat in die samelewing ontstaan het. Dit is volgens hom asof die gay-

literatuur vanweë die spesifieke aard van die inhoud begin optree as 'n "moral art" [Stambolian 1990: 6]. Aangesien gay-letterkunde lewens uitbeeld wat in kontras staan tot die norme en mores van die omliggende gemeenskap, dra dit by tot sekere morele en etiese argumente. Stambolian glo dat die gay-letterkunde nie in isolasie staan tot die res van die samelewing nie, omdat dit vanuit spesifieke gemeenskaplike en historiese toestande gespruit het. Met betrekking tot die reeks versamelwerke waar hy as redakteur opgetree het, glo Stambolian dus dat die verhale 'n gees van historiese werkilikheid met betrekking tot die gay-ervaring moes besit. Hierdie werklikheid kan in 'n sekere sin dien as 'n standaard vir die ervaringe wat uitgebeeld is in die gay-literatuur. Weens die verskeidenheid van skrywers en hul temas, is dit duidelik dat gay werke nie beperk word tot spesifieke temas nie, maar dat die spektrum vàn ervaring die relevansie van die paradigma uitbeeld op alle vlak. Sodoende word die gay-ervaring uitgebeeld op 'n manier wat bevestig dat nie net een aspek van ervaring uitgebeeld word nie (bv. die seksuele of erotiese), maar dat alle aspekte van belewenis vertoon word. Deur middel van gay-letterkunde word die menslike kondisie in die algemeen uitgebeeld volgens Stambolian [1988: 5], aangesien die werke verskeie probleme belig wat alle mense ervaar, maar waarmee mense in die gay-samelewing meer in kontak kom.

In hierdie skripsie sal die verskeie aspekte van gay-literatuur aangeraak word, om so veel as moontlik die gay-psige te ondersoek deur middel van letterkunde, deur te fokus op die verskeie gebiede wat genoem is. Lesers moet kennis neem dat die werke wat bespreek gaan word, 'n breë deursnit van die gay-letterkunde bevat, om die belangrikste aspekte van die gay-psige te bestudeer, soos dit deur middel van die karakterisering en beriggewing aangebied is. Die belangrikste punt wat vorendag gekom het, was dat alhoewel die verskeie outeurs en kritici merendeels op sekere argumente of aanbiedings van ervaringe verskil het, hulle min of meer ooreengestem het oor die feit dat die gay-letterkunde die sosiale kodes en gewoontes van

die daaglikse gay-ervaringe moes dra. Hierdie punt is belangrik, aangesien die literêre werke in die skripsie sal dien as die basis van enige argument, synde die weerspieëling van menslike ervaringe in die gay-subkultuur. Om in Mordden se woorde op te som: "Ironically, gay lit's most invigorating concern is to set down the data on what being gay is really like, how it feels from the inside of the world that is an alternative to this one: A gay man, or woman, views life...That surely is what a gay book might be..." [Mordden 1995: xxxv]. Stambolian glo weer dat gay-fiksie 'n verskeidenheid menslike verhoudings moet uitbeeld, en daardeur gemeenskaplike weersprekings openbaar, terwyl dit optree as a instrument om die "fears, desires and contradictions," van die gay-lewe aan te teken, en oplossings aan te bied deur middel van die gay-letterkunde.

Volgens White gee die gay-literatuur aan skrywers die geleentheid om die stories van gay-lewe te vertel, nie net deur hul verledes uit te beeld nie, maar om terselfdertyd die toekoms te skep, terwyl die onthulling van hul psiges en identiteite self skeppend daartoe bydra. White is van mening dat die eerste stap van gay-literatuur juis moet wees om gay-verlange te assimileer in die konteks van die self, òf as ongeldigheid, òf universaliteit. Op hierdie manier raak hy dus aan die argumente aangaande die moontlikheid van 'n universele gay-psige, sowel as die verantwoordelikheid wat gay-literatuur volgens hom het, om die gay-individu se struwelinge in die gemeenskap uit te beeld. White erken dat aangesien een van die gay-letterkunde se doeleindes juis is om die gay-psige en identiteit uit te beeld, te midde van die erkenning van gay-verlange, dit tog hand-aan-hand gaan met die bevestiging van die gay, seksuele identiteit. Volgens hom bevat die gay-literatuur egter 'n dubbele erfenis omdat skrywers steeds verplig voel om apologie aan die wêreld te bied, terwyl dit terselfdertyd die ambisie het om aan die gay-subkultuur se ervaringe uiting te gee. Vir White is dit asof literatuur die gay-gemeenskap

se sterkste reaksie tot krisisse (soos die VIGS-epidemie ens.) is, soos dit die lewens van ander beskryf wat wegkwyn aan die epidemie, en wie se verhale kortgeknip word.

# AANTEKENINGE

Die manier van ondersoek wat in hierdie skripsie gevolg sal word, is uiteengesit in hierdie hoofstuk, sowel as verskeie menings oor wat die gay-literatuur eintlik behels, of veronderstel is om te behels. Daar word bevind dat verskeie kritici menings gelug het, oor wat in die gay-literatuur moet verskyn en dat daar duidelike ooreenkomste was in hul mening, alhoewel hulle nie almal dieselfde menings gehad het nie. Hierdie verskeie menings word gepropageer deur individue wat sowel skrywers as bekende literatore is wat dus *probeer* om daaglikse ervaringe van die werklikheid op te teken.

Mordden, Stambolian, Leavitt en White het oor sekere aspekte nie altyd saamgestem nie, maar het wel soortgelyke idees uitgespreek oor wat die inhoud van die gay-literatuur moes wees. Al drie literatore het gevoel dat hierdie paradigma verskeie aspekte van die gay-subkultuur moes uitbeeld, terwyl dit die algehele menslike kondisie moes uitbeeld (van gay-individue). Ethan Mordden het gevoel dat gay-literatuur selfs die reg het om niks anders as gay-mense, of die gay-subkultuur uit te beeld nie, terwyl Leavitt insgelyks aangedui het dat gay-verhale die aard van die gay-identiteit moes aandui. Hierdie skripsie sluit aan by hierdie twee argumente in dié opsig dat die gay-paradigma die individu se ervarings, op 'n universele manier uitbeeld. Op hierdie manier vind 'n mens dat die werke waarop hierdie skripsie steun, 'n groter aspek van gay-lewe uitbeeld, en daarom met David Leavitt saamstem dat gay-literatuur nie slegs die seksuele en fisieke fantasieë van die individu ten toon stel nie. Vir Leavitt, en selfs Ethan Morrden, gaan gay-literatuur oor die verskeie verhoudings tussen gay-vriende, familie, minnaars en veral die aard van hoe die gay-psige ontwikkel en reageer op al hierdie daaglikse

# HOOFSTUK TWEE

## 2. DIE ONTWIKKELING VAN DIE GAY-PSIGE

### 2.0 INLEIDING

Na aanleiding van die teorie wat bespreek is, sal verskeie literêre werke in hierdie hoofstuk van nader beskou word om 'n beter insig te gee op die ontwikkeling van die gay-psige. Hierdie afdeling sal verskeie psigiese, sosiale en emosionele aspekte aanraak wat verder in die hoofstuk met literêre bewyse ondersteun sal word. Alvorens die literêre werke aangepak word, moet die sosiale posisie van die ontwikkelende jong man in die samelewing ondersoek en verstaan word, voordat daar 'n alomvattende ondersoek gedoen kan word met betrekking tot die ontwikkelende gay-psige.

### 2.1 AGTERGROND TOT DIE ONTWIKKELING VAN DIE GAY-PSIGE

'n Jong man in enige samelewing is altyd onder geweldige druk van die samelewing. Daar word sekere sosiale verwagtinge geplaas op jong mans, veral om te ontwikkel volgens die samelewing se verwagtinge. Die jong gay-individu moet verskeie sosiale norme probeer nastreef en daaraan beantwoord, weens die gemeenskap se verwagtinge. In <u>Modern Homosexualities</u> [Plummer (red.) (1992)] noem Peter Davies in sy artikel 'The role of disclosure in coming out among gay men' : "man on the brink of coming out (therefore)

inhabits a social matrix, a social structure which assumes, expects, and enforces heterosexuality" (Davies 1992: 76). Die individu word van kleinsaf gesosialiseer om die gemeenskap se sosiale verwagtinge te eerbiedig en aan te leer. Heteroseksualiteit word gesosialiseer en verwag, en as vanselfsprekend aanvaar deur die sosiale struktuur wat dit bekragtig en dit is die norm waarmee die ontwikkelende gay-individu in teenstand gaan kom.

Die man wat uit die kas wil tree ('coming out'), kom tot 'n besef dat hy nie in staat is om genoemde sosiale verwagtinge te beantwoord nie (Davies 1992). Die jong gay-man ervaar emosies en seksuele gevoelens wat nie met die gemeenskap se verwagtinge vereenselwig kan word nie, aangesien hy gesosialiseer was in terme van heteroseksuele norme en verwagtinge. Davies (1992: 76) gaan verder deur aan te voer: "It is tautological...that these desires (met verwysing na heteroseksualiteit) have themselves been engendered in that individual by the interaction of his body with the social structure". Die ontwikkelende gay-man bevind homself psigies en emosioneel in 'n geveg met die norme en verwagtinge wat die gemeenskap ingeboesem het tydens sosialisasie. Hieruit is duidelik dat dit aandui dat wanneer gay-gevoelens besef word (individuasie op 'n psigiese en emosionele vlak), dit gebeur as interaksie met die oorweldigende norme van die heteroseksuele gemeenskap, wat teenstrydig is met die ontwikkelende homofiele gemoedere.

Davies (1992) noem vervolgens dat die gay-individu self worstel met die gesosialiseerde mening dat om gay te wees is om 'degraded, denounced, devalued, or treated as different' [Plummer (1975: 175)] te wees, wat verdere psigiese druk plaas op die individu. Die jong gay-man kan daarvolgens óf sy gevoelens ontken en die sosiale verwagtinge aanvaar, óf met die teenstrydige leef en leer om sy ontwikkelende, homofiele sensibiliteite te aanvaar. Hy kan sy gevoelens dus onderdruk en voldoen aan die gemeenskap se eie verwagtinge, óf homself

aanvaar en uit die kas kom. Om 'n kompromie te probeer bewerkstellig waar beide die samelewing en die self bevredig is, is dit bewese om hewige emosionele druk op die person te plaas (Davies 1992: 77).

Vir lesers om die belang van selfaanvaarding te besef, in terme van die psige, moet die uitdaging van die uitkom-proses, wat die jong gay-psige mee worstel, verstaan word. Die uitkom-proses[3] behels twee hoofsaaklike fases; eerstens is die interne 'siel-kundige' proses waardeur jong mans gay-gevoelens in hulself erken. Die term wat hierdie ontwaking tot die besef van gay-sensibiliteit[4] die beste beskryf is: 'individuasie' [Davies (1992: 76)]. Individuasie is soms 'n pynlike ervaring omdat daar telkens emosionele verwagtinge is van heteroseksuele verhoudings, waarin jong mans betrokke mag wees wanneer hulle tot 'inkering' kom. Hierdie verhoudings word telkens gebruik om gay-sensibiliteite te verberg, ontken en ontvlug. Individuasie gaan gepaard met sowel psigiese, emosionele en seksuele ontwakings, as met wroeginge van dieselfde aard. Daar is telkens tye wanneer daar na gay-verhoudings verlang word tydens die ontwakingsproses of selfs net emosionele verlange ontstaan na ander jong mans. Uit vrees vir verwerping word hierdie emosies onderdruk, veral as daar nog nie 'n naam gegee is aan hulle (die emosies) nie, of as die aard van die emosies nie verstaan word nie. Hierdie aspek sal belig word wanneer gefokus word op Timothy Ireland se verhaal <u>Who lies inside</u> (1984) en Michael Grumley se <u>Life Drawing</u> (1991).

---

[3] Die term "uitkomsproses" is 'n direkte vertaling van die Engelse term "coming-out", maar omdat daardie term meer geassosieer word met die sosiale, as met die interne sielkundige proses wat Davies (1992: 76) daaraan toeskryf, word die term "coming-out" in die skripsie gebruik omdat dit in die gemeenskap slegs betekenis dra as verwysing na die sosiale proses.

[4] Met 'gay-sensibiliteit' word verwys na die ontvanklikheid en gevoeligheid teenoor ander jong mans wat begin ontwaak in die jong gay-persoon.

Die gay-persoon se besef en aanvaarding van eie gevoelens laat egter toe dat hy weg kan breek van heteroseksuele verwagtinge. Die tweede fase van uitkom is die individuasie-proses, die aanvanklike emosionele ervaring wat hand-aan-hand gaan met die idee van "disclosure"[5] ('coming-out') d.w.s om sosiaal te erken dat 'n mens gay is (Davies 1995: 76).

Die gay-persoon vind hulself telkens tydens ontwaking en individuasie in teenstand met die norme van die (heteroseksuele) gemeenskap, en daarom verg dit moed om sosiale druk en verwagtinge teen te staan. Die individuasie-proses plaas nie net eksterne druk op die individu nie, maar ook interne psigiese en emosionele druk. Weens hierdie gesamentlike spanning word die individu gedruk tot 'n punt waar een van die twee psigies uiting kry. In 'n sekere sin word die individu verplig om weg te beweeg van die sosiale skerm wat hulle opgerig het en uiting te gee aan die groeiende gay-sensibiliteite, of 'n lewe van leuens te lei waarin daar aan die gemeenskap se verwagtinge beantwoord word. Die individu streef daarna om sy gay-sensibiliteit te evalueer om sy ontwikkelende sosiale en emosionele posisie te verstaan.

As die individu sy gay-wees probeer uitleef deur in die gay-milieu sosiaal te verkeer, kan sy aksies nog nie as die uittrede uit die kas beskou word nie, aangesien dit steeds 'n eksperimentele element het. Hierdie eksperimentele fase dra egter by tot die opbouende psigiese spanning wat begin het met die eerste eggo's van gay-sensibiliteite, wat tot individuasie gelei het. Slegs nadat die individu sy individuasie beleef het, en interne psigiese vrede daarmee gemaak het, begin die jong gay-individu dink aan uittrede uit die kas

[5] Davies beskryf 'disclosure' as die erkenning deur die individu, aan die gemeenskap as geheel dat hy/sy gay is.

["disclosure" (ibid)]. Die literêre werke sal aandui dat hierdie sensibiliteite relatief is tot die emosionele volwassenheid van die individue, en definitief *beïnvloed* word deur die samelewing se sosiale norme en verwagtinge, sowel as die individu se eie aanvaarding of verstandhouding ten aansien van gehoorsaamheid aan daardie norme. In daardie opsig verskil die manier van die ontwaking van die gay-sensibiliteite, maar die belang van die sosiale norme, wat gepaard gaan met die verantwoordelikheid om die norme te gehoorsaam, word universeel beleef. Met betrekking tot alle aspekte van die psige vanaf ontwaking en individuasie, tot die rewolusionêre gewoonte van cruising, is daar duidelike wete dat die uitleef van die verskeie aspekte van die gay-psige in kontras staan tot die norme en verwagtinge van die samelewing.

Dit word duidelik dat die rol van die samelewing een van die allerbelangrikste faktore is wat 'n invloed het op elke individu op aarde vanaf geboorte tot die dood. Wanneer die literêre werke onder die soeklig val om die ervaringe van gay-individue en die gay-psige bloot te lê, sal die alledaagse interaksie met die samelewing (en daardeur sosiale norme) duideliker uitgebeeld word met betrekking tot die gay-psige. Dit is onmoontlik om die ontwikkeling van die menslike psige los van die samelewing te beskou, en dit is 'n feit wat bekragtig sal word deur die analises van die literêre werke in die volgende hoofstukke. Hierdie invloed is in elke gay-teks gevind en daarom moes die impak van die samelewing op die psige (en verskillende aspekte daarvan) in verskeie werke individueel bespreek word om die presiese reaksie van die gay-psige met betrekking tot die individue in die verhale aan te teken. Die impak van die samelewing is duidelik te aanskou, maar moet slegs gesien word binne die konteks van die reaksie van die gay-psige teenoor die samelewing se norme en verwagtinge, en nie as die *oorsprong* van die aksies en sensibiliteite wat in 'n gay-individu ontwikkel nie. Die ondersteuning vir hierdie feit is weer eens te vinde in die werke wat hierna geanaliseer sal word.

### 2.1.1 DIE IMPAK VAN SOSIALE VERWAGTINGE OP DIE ONTWIKKELENDE GAY-PSIGE

Michael Grumley se uitkomroman Life Drawing (1991) ontbloot die posisie waarin die jong, ontwikkelende gay-adolessent geplaas word. Edmund White gee in die voorwoord te kenne dat die roman outobiografies mag wees en dat Grumley sy ervarings as gay-jeugdige uitgebeeld het. Die verhaal van die hoofkarakter, Mikey, se groei van jong seun tot jong gay-man, word vertel. Sy kinderjare in die 1950's word aangebied as die normale groei van enige jong Amerikaanse seun van daardie tydperk ('n hegte gesinslewe, vakansies saam en gesonde bekoring met die wonder-uitvindsel van daardie era, die televisie): "Our parents were as American as they could be, and we were their sons" [Grumley (1991: 9)]. Met hierdie stelling kan 'n mens dadelik aflei wat die spreker wil oordra ten opsigte van die verhouding wat bestaan het tussen ouers en kinders. Kinders het probeer om so Amerikaans soos hul ouers te wees en dieselfde waardes na te streef.

Dit is duidelik dat die karakter, Mikey, as jong kind reeds aan die gewoontes van sy gemeenskap voldoen het deur in sy ouers se voetspore te volg soos enige jong kind maar doen. In sy vroeër tienderjare word lesers eers bewus van 'n verandering in die karakter se sosiale optrede. Mikey begin as tiener 'n belangstelling in kuns toon, wat normaalweg selde gebeur onder manlike tieners in sy gemeenskap. Ten spyte van sy ouers se aanmoediging, het Mikey besef dat hul sosiale verwagtinge nie ver agter was nie: "However much I was encouraged in my creative pursuits, I was never unaware of my parents' expectations for me, as regarded self-sufficiency, as regarded making a living. Domestic upper-middle class life was

where we were all bound, my brothers and I; we were raised to be family men" [ Grumley (1991: 23)]. Wat die verteller wil oordra, is dat die karakter se liefde vir kuns geen gebruik sou hê in die bereiking van die sosiale verwagtinge wat sy ouers gekoester het nie. Die karakter kom tot 'n besef dat persoonlike drome 'n mindere plek sou inneem met betrekking tot die sosiale vereistes van sy onmiddellike samelewing.

Reeds van so 'n vroeë stadium van sy lewe kan die outeur 'n beskrywing gee van sosiale verwagtinge. Weens die Amerikaanse Depressie se invloed op sy pa se lewe kan die spreker selfs 'n aanduiding gee van die sosiale stand wat sy ouers sê hy sal kan beklee [d.w.s. "upper-middle class" (ibid)]. Hierdie verwagtinge word geplaas op die tweede geslag van Mikey se familie weens hul ouers se ervaringe as kinders tydens die Amerikaanse Depressie. Lesers moet ook fokus op die uiting : "...we were raised to be family men..." (ibid) aangesien hierdie konsep myns insiens die stereotipiese verwagtinge dra wat van kleinsaf in alle mans, in die Westerse wêreld, ingeboesem word. Mans word gevorm rondom die tradisies van hul voorvaders, afhangende van die relatiewe verhouding tot die gemeenskap, waarin hulle grootgemaak word. Hulle moes manlike karaktertrekke hê, sonder enige afwykings van die gemeenskaplike norme. Enige afwykende tekens soos verwyfdheid was normaalweg redes vir teleurstelling, verleentheid en sosiale druk. Mikey se ouers het dit as vanselfsprekend aanvaar dat hy in heteroseksuele verhoudings betrek sou word, sou trou met 'n vrou, en kinders sou grootmaak volgens aanvaarde sosiale norme (Grumley 1991: 23). Hy sou dus die beskermheer word van sy gesin en sorg dat sy kinders op hul beurt suksesvol ingelyf sou word as draers van gemeenskaplike norme.

As jong seuns is Mikey en sy broers aangemoedig om deel te word van hul onoffsiële opleiding in die manlike stereotipes wat die Boy Scouts aanmoedig. Manlike, sosiale bande word 'n fokus

vir Mikey gedurende deelname aan die Boy Scouts ["The boyness of Boy Scouting is what is signified..." Grumley (1991: 33)]. Die verteller mag aanvoer dat vriendskap en familie-verhoudings saamsmelt deur middel van "Scout"-ideale, byvoorbeeld ideale waar seuns aangemoedig word tot gehoorsaamheid (aan norme) en (familie-)dissipline te eerbiedig, as deel van hul opleiding as sosiaal aanvaarbare jong manne. Hierdie idee klop met Mikey se pa se hoop om "family men" te skep. Lesers word vertel van die bewondering wat Mikey gevoel het teenoor sy swem-instrukteur, John [Grumley (1991: 33)]. 'n Intieme beskrywing word gegee van John se fisieke voorkoms, wat as aanduiding kan dien van 'n onbewuste bewuswording wat hy ervaar ["he was blond and strong-jawed, with a swimmer's shoulders and thighs" (ibid)]. Lesers kry 'n aanduiding van hoe aanloklik en aantreklik hierdie karakter vir Mikey was. Daar is verdere fisieke beskrywings wat John se aanloklikheid tot 'n seksuele vlak voer: "..inching toward him, our shriveled little selves so visibly inferior to his dangling adulthood that we might have been another species entirely" (ibid). Mikey is emosioneel onskuldig, wat afgelei kan word van sy gedagtegang, maar sy sensibiliteit ontwikkel ten opsigte van sy (seksuele) belang in John. Lesers moet onthou dat die eerstepersoonsverteller bes moontlik die volwasse Mikey is, wat die patroon van sy ontwikkelende psige en sensibiliteit probeer vaslê.

Teen die tyd dat die hoofkarakter 'n tiener word, het hy 'n inherente bewondering vir die manlike, gemeenskaplike stereotipe. Die sosiale stereotipe is die ideal waarna die jong man wil strewe sodat hy aanvaar kan word deur sy samelewing ["We liked the men who were tough and callous, men with tattoos winding up their arms. We were all going to be tough" (Grumley 1991: 38)]. 'Manlikheid' was 'n verwagting van emosionele en fisieke ru-heid en stewigheid. Die jong mans moes in sterotipe bedrywighede betrokke wees, want dit was deel van die tuisdorp se kultuur. Familie-verbande word uitgebeeld in terme van die patriargale skoolloopbane ["Families came in tiers, brothers and cousins standing upon one another's shoulders-the

football team had Shusters and Laymans for decades" (Grumley 1991: 35)]. Hulle was modelle vir die jongmans en wie se skoene volgestaan moes word. Dorpseuns se tienderjare is, volgens Mikey, vereenselwig met die reuk van die omliggende plase, die treitering van jong meisies, sosiale onverantwoordelikheid en seksuele ontwaking. Na adolessensie het hulle getrou, en vinnig verouder weens hul sosiale en familie verantwoordelikhede.

Die karakter se seksuele groei word aangehelp deur hul pa, soos dit met vele ander tieners gebeur. Hy neem dit op homself om sy seun in te lig oor 'n man se seksuele 'verantwoordelikhede'. Hul pa dra 'n houding oor wat deur vele manlike geslagte gehou was: "Dad let us know that aggression was the key, that in sexual matters we were to take what we wanted without asking for a by-your-leave from our partners. Lust was acknowledged by all to be a relentless thing for the male-" (Grumley 1991: 40). Mikey was aangemoedig om te weet dat mans die dominante spelers moes wees in 'n seksuele verhouding. Seksuele bevrediging, en selfs omgang, is aangemoedig as 'n geleentheid waardeur die man bevredig moes word. Seksuele omgang moes iets wees waaroor jong seuns, volgens Mikey se pa, 'n tipe egosentriese arrogansie moes besit. In sy verhouding met sy vriendin, Samantha, kon Mikey homself nie kry om hierdie patriargale siening uit te leef nie (Grumley 1991: 40). Juis hieroor voel die karakter dat hy sy posisie as manlike adolessent, die draer van patriargale ideale, in die gedrang geplaas het, en hierdie sentimente is later bewaarheid, maar nie op die manier waarop Mikey aanvanklik gedink het nie.

## 2.1.2 DIE ONTWAKING VAN DIE HOOFKARAKTER SE GAY-SENSIBILITEITE IN LIFE DRAWING

In Life Drawing (1991) het die hoofkarakter, Mikey, tot die besef gekom van sy omtwikkelende gay-psige en sy homofiele sensibiliteit weens die fisieke ontwaking van sy gay-sensibiliteite. Aanvanklik is getoon hoe hierdie karakter ook die invloed van sy samelewing moes beleef en sy eie weg moes baan om aan sosiale norme te beantwoord.

Mikey moes op sy beurt bydra tot die voortbestaan en instandhouding van sy samelewing deur die sosiale norme oor te dra aan sy nageslag. Die karakter verwys verder na sy vader se verwagtinge: "He wanted us to have the opportunity to make choices, but to provide for our progeny when the time came" [Grumley (1991: 23)]. Enige ideale wat Mikey dus self gekoester het, moes verplaas word deur dié van die samelewing. Op hierdie manier sou die voortbestaan van die samelewing verseker word deur die norme wat dit aan elke generasie voorgehou het. Die karakter raak toe betrokke in 'n romantiese verhouding met 'n meisie genaamd Samantha. Die verteller noem dat die verhouding die "main affair" was van sy tienerjare [Grumley (1991: 29)]. Tienerlike opgewondenheid is duidelik uitgebeeld in die skrywer se weergawe van die liefdesverhouding. Mikey en Samantha bespreek hul toekomsplanne ten spyte van die feit dat hul mekaar sou verloor as hul drome bewaarheid sou word. Hierdie opmerking word gemaak deur die eerstepersoonsverteller, vermoedelik die ouer Mikey, wat met lewens-ervaring en wysheid kommentaar kon lewer op die situasie. Die twee jongmense het hul verhouding geniet omdat dit sosiale vrede en emosionele sekuriteit aan hulle verskaf het. Die verhouding het vir die hoofkarakter die geleentheid gebied om te ontwikkel as tiener en ook om die lewe te verken (t.o.v. emosionele en fisieke verhoudings). Mikey en

Samantha se verhouding kom egter in hul laaste skooljaar tot 'n einde, wat veroorsaak dat Mikey emosioneel 'n bietjie geknak word (Grumley 1991: 41). Dit is in hierdie tyd dat hy egter met die jong universiteitstudent bevriend raak en 'n kortstondige seksuele verhouding met hom aanknoop.

### 2.1.3 DIE GAY-PSIGE EN FISIEKE ONTWAKING IN LIFE DRAWING

Op sewentienjarige ouderdom ervaar die karakter gevoelens wat, syns insiens, betekenis verleen aan sy wese deurdat sy liggaam seksueel tot volle betekenis blom. Een middag het Mikey seksueel verkeer met 'n ouer manlike student, wat vir hom groter betekenis gehad het as wat hy verwag het. Gedurende sy verhouding met die student ervaar Mikey egter iets wat sy vreedsame sosiale bestaan tot dusver sou bedreig. Die outeur erken dat die adolessente Mikey se psigiese en sosiale sekuruteit verbrokkel het toe hy tot die nuwe kennis van homself gekom het. Die karakter ondervind 'n seksuele ontwaking wat verskil van sy fisieke ervaringe met Samantha. Die karakter se seksuele ontwaking het plaasgevind met die fisieke bewuswording van seksualiteit, wat gedien het as barometer van sy psigiese bewuswording en groei. Hy benader die ervaring met die opgewonde besef dat hy 'n nuwe vlak van ervaring, met betrekking tot sy eie lewe, betree het ["The power of an undiscovered life-a truly adult way of being-came over me..." (Ireland 1984: 43)]. Dit is amper asof die fisieke omgang Mikey op 'n emosionele vlak verlos het. Hy ervaar 'n bevrydheid wat hom met "a rare strength" (ibid) laat. Skielik kom sy siening van homself in kontras met die karaktertrekke wat die gemeenskap (sosiaal en emosioneel) aan hom toegeskryf (as self) en voorgeskryf het, as sosiale wese. Die karakter besef dat daar meer aan homself was as wat hy self geweet het. Mikey het gevoel dat

sy liggaam betekenis en rigting verkry het, en dat 'n geheime, onbekende hoofstuk in sy lewe begin het.

Die hoofkarakter in Life Drawing (1991) kom tot 'n psigiese individuasie, weens die besef dat sy fisiese/seksuele ervaring 'n aanwyser was van daardie aspek van sy wese, wat nog nie tot vervulling ontwikkel het nie. Vir Grumley se karakter is die onuitspreeklike opgewondenheid wat hy seksueel ervaar het met die student, iets natuurliks en opreg, wat aan sy wese rigting en betekenis verskaf het. Die sosiale, sowel as die seksuele, geheimsinnigheid is faktore wat hom verder uitgedaag het om psigiese vervulling te soek met betrekking tot hierdie nuutgevonde vlak van bestaan ["I had never, as far as I could remember been admonished against making love to a man. The subject hadn't come up" (Grumley 1991: 44)]. Die karakter het 'n punt bereik waar individuasie plaasgevind het met die ontdekking van 'n fisieke sensibiliteit, wat daartoe gelei het dat nuwe (psigiese en emosionele) moontlikhede sy vorige, gesosialiseerde ideale begin oorskadu het. Dit het nie vir hom meer saak gemaak hoe aanvaarbaar (of onaanvaarbaar) sy nuwe (psigiese) optrede sou wees nie, maar hy wou tog nie sy sensibiliteit aan iemand bekend maak nie. Hierdie karakter het dus slegs tot die emosionele besef van 'n homofiele sensibiliteit gekom (individuasie), maar was nog nie bereid om tydens sy ontwaking sosiaal na vore te tree nie.

### 2.1.4 DIE ONTWIKKELENDE GAY MAN EN SY INTERAKSIE MET DIE SAMELEWING IN WHO LIES INSIDE (1984)

Who Lies Inside (1984) van Timothy Ireland beskryf die ontbloting en erkenning van die gay-psige wat 'n jong gay-man moet deurmaak en die druk wat op die ontwikkelende gay-psige

geplaas word. In hierdie verhaal kom die karakter, Martin Conway, vreesbevange, tot die besef dat hy 'n homofiele jong man is.

Die hoofkarakter is 'n adolessent wat in sy finale hoërskooljaar is en wat allerweë beskou word as 'n macho, heteroseksuele man. Weens hierdie siening moet Martin aan die gemeenskap se akademiese, emosionele en sosiale verwagtinge probeer voldoen. Daar word van Martin verwag om op te tree volgens die verwagtinge van die samelewing. Op hoërskool speel hy rugby wat vanselfsprekend vereis dat Martin optree met die bruuske vaardigheid van die spel. Dit blyk uit sy vader se entoesiasme en algehele opgewondenheid dat hierdie spel binne die raamwerk val van sosiaal aanvaarbare optrede ["Dad was on the sidelines ecstatic, shouting wild encouragement, cheering us all on" (Ireland 1984: 1)]. Martin word aangemoedig om homself as staatmaker heel-agter te bewys tydens hul wedstryd omdat hul wenposisie bemoeilik word deur 'n vleuel in die ander span: "Make it look as if you'll break his bloody neck. Don't treat him like china, Jumbo[6]. Hurt him." (Ireland 1984: 9). Die druk wat sy vriende op hom plaas, is 'n aanduiding van die sosiale druk waarvoor Martin verantwoording moet gee. As rugbyspeler moes hy manlike karaktertrekke soos fisieke krag en brutaliteit openbaar, om homself te bewys aan sy gemeenskap d.w.s. sy afrigter, spanmaats, toeskouers en ouers. Hierdie brutaliteit is van hom verwag deur sy samelewing, binne die aanvaarde parameters van die spel. Dit is egter duidelik dat daar negatiewe reaksies sou wees as Martin nie aan die vereistes voldoen het nie, weens die 'sosiale' verantwoordelikheid wat deur die spel op spelers geplaas was om te wen.

---

[6] "Jumbo" is die karakter, Martin, se bynaam in die roman Who Lies Inside (1984).

Weens die sport wat Martin gespeel het, is die wen-ideaal ingeboesem as 'n sosiale verwagting en 'n maatstaf vir aanvaarding. Sosiale aanvaarding strek egter verder as die sport-arena in Martin se sosiale milieu. Na sy wedstryd aanvaar Martin se ouers dit as vanselfsprekend dat hy tyd met sy vriende by die plaaslike kroeg sou spandeer, alhoewel hy net tuis wou bly ["Of course he's going out," Dad said loudly, shutting my mother up. "He'll be out drinking with the lads. Celebrating" (Ireland 1984: 13, 14)]. Sy pa was duidelik van mening dat 'n jong man tyd moes deurbring by sy vriende en dat Martin met sy vriende moes wees om fees te vier. Martin is duidelik onrustig oor hierdie druk wat sy pa op hom plaas en voel amper verplig om te gaan. Die seun is baie bewus van sy pa se sosiale verwagtinge, en hierdie druk word beklemtoon deur sy moeder se aanmoediging: " 'Your Dad was pleased with you,' she whispered," (Ireland 1984: 14). 'n Mens kan hieruit aflei dat daar van sy pa se kant verwagtinge van Martin was. Die feit dat sy ma later sê: " I was proud" (Ireland 1984: 15), bewys dat Martin selfs nie van sy liewe ma se verwagtinge kon ontsnap nie. Later word Martin ten opsigte van sy seksualiteit uitgedaag, deur sy pa, weens dié se veronderstelde seksuele ontwikkeling en ondervinding, wanneer hy Martin probeer aanmoedig om seksueel te ontwikkel as heteroseksuele tiener. 'n Parallel kan getrek word met die seksuele aanmoediging en 'instruksie' wat Mikey, Grumley se karakter, van sy pa ontvang het aangaande seksuele verhoudings (Grumley 1991: 40).

Martin bevind homself in emosionele opstand teen wat sy pa (as agent van die gemeenskap) van hom verwag as jong man. Die karakter bevind homself in 'n situasie waar onbekende verwarrende gevoelens besig is om na vore te tree. Sy emosionele onsekerhede het begin met die eienaardige opwinding wat hy ervaar het ten opsigte van Gerald, 'n teenstander in die rugby-wedstryd. Gedurende die wedstryd het beide Martin en Gerald mekaar gevolg met 'n eienaardige verlange om mekaar beter te leer ken. Gerald het selfs sy telefoonnommer in die

geheim aan Martin verskaf. Juis hierdie aksie was vir Martin 'n vreesaanjaende gebeurtenis. Hy kon dit nie verwerk in terme van die norme van vriendskappe waaraan hy gewoond was nie. Gerald het iets onverklaarbaars binne hom verwek. Die stukkie papier waarop Gerald se telefoonnommer was, het vir 'n kort wyle simbool geword vir daardie onverklaarbare gevoel in sy gemoed. Hierdie simboliek word verder gesuggereer binne die konteks van nog 'n geval wat Martin ontstel. Martin se vrese word beklemtoon in die lig van gemeenskaplike gevoelens wat geopper word teen, Charles, 'n gay-man in hul buurt. Die karakter word mishandel deur twee mans in die kroeg waar Martin sy vriende ontmoet. Niemand in die kroeg wou Charles bystaan nie, totdat die kroeg-eienaar self die petalje tot 'n einde gebring het. In die toilet sien Martin hoe Charles met trane die vrees van die ervaring probeer afskud. Na 'n kort gesprek met Charles kom Martin tot die besef hoe eensaam, bevrees en verag Charles gevoel het, weens die manier waarop hy deur mense behandel was.

Martin verstaan skielik dat die opwinding wat hy teenoor Gerald gevoel het, op een of ander manier verwant was aan die episode met Charles, wat hy waargeneem het. Die manier waarop Charles behandel is, het Martin gewalg en veroorsaak dat hy fisiek ongesteld voel en naar word. Hy besef dat die onverklaarbare gevoelens wat in hom ontstaan het teenoor Gerald nie beantwoord kon word nie. Martin raak daarna ontslae van die telefoonnommer wat hy van Gerald gekry het. Dit het vir hom gevoel dat hy soortgelyke sosiale optrede kon verwag, soos dié wat Charles moes deurmaak. Terwyl Martin probeer het om homself emosioneel uit te pluis, het hy tot die besef gekom dat hy besig was om te verander ["But I was changing." (Ireland 1984: 30)]. Hy erken aan homself dat beide sy ervaringe met Gerald en Charles hom diep getref het weens 'n gemoedsaandoening wat onlangs in hom aangewakker is. Wat 'n verdere krisis in Martin se lewe ontketen het, was die ontstellende drang wat hy ervaar het om

Martin wou afstand doen van hierdie vreemdeling en wat 'hy' begin verteenwoordig het in sy lewe, d.w.s. 'n belang in mense van dieselfde geslag [emosioneel gesproke]. Hy was duidelik bevrees oor die moontlike impak wat die vreemdeling in sy lewe kon hê. Die sosiale vrees waarop Martin reageer het, dui op die skade wat die "vreemdeling" aan Martin se sosiale verhoudings kon verrig, as mense sou uitvind wat in sy gemoed aan die ontwikkel was. Die impak van Martin se groeiende homofiele-gemoed sou sy hele lewe verander, weens die feit dat hy as 'n gay-persoon verstoot en verdruk sou word deur daardie mense wat hom liefgehad het, maar wat neergekyk het op mense wat gay was. Hierin kan die leser 'n duidelike vrees vir die samelewing en sy veroordeling onderskei. Juis daarom wou Martin daardie ontwikkelende gevoelens in hom onderdruk en ontken. Martin het besef dat sy nuut-erkende gemoedstemming hom in teenstand sou bring met die norme, en veral die verwagtinge, van die familie en gemeeenskap waarin hy grootgeword het. Hy wou daarom probeer om van hierdie gemoedstemminge te vlug en hulle te onderdruk ["I was afraid of that stranger. I wanted him to go away, step outside my body and shrivel up..., I wanted to destroy him" (Ireland 1984: 31)].

Ten spyte van die opdringende homofiele gevoelens wat Martin ervaar het, het hy steeds probeer om te voldoen aan die gemeenskaplike verwagtinge, deurdat hy hierdie gevoelens probeer ontvlug en ontken het. Die karakter het sy gevoelens probeer ontvlug deur betrokke te raak in 'n heteroseksuele verhouding met, Margaret Turner. Hierdie verhouding het egter min emosionele belang vir hom gehad, en ten spyte daarvan dat hy haar in die verlede admireer het, en later selfs seksueel met haar verkeer het (tydens hul verhouding), het Martin vroeg tydens hul verhouding aan homself erken: "Quite simply, I didn't want her. I didn't want her in the least" (Ireland 1984: 47). Ten spyte van hierdie erkenning het Martin tog seksueel met

haar verkeer omdat hy onder baie sosiale druk verkeer het om homself sogenaamd te 'bewys" as man, aan die samelewing (Ireland 1984: 65- 66).

Hierbo is genoem dat Martin aangetrokke was tot 'n klasmaat, Richard, wat ook duidelik tot hom aangetrokke was. Volgens die skrywer, Ethan Morrden, is die duidelike beskikbaarheid vir 'n gay-verhouding normaalweg 'n aanduiding van homofiele gemoedere ["It's a question of who's emotionally availible and who isn't. I would consider a man who is thus available to a gay man as gay. A man who is thus unavailible is straight..." Mordden (1986: 77)] en Richard is die karakter wat as katalisator optree tydens Martin se individuasie-proses, aangesien hy Martin aanmoedig om 'n verhouding met hom aan te knoop. Martin se ontwikkelende gevoelens vir Richard was natuurlik die vreemde self-aanvaardende emosies van sy ontwikkelende homofiele gemoed ["And all the while I danced with her I was thinking of Richard, and all my feelings for him when I'd seen him dance. I couldn't help wondering what it would be like dancing with him, the two of us holding each other..." (Ireland 1984: 47)]. Daar is dus duidelike bewyse dat sy verhouding met Margaret slegs 'n poging was om sy ontwikkelende homofiele verlange te ontduik, maar dit was duidelik onsuksesvol. In 'n sin was sy verhouding met haar slegs 'n manier om te beantwoord aan die samelewing se verwagtinge, maar duidelik van Martin se kant 'n poging om van die waarheid van sy ontwikkelende sensibiliteit te vlug.

Tydens die verhouding met Margaret, begin Martin 'n vriendskaplike, dog emosionele verhouding met Richard ontwikkel. Die besef dat sy aangetrokkenheid tot Richard eg is, laat Martin weer fokus op sy 'vreemde' gevoelens. Aangesien Richard se toenadering vreesloos was, het Martin besef dat Richard aangetrokke kon wees tot die vreemdeling wat hy in homself onlangs ontdek het ["Richard looked at me pointedly, encouraging me to speak. I felt

as if he was aware of the stranger inside me, recognising him as a friend. My instinct told me I had only to reach out to feel Richard take my hand, but I could not move" (Ireland 1984: 49)]. Weens sy inter-aksie met Richard word Martin se sosiale skuldgevoelens steeds geopenbaar as daardie faktor wat hom angstig maak ["I wanted to reach out and touch him, but I didn't dare. Then, suddenly, perhaps because I was no longer doing what I wanted to do, denying my natural impulse to hold him, a distance came between us (Ireland 1984: 50)]. Martin beken egter aan homself dat hy erkenning moet gee aan hierdie nuwe gevoelens, aangesien hy besef het dat hy eerder Richard se gevoelens sal geniet, as Margaret s'n. Dit word duidelik dat Martin in 'n mate verskeur word deur sy gevoelens, veral omdat hy besef dat hy 'n sosiaal aanvaarbare karakter moet voorhou vir sy gemeenskap wat nie sy ware emosies weergee nie ["I hated myself then. Hated what I was. Hated what I was trying to be. I couldn't destroy the stranger inside me, I could only ignore him, ...I tried to pretend that everything was all right, that I could be complete without him" (Ireland 1984: 60)].

In die tussentyd, is Martin steeds betrokke in die gedoemde verhouding met Margaret aangesien hy nie enige agterdog wou skep oor sy interne emosionele tweespalt nie, en omdat hy nog steeds bang was om sy homofiele gemoedere te erken as sy eie (wat te sien is in die vorige aanhaling). Dit is ook duidelik dat Martin sy "sosiale" posisie verag het omdat hy sy ware gemoed nie aan dié om hom kon openbaar nie. Martin begin egter besef dat hy as persoon nie heel sou wees sonder om die vreemdeling se gemoedstoestand as syne te eien nie. Die werklikheid was dat 'n ander psigiese ingesteldheid [die "stranger"] in homself bestaan het. Om die psigiese tweespalt in homself op te los, moes Martin aan homself erken dat die homofiele-gemoed wat hy onlangs in homself ontdek het, in der waarheid die kern van sy psigiese bestaan was wat hy nie kon ontsnap nie ["And in the glass I seemed to see my own reflection, only it was changed from what it had been before...only now in the way I stood, the

way I held my head, and most of all in the way I felt deep inside, I knew I was the stranger. " (Ireland 1984: 71)]. Martin besef dat wat hy voorgehou het slegs sosiale karaktertrekke was wat ander wou sien, en wat hulle gesê het dat hy was. In der werklikheid besef Martin dat hy die "vreemdeling" was in die skaduwee, maar hy besef hoe die samelewing sou reageer indien hulle sou uitvind.

Hieruit kan lesers aflei dat Martin emosioneel gegroei het na 'n posisie waar individuasie kon plaasvind, omdat hy bereid was om sy eie gay-gemoed te aanvaar. Die karakter moes eers sy eie afkeur van sy gevoelens verwerk, in terme van sy sosialisasie, voordat hy vrede kon maak met die vreemdeling in sy midde. Daarna sou Martin bereid wees om die vreemdeling toe te laat om uit die skadu's van sy wese te kom, en sy regmatige plek te laat inneem, omdat sy bestaan nie sonder hierdie gemoedsgesteldheid eg sou wees nie ["But I had to tell someone. Otherwise I wouldn't exist. Someone had to know me for what I was, who I was" (Ireland 1984: 81)]. Dit is duidelik dat Martin se self-besef en aanvaarding van sy gay-psige sy wroeging beëindig het, en dat die gevoelens wat hy uiteindelik as sy eie erken het, Martin toegelaat het om homself te aanvaar ten spyte van die samelewing se verwagtinge.

Vir lesers is dit nodig om te besef hoe invloedryk die gemeenskap se leerstellings en houdings is vir die jong, groeiende gay-persoon, en dat die groei van die gay-sensibiliteite beïnvloed word daardeur. Op hierdie punt is dit nodig om hierdie idees toe te pas op die Suid-Afrikaanse milieu, aangesien gay-letterkunde as sodanig in onlangse dekades na vore getree het om 'n alternatiewe perspektief te bied aan ons eie samelewing. Die invloed wat sosiale norme op ontwikkelende jong mense uitoefen is enorm, veral as die gemeenskap se norme neersien op dit wat 'n individu beleef. Met betrekking tot die homofiele paradigma in die Suid-Afrikaanse konteks is dit duidelik dat die gay-ervaring nie veel verskil van die in ander Westerse lande nie.

Deur middel van die gay-paradigma in die Afrikaanse letterkunde kry lesers verder insig in die impak wat die samelewing se norme uitoefen op groeiende gay-psige.

## 2.2 DIE ROL VAN DIE SAMELEWING OP DIE ONTWIKKELENDE GAY-PSIGE IN DIE TRADISIONELE SUID-AFRIKAANSE MILIEU

In die Afrikaanse letterkundige tradisie is homofiele letterkunde slegs 'n verskynsel sedert die vroeë sewentigerjare. Daar kan vele redes wees vir hierdie relatief laat verskysel van homofiele suggesties in Afrikaanse letterkunde, maar 'n mens kan nooit met absolute sekerheid redes verskaf nie.

Gay-letterkunde is as 'n genre onbekend binne die Afrikaanse konteks. Die idee van gay-letterkunde staan in kontras met die ideale wat van tevore in die Afrikaanse tradisie tred gehou het met daardie norme, wat in die Afrikaner-samelewing op die voorgrond was. Stereotipering, wat manlike karakters binne die tradisionele kanon betref, word bevraagteken deur die manlike, gay, literêre paradigma. Die homofiele karakter word gepolariseer met die beeld van die Afrikaner-man in diens van die ideale van die Nasionalistiese, Calvinistiese en landelike ideale. Afrikaner-mans in die ouer bedeling is beskou as die stoere, blonde, blou-oog ikone van Calvinistiese, Nasionalistiese en landelike verlange in Suid-Afrika. By implikasie is dit die psigiese, sosiale, emosionele en seksuele stereotipes wat omvergewerp word, as die manlike stereotipe bevraagteken word. 'n Nuwe verhouding word dus uitgebeeld tussen die gay-gemeenskap en die groter samelewing wanneer die gay-paradigma beskou word. Gay-letterkunde lewer grotendeels kommentaar op die individuele ervaring van die gay-lewensstyl

in alle fasette, die gemeenskap se normatiewe verwagtinge en sosiale veroordelings wat die gay-individu deurgemaak het.

In die (Suid-)Afrikaanse kanon bestaan bittermin letterkunde aangaande die ontwikkelende gay-psige. Oorsese literatuur is veel ryker ten opsigte van letterkunde oor die gay-ervaring, as wat in Suid-Afrikaanse letterkunde bestaan vanweë verskeie sosiale "rewolusies" oorsee en die aard van vorige sosiale sisteme in Suid-Afrika wat die groei van gay-letterkunde verhoed het.

'n Kanon van uitkomromans ( 'coming-out novels' ) bestaan in oorsese literêre kanons soos te sien is in die voorafgaande hoofstukke o.a. in Amerika: Edmund White se A Boy's Own Story (1984), Michael Grumley se Life Drawing (1991), Blackbird (1986) deur Larry Duplechalen, Brian Bouldrey se The Genius of Desire (1993), in Brittanje: Street Lavender (1986) deur Chris Hunt en Who Lies Inside (1984) deur Timothy Ireland en die Spanjaard Agustin Gomez-Arcos se bekroonde The Carnivorous Lamb (1975). Afrikaanse uitkomsromans of uitkomsverhale is baie skaars in die kanon. Die kortverhaalskrywer Koos Prinsloo se bundel Slagplaas (1992) bevat een verhaal aangaande ontwikkelende gay-sensibiliteite, terwyl Danie Botha in sy onlangse bundel Die Soft Rock Klub (1995) in Afrikaans verslag gelewer het oor ontwikkelende homofiele sensibiliteite. Aangesien Botha se bundel 'n hele aantal aspekte van die gay-ervaring probeer uitbeeld teen die agtergrond van die normatiewe Afrikaner-samelewing, sal 'n aantal verhale in detail bespreek word.

## 2.2.1 DIE EFFEK VAN DIE SAMELEWING EN SY NORME OP DIE ONTWIKKELENDE GAY-PSIGE IN DIE SOFT ROCK KLUB (1995)

Hennie Aucamp druk in Wisselstroom (1990: 199) uit hoe negatief homoseksualiteit eintlik beskou word in die Suid-Afrikaanse konteks, deur die leser se aandag te vestig op die sosiale veroordeling en beswaddering wat die gay-subkultuur moet verduur. Binne die konteks van hierdie studie sal Danie Botha se kortverhaalbundel Die Soft Rock Klub (1995) gebruik word om die Suid-Afrikaanse posisie te belig aangaande die ontwikkelende, jong, gay-man. Daar sal eerstens gefokus word op die sosiale posisie waarin die karakters hulself bevind (in terme van hul ontwikkelende gay-sensibiliteite) en daarna sal gefokus word op die psigiese ervaringe wat ontwikkelende gay-mans ervaar.

Die eerste afdeling van die bundel kan as 'n eenheid beskou word wat kommentaar lewer op die jong, ontwakende gay-gemoed. Die ervaringe van die hoofkarakter, Jako, wat as jong seun op die plaas grootword, word uitgebeeld. Die jong seun kom tot 'n besef van sy ontwikkelende verlange, wat gepaard gaan met die wete dat hulle nie aan die gemeenskap se norme voldoen nie. Jako se Oupa betrap hom terwyl hy die liefdesverhouding van Dawid en Salomo denkbeeldig in spel dramatiseer, en wys Jako deur middel van sy optrede, dat hy sy handeling afkeur.[8] Sy oupa se ongelukkigheid mag voortkom uit die feit dat hy Jako se handeling as verwyfd beskou. Hierdie optrede staan in teenstand met die verwagtinge wat die gemeenskap op 'n jong Afrikaner seun geplaas het. Die patriargale wense van manlikheid en draers van

---

[8] John Rechy noem in 'n diskoers getiteld "The Gay Sensibility" : 'To survive in a heterosexual world, the homosexual plays roles as a child. He turns to his imagination to be himself...' (Rechy 1984: 194). Jako se aksies kan interpreteer word as sy onderdrukte verlange, wat bots met die samelewing se verwagtinge.

tradisionele waardes is ingeboesem en aangemoedig in Jako, maar sy optrede is duidelik nie vereenselwigbaar met daardie tradisionele waardes nie. As oudste Afrikaner-plaasseun moes Jako in sy pa se voetspore volg en hul familie en die gemeenskap se ideale bevorder. Jako se aksies moes toon dat die gemeenskap se waardes nagevolg was, sowel as die feit dat hy 'n waardige draer sou wees van hul ideale in die toekoms. Hierdeur sou die oorlewing van die samelewing verseker word, aangesien hul norme en ideale as pilare moes dien van die volgende generasie. Slegs die Calvinistiese, landelike en nasionalistiese ideale moes verwerkliking kry en vrugdraend wees in Jako se lewe, volgens sy familie se verwagtinge. Die oudste seun moes normaalweg die trots van die gesin hoog hou. Jako se vader is self geknou deur hierdie verantwoordelikheid wat op sy skouers geplaas was. Weens finansiële probleme was hy verplig om eers 'n deel van die familie-plaas te verkoop, en 'n tydjie daarna moes hy die hele plaas afstaan. Die landelike ideal is hierdeur ondermyn (volgens patriargale verwagtinge) en selfs Jako se ingeboesemde trots was verplaas deur die sosiale skaamte van verlies, wat andere op sy vader projekteer het.

Ten spyte van die gevolge van sy pa se teleurstellings, mag Jako se optredes vir sy oupa as 'n groter gevaar vir die voorbehoud van die gemeenskap en hul waardes beskou word. Sy optrede kon beskou word as faktore wat nie net die landelike ideal verder ondermyn het nie, maar wat ook die Calvinistiese verlange, wat die kern van die nasionalistiese idees is, verewig by toekomstige generasies kon laat verdof. Met betrekking tot Calvinistiese norme en die stereotipiese verwagtinge wat die Afrikanervolk van tevore daaraan geheg het, kon Jako as 'n teleurstellende verleentheid beskou word vir die patriargaat. Juis hierdie tradisie van 'n manlik-

gedomineerde samelewing was in die gedrang deur Jako se veronderstelde onmanlike optrede.[9]

### 2.2.2 DIE ONTWIKKELING VAN DIE GAY-PSIGE IN DIE SOFT ROCK KLUB

Anders as Ireland se Who Lies Inside (1984) sien lesers in Botha se verhale die ontwikkeling van homofiele sensibiliteite deur middel van die besef van 'n fisieke andersheid.[10] Die psigiese ontwikkeling vind, myns insiens, plaas oor 'n tydperk wat uiteengesit word deur verskeie kortverhale. In die verhaal " 'n Laken skuif af", word gefokus op die hoofkarakter, Jako se seksuele ontwaking. Die karakter se ontwaking gaan gepaard met seksuele eksplorasie ten opsigte van selfbevrediging (masturbasie) as jong seun. Tydens verbeelde rolspel waarin die karakter af-en-toe fantaseer oor seksuele kontak met andere, stimuleer hy homself. Sy rolspel oor Dawid en Batseba wys 'n soeke na 'n geliefde aangesien die karakter gereeld sy rolle afwissel met 'n verbeeldingsvlug waarin hy as beide karakters, in die konteks van hul verhouding, probeer optree [Botha 1995: 4]. Lesers kry 'n idee van die feit dat Jako uitreik na liefde deur middel van sy rolspel. Saans masturbeer Jako wanneer sy broer, Braam, reeds slaap en hy fantaseer tydens sy seksuele eksplorasie oor 'n denkbeeldige minnaar ["Hy soen sy

---

[9] John Rechy meld in The Sexual Outlaw (1977: 31) die bekende sosiale mening dat die gay-persoon beskou word as iemand wat die gemeenskap se 'moral fabric' verswak het. Beide Timothy Ireland se Who Lies Inside (1984) en Michael Grumley se Life Drawing (1991) weerspieël soortgelyke veroordelings wat karakters in daardie situasies moes deurmaak. Dit is dus duidelik dat hierdie sosiale veroordelings universeel is ten opsigte van die veilige voortbestaan van die Westerse kultuur en samelewing.

[10] Dieselfde fisiese ontwaking word natuurlik in Michael Grumley se roman Life Drawing (1991) uitgebeeld, wat vroeër bespreek was.

vrou.." (Botha 1995: 17)]. Die aand wanneer Jako se oupa afsterf, fantaseer hy oor sy neef, Thomas, se versinde bereidwilligheid om hom (Jako) seksueel te akkommodeer tydens sy fantasieë. Hier kry lesers vir die eerste keer 'n aanduiding van homofiele gevoelens, wanneer 'n kontras gemaak word tussen die grootte van Thomas se geslagsdele en hul oupa s'n. Daar is 'n duidelike belang in die geslagsdele van sy neef en daar kan afgelei word dat Jako se belangstelling op 'n onkundige wyse tot mans gerig is.

In die verhaal "Van klei" kry lesers 'n insig in die jong, ontwikkelende, gay-psige wat in Jako ontwikkel het sedert sy oupa se dood. Jako se sensibiliteite het ontwikkel tot 'n punt waar die karakter bewus was van sy verlange en selfs beliggaming gesoek het van sy verlange na 'n geliefde. Die derdepersoonsverteller gee 'n baie noukeurige beskrywing van die belang wat Jako toon in die plaas-arbeider, Flink. Dit word duidelik dat die karakter emosioneel gegroei het weens sy vermoë om uiting te gee aan die admirasie vir Flink se liggaamsbou, wat juis as aanduiding dien van Jako se psigiese verlange ("Dis [Flink se hemp] oopgeknoop sodat sy bors en maag wys. Hy het baie spiere, van al die plaaswerk...Dat die bultende bobene kan wys en die knoppe" (Botha 1995: 11). Die jong karakter se fisieke belangstelling in ander mans word duidelik, deur middel van sy admirasie vir Flink se liggaam. 'n Mens kan jou voorstel dat die verteller 'n ouer weergawe van Jako mag wees aangesien sy kennis van die jong Jako redelik intiem is. Die verteller het insig in Jako se gedagtes, maar gee hierdie gedagtes weer op 'n baie betrokke en voyeuristiese manier byvoorbeeld " 'Wat wil jy hê, Jakkie, 'n hings of 'n merrie?' 'n Hings. Dan gaan dit groot goed kry. Dit gaan amper wees asof Flink vir hom 'n kaal man maak...Flink moet nie weet dat hy van kaal mans hou nie" (Botha 1995: 12). Daar word gebruik gemaak van derdepersoons-voornaamwoorde wat beteken dat die verteller nie onmiddellik *betrokke* is in gebeure nie. Aangesien die voornaamwoorde egter self- refleksief is,

moet lesers besef dat die verteller in die teenwoordige tyd bewus was van die gebeure rondom hom.

Terwyl Flink 'n kleiperd vir hom skep, is waardevolle kennis oor Jako se emosionele en psigiese verlange deur die outeur te kenne gegee. Die klei-perd word die kernpunt waardeur lesers insig kry in Jako se verlange. Alhoewel Flink besig is om 'n merrie te skep, erken Jako aan homself dat hy juis na 'n hings verlang (soos te siene is uit die voorafgaande uittreksel). 'n Beskrywing van Flink se klei-perd volg wat die intensiteit van Jako se belang oordra deur middel van hierdie metafoor. Die perd kan hier dien as 'n falliese simbool[11]: "Flink sal die perd maak sodat jy die massas spiere op die boude kan sien. Die maanhare waaroor jy kan vryf. Die stert wat met 'n boog staan, wat oplig as die perd sy gladde drolle wil uitdruk. Miskien moet Flink hom maak dat hy op sy agterpote staan en kap in die lug. Soos die perd maak op oom Pollie se motorneus" [Botha 1995: 11-12]. 'n Mens kan die erotiek in hierdie metafoor opmerk, waar die perd esteties voorgestel word te midde van die dierlikheid, wat beklemtoon word deur die ontlasting. Hierdie proses word in 'n mate opgehef deur die verteller, om by te dra tot die erotiese beeld van die perd. Die veronderstelde trots en admirasie wat die perd bring deur op twee bene te staan, dra by tot die misterieuse invloed wat die verbeelde hings op Jako sou hê. Die karakter se fantasie is egter gerig op die erotiese aanloklikheid van dic verbeelde hings, wat metafories Jako se geprojekteerde verlange vir seksuele kontak met Flink of Thomas kon wees.

---

[11] Steven Olderr noem in sy werk <u>Symbolism: A Comprehensive dictionany</u> (1986: 68-69) dat die perd, die mens se seksule instinkte mag simboliseer. J.E. Cirlot bevestig in <u>A Dictionary of Symbols</u> (1971: 311) dat die perd 'n simbool van die dierlike en liggaamlike instinkte in die mens is, wat wys op die seksuele instinkte.

Weens die beskrywing wat vooraf gegaan het van Flink is dit duidelik dat Jako die versinde hings slegs beskou as 'n simboliese smagting na fisieke kontak met die mans. Jako is duidelik gefassineerd met sy neef, Thomas, sowel as met die werker, Flink, se fisieke aantreklikheid. Die karakter versoek 'n hings, maar juis 'n hings met groot geslagsdele. Die karakter vertoon 'n duidelike hunkering na manlike, erotiese interaksie. Jako merk juis op dat "[Dit] (gaan) amper wees of Flink vir hom 'n kaal man gaan maak..." [Botha 1995: 12]. Lesers kry myns insiens 'n erkenning van die karakter se opgewondenheid vir manlike seksuele kontak, as 'n mens die hings-metafoor in ag neem. Die erotiek van die metafoor vertoon 'n duidelike verlange na 'n manlike liefde. Jako se begeerte is om fisiek met 'n man in kontak te wees. Hierdie gevoelens word onderskraag deur die karakter se erkenning: "Flink moet nie weet dat hy van kaal mans hou nie." [ibid]. Die woord 'hou' kan op talle vlakke geïnterpreteer word, maar in terme van die voorafgaande ondersoek van die metafoor is dit duidelik dat die karakter 'n emosionele verlange het om fisies met mans in kontak te wees. Lesers kan nogtans in gedagte hou dat alhoewel hy voel dat Flink nie moet weet van sy verlange nie, is dit juis Flink wat soveel aantrekkingskrag vir hom inhou.

Daar vind 'n duidelike ontwikkeling plaas aangaande Jako se psigiese verlange. Hierdie verlange word emosioneel onbeskaamd, maar sosiaal en fisiek met onsekerheid nagestreef. Die karakter se belangstelling op die fisiese vlak word verder ondersteun deur sy belang in die fotos wat hy in die Malherbe-boek wegsteek [" 'n klomp swemmers wat met gevoude arms sit of staan, en 'n bokser wat mik-mik" (Botha 1995: 12)]. Jako se aangetrokkenheid tot Flink se liggaamlikheid is aanduiding van die fisieke verlange, maar lesers kry minder insig in die karakter se emosionele ontwikkeling. Alhoewel Jako smag na 'n klei-beeld van 'n hings weens die sensuele idees wat dit wek, maak Flink 'n merrie. Na die voltooiing van die beeldjie los Jako dit egter in die bos. Lesers kan dalk voorstelle aanvaar dat die merrie 'n simbool kan wees

vir gesosialiseerde, heteroseksuele gevoelens. Die feit dat die beeldjie agtergelaat word, kan gesien word as die verwerping van die stereotipiese, sosiale verwagtinge, ten gunste van 'n ander belang. Dit is natuurlik ook 'n aanduiding van die karakter se werklike belang in iets anders, wat gekoppel kan word aan die verlange na 'n hings-beeldjie. Daar is verlange wat Jako nie kans kry om te verwesenlik nie, d.w.s. die smagting na mans wat deur 'n simbolies, manlike klei-beeldjie ( 'n hings) beantwoord kon word.

Jako se verwerping van die heteroseksuele simbool, word volbring deur sy eie aksies om sy verlange te bevredig. Die karakter begin 'n klei-beeld vorm van 'n man en Jako versin hoe hy die man se "klere uittrek en kaal saam met die 'man' sal verkeer" (Botha 1995: 13). Hy smag duidelik na 'n seksuele verhouding met 'n ander man. Die seksuele verlange wat Jako koester vind uitting in hierdie beskrywing deur die karakter se wense om aan die 'man' se geslagsdele te vat. Jako wil emosioneel en fisiek verkeer met ander mans en daarom fantaseer hy ook later oor sy neef Thomas wat seksuele drif in hom wek (Botha 1995: 14). Die karakter is deurentyd besig om oor seksuele verkeer te dink terwyl hy die klei-man vorm. Hy wil hê dat die man 'n mooi gesig moet hê en dit word duidelik dat sy verlange diskriminerend is, en op sy seksuele verlange geskoei is. Die karakter se fisieke smagtinge is slegs aanduidend van die ontwikkelende gay-psige, wat duidelik slegs deur mans aangestaan word. Hierdie karakter se emosionele, seksuele en fantastiese strewe is duidelik op mans ingestel. Jako herinner homself aan sy oom Herman se omgang, met dié vriendin (Botha 1995: 14), maar slegs in 'n poging om 'n mooi mansgesig te onthou, sodat hy een kan skep vir sy klei-man. Die seun se verlange was juis na 'n manlike maat wat sy ontwikkelende emosionele en seksuele sensibiliteite kon aanraak en sy verlange kon vervul.

Jako se emosionele ontwikkeling word gekenmerk deur sy aangetrokkenheid tot sy eie geslag. Sy verlange het geleidelik ontvou relatief tot die self-besef wat plaasgevind het. Michael Grumley se karakter in Life Drawing (1991) was nooit afgeraai om met mans te verkeer op intieme sosiale vlakke nie, en dieselfde kan gesê word van Botha se karakter. Jako ontwikkel op 'n meer naïewe manier as Grumley se karakter, wat te sien is in sy fantasieë wat die oorweldigende hoeveelheid van sy verlange oordra. Grumley se karakter was ouer en het veel meer kennis besit oor sosiale verwagtinge en norme. Jako het slegs die sosiale norme verstaan in terme van goedkeurende en afkeurande optredes, wat saamgehang het met sy wense om sy Oupa nie teleur te stel nie (Botha 1995: 8). Met sy oupa se dood verbeel Jako hom dat sy oupa hom weer vang, terwyl hy besig is om te masturbeer. Die vorige keer het sy oupa op hom afgekom terwyl hy besig was met sy Dawid en Batseba rolspel, waarna sy oupa duidelik onsteld en teleurgesteld was met sy optrede (Botha 1995: 4). Die karakter se eie seksuele groei en fantasieë vind dus plaas in terme van heteroseksuele norme. Hy verbeel hom dat hy " 'n vrou vir die (klei-)man (kan) wees" (Botha 1995: 15) (Hakies-JAC) aangesien dit die norm is waaronder Jako gesosialiseer was. Juis daarom wou hy sy klei-man verberg (ibid), aangesien Jako se samelewing dit nie sou aanvaar nie. Invers beskou dui dit juis op Jako se verborge homofiele, psigiese verlange wat hy van sy wêreld moes wegsteek.

Lesers kry duidelike insig in die jong ontwikkelende gemoed van 'n jong gay-man. Die tydperk van ontwikkeling word oorval deur emosionele verwarring, vrees vir verwerping, sosiale druk en 'n verlange om aanvaar en erken te word. Die karakters waarop gefokus is, het almal in 'n groter of kleiner mate duidelik 'n vrees gekoester dat hulle as immoreel beskou sou word (veral Martin in Ireland se Who Lies Inside (1984) en Jako in Die Soft Rock Klub (1995). Albei karakters is grootgemaak in die konteks van die Westerse samelewing se morele kodes wat losweg gebaseer is op die Judeo-Christelike norme wat deur God neergelê is in Die Bybel.

Martin is grootgemaak in 'n Westerse (Europese) konteks, terwyl Jako opgegroei het te midde van die Calvinistiese en Nasionalistiese agtergrond van die Afrikanervolk.

## 2.3 'N OPSOMMING VAN DIE PSIGIESE ONTWAKING IN WHO LIES INSIDE , LIFE DRAWING EN DIE SOFT ROCK KLUB

Deur middel van die karakters in Who Lies Inside (Ireland: 1984), Life Drawing (Grumley: 1991) en Die Soft Rock Klub (Botha: 1995), word lesers bewus van 'n spektrum van die ontwakingsprosesse van die gay-psige.

Elke werk vertoon duidelik 'n verskillende aspek van die ontwakingsproses, terwyl individuasie duidelik 'n universele pad neem. Aangesien Who Lies Inside (1984) meer as Life Drawing (1991) en Die Soft Rock Klub (1995) fokus op die emosionele ontwaking van die gay-psige en individuasie-proses sal hierdie werk eerste kortliks opgesom word, omdat dit die basiese ontwaking van die gay-psige metafories goed uiteensit en 'n fondament lê vir die bydrae van die ander twee werke. Grumley se Life Drawing en Botha se Die Soft Rock Klub fokus op die fisieke ontwaking wat met die psigiese ontwaking gepaard gaan, en 'n ander dimensie openbaar tot individuasie en coming out.

### 2.3.1 DIE ONTWAKING VAN DIE GAY-PSIGE IN WHO LIES INSIDE

In Who Lies Inside (1984) word die klem veral gelê op die individu se emosionele ontwaking, wat in kontras geplaas word met die sosiale verwagtinge waaronder die karakter, Martin, tot

ontwaking en individuasie kom. Aanvanklik bevind die karakter dat daar emosies en sensibiliteite in hom ontwaak, wat in kontras staan tot sy gesosialiseerde verwagtinge. Die karakter ervaar emosies wat hom lok tot twee ander jong mans. Die emosies is so vreemd en bou so vinnig op dat die karakter besef dat daar 'n geweldige hoeveelheid van hierdie emosies in hom opgebou het tot 'n punt waar hy 'n 'nuwe' vreemdeling in homself vind wat uit die skadu's na vore tree. Martin het aanvanklik aan die sosiale verwagtinge uiting gegee, met betrekking tot sy pa se ingeboesemde verwagtinge as jong man en die druk van sy vriende (soos te sien in sy verhouding met Margaret). Dit word egter duidelik dat die karakter slegs sy homofiele emosies aanvanklik verdruk vanweë sy sosiale vrees. Juis om daardie rede raak hy betrokke met Margaret, aangesien sy familie en vriende hom aanmoedig. Selfs voor hy betrokke geraak het by Margaret, het Martin se ontwakende homofiele sensibiliteite alreeds begin ontwaak, wat die sosiale druk erger gemaak het omdat hy psigies moes verantwoord vir sy sosialisasie. Om hierdie redes het Martin verplig gevoel om die vreemdeling te verstoot, en aandag te gee aan Margaret sodat sy gemeenskap geen onraad kon merk ten opsigte van sy gevoelens nie. Hierdie verhouding was duidelik slegs een van ontvlugting, en het geen emosionele belang gehad nie, soos voorheen genoem was. Martin het psigies homofiele sensibiliteite begin ontwikkel, maar omdat hy hulle nog nie kon verstaan nie, het hy hulle onderdruk ten gunste van die samelewing se verwagtinge.

Ten spyte van sy verhouding met Margaret en die verraad op sy ontwikkelende homofiele gevoelens, vind Martin dit onmoontlik om die emosies heeltemal te verwerp. Die feit dat hy emosioneel aangetrokke tot Richard gevoel het, het aangedui dat dit onmoontlik was om sy groeiende emosies totaal te onderdruk. Martin het besef dat sy sensibiliteite begin verander het en dat hy 'n aangetrokkenheid tot ander jong mans soos Gerald en Richard begin voel het. Richard se skaamtelose aangetrokkenheid tot Martin , het Martin in 'n sin geskok. Aangesien

Richard as katalisator opgetree het, kon Martin psigies, met 'n mate van vryheid, eksperimenteer met sy ontwikkelende homofiele emosies. Dit was eers duidelik Martin se keuse om sy emosies te ondersoek en te konfronteer, tot 'n punt waar hy die vreemdeling in homself kon aanvaar. Hierdie punt sou lesers as "individuasie" herken, maar was duidelik nie die einde van Martin se probleme nie. Ten spyte van die feit dat hy van sy verhouding met Margaret afstand gedoen het, was daar talle emosies wat hy moes uitpluis.

Ireland, as skrywer, het egter nie veel verder as individuasie beweeg met die karakter nie, maar het meer gefokus op die ontwakingsproses en die gevoelens wat tot individuasie gelei het. Richard het gedien as 'n persoon vir wie Martin kon raadpleeg aangaande sy ontwikkelende gay-sensibiliteite, sodat hy kon beweeg vanaf individuasie tot coming-out. Who Lies Inside (1984) behandel egter nie Martin se coming-out ten volle nie, slegs 'n gedeeltelike erkenning aan 'n vriendin, Linda, met wie Martin al sy emosies gedeel het. Hierdie erkenning het in 'n sekere sin gedien as 'n vorm van 'coming-out', aangesien Martin aan haar beken het dat hy gevoel het dat hy op Richard verlief was (Ireland 1984: 82). Dit was juis Linda wat hom aangemoedig het om sy homofiele gevoelens te onderdruk, vir die samelewing se ontwil, en om sy verhouding met Margaret 'n kans te gee ["For me, Jumbo," Linda said. squeezing my hand again. "Try for me and Steve. Try for your Mum and Dad, Jumbo. Consider what they'll think.....What would your parents think? Your Dad, your Dad would hate it, Jumbo. His only son a ...Her voice faltered" (Ireland 1984: 85,119)]. Ten spyte van Linda se 'aanmoediging' kon Martin nie meer lewe met 'n lewe vol leuens nie, omdat hy uiteindelik besluit het om uiting te gee aan die homofiele emosies wat in hom begin blom het.

Who Lies Inside (1984) dien as 'n goeie teks om die ontwaking van 'n gay-psige uiteen te sit omdat die karakter se emosioenele ontwikkeling stapsgewys uitgebeeld word, sonder dat die

karakter in isolasie geplaas word van sy sosiale omgewing. Daardeur kry lesers insig in 'n ware uitbeelding van die ontwikkelende gay-psige, aangesien die karakter se ontwaking uitgebeeld word teen die agtergrond van die samelewing en hul verwagtinge. Life Drawing (1991) en Die Soft Rock Klub (1995) vertoon soortgelyke karaktertrekke ten opsigte van die samelewing se invloed op die ontwikkelende gay-psige, met beide verhale wat veral fokus op die fisieke ontwaking, in terme van die psige se ontwikkeling.

### 2.3.2 DIE ONTWAKING VAN GAY-SENSIBILITEITE WEENS FISIEKE ONTWAKING IN LIFE DRAWING

In die geval van Life Drawing (1991) het die hoofkarakter eers sy gay-sensibiliteite se ontwaking besef nadat hy seksueel met 'n jong manlike student verkeer het. Voor hierdie besef van sy fisieke uiting, was daar geen sprake van enige homofiele gevoelens nie, veral weens die feit dat die karakter gesosialiseer was in 'n streng gemeenskap waarin hy verwag was om te voldoen aan die sosiale standaarde van heteroseksualiteit.

Deur middel van hul verhouding kon Mikey reageer op die sosiale verwagtinge wat deur sy vader op hom geplaas was, byvoorbeeld om te trou of om kinders te hê, sodat die gemeenskap kon voortbestaan (Grumley 1991:23). Toe die verhouding egter misluk, was Mikey taamlik emosioneel ontsteld aangesien een aspek van sy psige en emosionele bestaan beskadig was. Op hierdie punt het hy eers die gemeenskap se norme begin bevraagteken, maar hierdie verkenning is eers ingelyf deur sy verlies van Samantha, en toe hy op die swier gaan met die student. Die karakter het tydens sy verhouding met die student eers besef dat hy 'n nuwe aspek van die lewe betree het ["The power of an undiscovered life-a truly adult way of life came over

me..." (Grumley 1991: 43)]. Vir Mikey was dit asof hy 'n aspek van die lewe betree het, wat natuurlik was, ten spyte van die feit dat dit duidelik teen die norme vam die samelewing was ["This body I had, this thing that had been lacking its own authority for so long, had suddenly come together, and hardened to a purpose I recognised to be natural and just, no matter how outlandish it might seem to others....I had never, as far as I could remember, been admonished *against* making love to a man. The subject hadn't come up." (Grumley 1991: 44)]. Dit is duidelik anders as in Who Lies Inside (1984), waar die hoofkarakter, Martin Conway, se gay-sensibiliteite op 'n emosionele vlak vorendag kom. Mikey ervaar duidelik fisieke sensibiliteite, wat eers later ontwikkel tot homofiele, emosionele sensibiliteite wanneer hy sy tuisdorp ontvlug en op pad na New Orleans met 'n jong swart man, James, betrokke raak [Grumley 1991: 47-54)].

Dit is op hierdie punt dat die karakter begin groei vanaf die fisieke vlak van sy homofiele sensibiliteite, na die psigiese en emosionele vlak. Tydens hul bootrit na New Orleans het die twee jong seuns met mekaar omgang gehad en 'n emosionele verbond was in 'n sekere sin aangegaan. Mikey het sy rit na New Orleans kortgeknip, aangesien James hom herinner het aan die verantwoordelikhede wat hy aan sy familie verskuldig was, maar ook omdat hy tevrede was met die uitkoms van die rit ["Whatever I'd been going to New Orleans for, I'd found by St.Louis" (Grumley 1991: 52)]. Hierdie verhouding het 'n permanente verlange geword, met albei jong manne wat die verlange gehad het om by mekaar te wees. Mikey was veronderstel om na 'n kollege te gaan, maar weens die feit dat hulle apart was tydens die somer kon Mikey aan niemand en niks anders dink nie ["It wasn't the summer I saw before me. I saw James and only James." (Grumley 1991: 60)]. Op hierdie punt was dit eers moontlik om 'n emosionele

aspek van Mikey se psigiese ontwikkeling te bespeur.[12] Die karakter se ontwikkeling het deurentyd plaasgevind teen die agtergrond van die samelewing se norme en verwagtinge, wat tot gevolg gehad het dat daar 'n bewustheid was aan die karakter se kant van hul verwagtinge.

Ten spyte van hierdie druk het die karakter egter besluit om aan te sluit by James in New Orleans, in plaas daarvan dat hy kollege toe gaan, aangesien hy meer van sy ontwikkelende gay-sensibiliteite wou ontdek ["If I could just get away and put myself in the way of a more romantic sort of experience, I could become the person I wanted to be. Nothing could have stopped me from getting out of Iowa. And nothing did."(Grumley 1991: 60)]. Die karakter het sy reis na New Orleans onderneem om sy ontwikkelende sensibiliteite te ondersoek, en het dit deur middel van sy verhouding met James gedoen. Dit is juis hierdie verhouding wat uiteindelik vir Mike dien as ontdekkingstog, waardeur hy uiteindelik sy emosies en sensibiliteite erken het ["And the power of the love I felt for him,....returned" (Grumley 1991: 131)].

Op die psigiese vlak kan hierdie karakter se gay-ontwaking en groei meer beskou word as 'n spieëlbeeld van normale heteroseksuele ontwikkeling, aangesien sy sensibiliteite groei vanweë die seksuele verkenning wat geskied met die jong student. Daar is genoem dat sy psigiese ontwaking anders was as Martin in <u>Who Lies Inside</u> (1991), en hierdie feit word beklemtoon deur die feit dat Mikey aanvanklik geen psigiese of sosiale spanning het aangaande sy sensibiliteite nie, alhoewel hy bewus was dat dit ingedruis het teen die gemeenskap se

[12] Anders as in <u>Who Lies Inside</u> (1991) is daar geen bewusheid van 'n nuwe, verskillende emosionele ingesteldheid aan die karakter se kant nie.

verwagtinge. Vir Mikey was die psigiese ontwikkeling 'n avontuur, maar dit was vir hom asof dit hom uiteindelik rigting en betekenis in sy lewe verskaf het. Mikey het juis 'n nuwe rigting in sy lewe ontdek deur middel van sy psigiese ontwaking, wat hom die geleentheid gebied het om as mens te groei buite die konteks van sosiale verwagtinge.

### 2.3.3 DIE PSIGIESE ONTWAKING VAN DIE GAY-PSIGE IN DIE SOFT ROCK KLUB

In 'n sekere sin is daar talle ooreenkomste tussen Botha se werk en dié van Michael Grumley [Life Drawing (1991)], aangesien beide verhale die psigiese ontwaking op soortgelyke wyses uitbeeld. Lesers kan weer let op die invloed wat die samelewing gehad op die karakters en hoe die karakters se aksies altyd in terme van gemeenskaplike verwagtinge uitgebeeld was. Hierdie voorkoms blyk universeel voor te kom in die gay-letterkunde.

Lesers kry insig op die jong karakter wat op die plaas grootword te midde van sosiale norme en verwagtinge van hom as jong seun. Aangesien die verhaal vertel word vanuit die oogpunt van 'n eerstepersoonsverteller kan aangeneem word dat die jong seun self aan die woord is. Om hierdie rede word dit duidelik hoekom daar nooit 'n doelbewuste besef ervaar word deur die hoofkarakter (Jako) nie, omdat sy eie emosionele en psigiese ontwikkeling nog nie bewustelik gegenereer was soos vanaf die tienerstadium nie. Jako se enigste sosiale bewuswording was aangaande wat sosiaal van hom verwag was as boerseun en jong Afrikaner. Hierdie kennis was te sien nadat sy Oupa hom betrap het tydens sy spel, en

ontevrede gelyk het vanweë Jako se spel aangaande die liefdesverhouding tussen Dawid en Batseba [Botha 1995: 4]. Jako was bewus van die feit dat sy Oupa teleurgesteld was in hom, aangesien hy die sosiale norme in die steek gelaat het ["Jako was ook skaam die dag toe Oupa gesien het hoe hy koning Dawid speel...Nou is hy Batseba wat vir Dawid dans....Vas in Oupa wat van die Groot Huis oor die sementblad aankom. Oupa versit sy kruk onder sy armholte, skud sy kop en sê iets." (Botha 1995: 4)]. Die karakter se ontwikkeling word uitgebeeld deur middel van sy rolspel as 'n vrou, waar daar duidelik aanduidings is van 'n ontwikkelende homofiele psige wat na vore tree met onsekere treë van veranderende sensibiliteite ["Vanmiddag is Jako 'n vrou...Sy man sê vir hom hy moet gaan lê sodat hy hom kan kom vashou. Bo-op hom kan klim. Dis sy man wat hom so lekker laat voel. Sy man vry met hom" (Botha 1995: 19)]. Lesers sien duidelik hoe die jong seun se sensibiliteite na vore kom op 'n manier wat herinner aan die manier van ontwaking in Life Drawing (1991), aangesien daar ook nie 'n duidelike psigiese keuse was tydens die ontwaking van die karakter se gay-sensibiliteite nie. Wat wel vorendag kom, is die onskuldige manier waarop Jako ontwikkel, in teenstelling tot Mikey se doelbewuste keuse om sy homofiele psigiese verlange te ondersoek.[13]

[13] Die karakter in Die Soft Rock Klub (1995) was te jonk en onskuldig om te besef hoe ernstig sy situasie was, met betrekking tot sosiale norme en verwagtinge. Hy het geen benul gehad wat die impak wat sy "speletjies" werklik sou hê op sy omliggende samelewing nie, aangesien sy spel aanduidend was van groei of veranderinge in sy psige. Hierdie ontwikkeling sou die samelewing se norme heeltemaal uitdaag, alhoewel dit in die geval van Jako nie doelbewus plaasgevind het nie.

# AANTEKENINGE

Lesers sien in die drie verhale dat die psigiese ontwaking en ontwikkeling plaasvind teen die agtergrond van sosiale norme en standaarde. Die sosiale norme het die standaarde geskep waarteen die karakters hulself gemeet het, alhoewel hulle hulself na die ontwaking van hul sensibiliteite per ongeluk in teenstand *bevind* het tot die samelewing.

Weens die veeleisende norme van die samelewing het die karakters hul eie gevoelens geheim gehou, uit vrees vir sosiale reaksie. Hul aanvanklike reaksie was meestal een van onsekerheid, uit vrees vir wat andere sou opmerk. Die groot invloed wat die samelewing gespeel het, is in die agtergrond van die verhale altyd beklemtoon, maar op die voorgrond kon lesers opmerk hoe die karakters psigies en emosioneel begin ontwaak het. Hul aanvanklike treë was verhul in emosionele vrees, en alhoewel hulle besef het wat die samelewing se reaksie sou wees, kon hulle nie die ontwikkelende psigiese sensibiliteite stuit nie. Slegs in Life Drawing (1991) het die karakter sy homofiele sensibiliteite met ope arms aanvaar, alhoewel hy bewus was van die sosiale gevolge. In die ander twee verhale het Martin in Who Lies Inside (1984) aanvanklik geskuil van sosiale wete, terwyl Jako weens sy jeug heeltemaal onbewus was van die heftige sosiale implikasies van sy dade en verlange.

Nóg Die Soft Rock Klub (1995), nóg Life Drawing (1991) behandel 'n duidelike sosiale uittrede en 'n erkenning van gay-sensibiliteite. In Who Lies Inside (1984) word die karakter se psigiese ontwikkeling gevoer tot 'n punt voor uitkoms uit die kas, wanneer die karakter die

bewustelike keuse maak om uiting te gee aan sy psigiese verlange ten spyte van wat die sosiale reaksie mag wees. Die outeur beeld die karakter se ontwikkeling uit tot voordat hy sosiaal sou uitkom, wat lesers die geleentheid bied om sy onsekerheid aangaande sy toekoms, as jong gay-man te aanskou [" 'Even if it thunders,' I whispered. 'Remember I care.'...'But for how long?' he said... 'I don't know,' I said...We couldn't know for sure what lay ahead" (Ireland 1984: 127)].

Dit is op hierdie punt dat die individu begin beweeg en soek na sosiale erkenning en aanvaarding, weens die gevoel van sosiale, emosionele en psigiese ingehoktheid wat ervaar word in terme van die gemeenskaplike norme en verwagtinge. Hierdie gevoelens vind plaas aangesien die individu psigies ontwikkel het en dan strewe na aanvaarding in die gemeenskap ten spyte van die samelewing se veroordeling van sy seksuele oriëntasie. In 'n sekere sin strewe die karakter na sosiale aanvaarding, maar weens die gemeenskap se veroordeling word besef dat aanvaarding oor die algemeen nie sal plaasvind nie. Die verlange om aan die gemeenskap te beken dat homofiele sensibiliteite en verlange in die individu bestaan, en die basis vorm van die persoon se emosionele en psigiese verlange, kom op verskeie maniere na vore en sal in die volgende hoofstuk bespreek word.

# HOOFSTUK DRIE

## 3. DIE ROL VAN 'CRUISING' IN DIE ONTWIKKELING VAN DIE GAY-PSIGE

### 3.0 INLEIDING

Die vorige hoofstuk was dus gefokus op werke waar die ontwikkelende gay-psige na vore gebeur het in die verskeie karakters, terwyl hierdie hoofstuk sal fokus op die bedryf van cruising en die manier waarop die verlange van die gay-persoon, en hul psige uiting kry. 'n Mens moet egter besef dat die ontwikkeling van die gay-psige 'n vloeiende ervaring is volgens talle sielkundiges en sosioloë, met geen universele, vasgestelde orde nie. Sekere fases in die ontwikkeling van die gay-psige gaan weens hul gebrek aan relevansie, nie deur hierdie ondersoek gedek word nie.

Die sosiale posisie waarin die jong, gay, karakters in die vorige hoofstuk hulself na individuasie gevind het, was uitgebeeld as 'n stryd tussen wat in hulle aan die groei was en die gemeenskap se sosiale verwagtinge (veral met betrekking tot die manlike stereotipe). Nadat die gay-individue 'n punt van individuasie bereik het, en hul eie gay-sensibiliteite ondersoek en aanvaar het, is hul volgende opsie om aan die samelewing te beken dat hulle gay is. Lesers moet besef dat hierdie stap slegs 'n moontlikheid is, aangesien daar baie sosiale druk op die

individu sal wees indien hierdie erkenning gemaak word. Die belangrikste punt waarvan 'n mens bewus moet wees is dat die gay-individu die keuse moet maak om uit die kas te tree, of nie. In die samelewing sien 'n mens hoeveel mans eers in hul dertigerjare of veertigerjare aan die samelewing beken dat hulle gay is. Die redes vir hierdie verhulling spruit natuurlik uit die vrees vir hul onmiddellike samelewing se reaksie (d.w.s. dié van hul familie en vriende). In die tussentyd vind duidelike psigiese groei steeds plaas, wat die individu aanpor om uiting te gee aan sy sensibiliteite, en te reageer op hierdie emosies en verlangens. Die keuse om sosiaal uit die kas te tree, is dus 'n keuse wat normaalweg afhang van die individu se sosiale omgewing en gemeenskaplike verwagtinge.

Na aanleiding van wat in die letterkunde verskyn, is aangetoon dat weens die persoonlike, psigiese struwelinge en sosiale druk, dit beter is om uit die kas te tree, soos in Ireland se Who Lies Inside uitgebeeld was. Daar word verder aangetoon dat wanneer 'n individu uitkom, die gay-milieu (vriende, klubs ens.) in 'n sin bydra tot die individu se emosionele stabiliteit, aangesien daar weggebreek word van die samelewing se veeleisende verwagtinge (bv. deur middel van 'cruising' ens.), en uitgereik word na ander met dieselfde psigiese gevoelens en verlange. 'n Nuwe sosiale milieu met verskeie kontakte en geriefliker verwagtinge sal toelaat dat die jong ontwikkelende homofiele man gerus voel (psigies, emosioneel en sosiaal), omdat hierdie nuwe lokaliteite 'n aanklank sal vind in sy nuwe emosionele wêreld. Hierdie emosionele aanklank wat ervaar word, kan slegs plaasvind nadat gay-gevoelens erken én aanvaar deur die self, ten spyte van die gesosialiseerde norme en ideale.

Aangesien die sosiale druk deurgaans 'n rol speel in die gay-individu se lewe, en die hooffaktor is wat die sosiale uitkoms beïnvloed, gaan die sosiale uitkoms ['disclosure' a la Peter Davies in Modern Homosexualities (1992), Plummer (red.)] nie behandel word nie, omdat daar nie veel

daaroor geskryf word in die literatuur nie. Die psigiese spanning wat die individu egter voor en na sosiale bekenning ervaar, is duidelik van groter belang, want alhoewel daar sosiale vrees ontstaan uit vrees vir die samelewing se veroordeling, is daar 'n soortgelyke (vormende) psigiese spanning wat gepaard gaan met die besef van gay-wees, en die verlange om aan daardie psigiese druk te beantwoord. Die samelewing se veroordeling sluit in die psigiese vrees van verlating en veroordeling, en in die meeste gevalle is die vooruitsig dat sosiale verwerping gaan plaasvind as die individu sy oriëntasie gaan beken, 'n oorweldigende psigiese vrees. Hierdie feit nietenstaande, *moet* daar toegegee word dat die psigiese druk waaronder die individu sal moet voortleef sonder om sy oriëntasie te beken, net so geweldig en potensieel nadelig sal wees as om sosiaal na vore te tree. 'n Mens vind dus dat sekere gay-individue die keuse maak om sosiaal na vore te tree ten spyte van sosiale veroordeling, terwyl ander mans besluit om dit nie te doen nie. Dit is bekend dat die veroordeling van gay-mense nie universeel is nie, en dat familie en vriende gay-individue soms sosiaal en emosioneel ondersteun. 'n Mens vind in sommige gevalle juis dat die gay-individu in opstand gekom het teen die gemeenskap en self sosiale verhoudings afgebreek het.

Weens die algehele veroordeling wat gay-individue voel of ervaar van die samelewing, vind 'n mens dat die gay-samelewing hulself as 'n subkultuur [met gay-ruimtes soos klubs en bedrywe (soos cruising wat in die geheim plaasvind vanweë vervolging)] organiseer om uiting aan hul verlange te gee, ten spyte van sosiale wetgewing. Sommige gay-mans tree selde sosiaal na vore, uit vrees vir sosiale verwerping, maar onderneem om tog psigies én fisiek uiting te gee aan hul emosies deur deel te neem aan die wêreld van die "Sexual Outlaw" (Rechy 1977). Dit is juis hierdie wêreld waarin die gay-individu die geleentheid neem om uiting te gee aan sy gay-verlange deur sosiaal te verkeer met ander gay-mans. Hierdie geheime wêreld moet van nader beskou word om vas te stel op watter manier individue optree buite die konteks van die

gemeenskap wat hulle onderdruk, en hoe hulle daar uiting gee aan die verlange van die gay-psige.

Die een aspek van hierdie geheime wêreld is dié van 'cruising' of 'camping' waarin gay-mans rondbeweeg, op soek na sosiale en seksuele kontak met mekaar. Dit is juis hierdie bedryf wat van belang is aangesien daar sekere psigiese verlangens uitgeleef word deur middel van die praktyk. Om hierdie rede sal die volgende hoofstuk 'n nadere blik werp op die bedryf van 'cruising' aangesien 'n mens deur middel van die letterkunde oor die bedryf, die geleentheid kry om meer informasie te ontgin aangaande die gay-psige.

## 3.1 DIE PSIGISE ONTWIKKELING VAN DIE GAY-INDIVIDU IN TERME VAN CRUISING

'Cruising', of te wel "seksjag", [à la Hennie Aucamp (1990: 194)] is 'n bekende term binne die samelewing, maar word deur min met absolute begrip (van wat die term alles beskryf) gebruik. In die bloemlesing <u>Wisselstroom</u> (1990) ["AC / DC" in (Engels)] neem Aucamp twee definisies van die <u>Queens' Vernacular</u> (1972: 56) om 'die seksjag' te beskryf:

<u>heavy cruising</u> : looking for sex partners seriously; no time to chit-chat with acquaintances on the street

<u>john cruising</u> : looking for agreeable men in public toilets

Aucamp leen sy woord "seksjag" dalk van John Rechy ["sexhunt" uit The Sexual Outlaw (1977)] en gebruik hierdie definisies in 'n mate om 'n Afrikaanse woord te vorm om semantiese waarde te verskaf binne die Afrikaanse leksikon. Daar is geen alombekende Afrikaanse woord om die cruising-ervaring te beskryf nie, en myns insiens is daar sekere vlakke van cruising wat Aucamp se gebruik van die term "seksjag" nie omvat nie. Dit is nodig om verskeie definisies te ondersoek om 'n goeie grondslag te lê wat lesers sal toelaat om die moontlike rol van cruising in die gay-psige te verstaan.

Gordon Isaacs en Brian McKendrick in Male Homosexuality in South Africa (1990) beskryf cruising op die volgende manier: "Camping or cruising may be defined as a conscious or deliberate attempt to negotiate a liaison with another person (or people) for the primary purpose of engaging in some form of sexual activity. It involves self-awareness and the awareness of others, with the object of being noticed, observed, or indulging in generally coquettish behaviour" (Isaacs en McKendrick 1990: 105)]. Binne die grense van hierdie genoemde definisies (en terme) is daar definitiewe ooreenkomste wat die ervaring beskryf en uitlê, sowel as verskeie verskille wat binne die grense van die ervaring waarde besit, maar nie beskryf word nie. Dit sal onmoontlik wees om aan te voer dat daar nie 'n seksuele aspek aan die jag verbonde is nie. Al drie definisies gee (in die een of ander vorm) te kenne dat die soeke wat uitgevoer word tydens cruising, aan seksuele omgang verbind moet word. The Queens' Vernacular bevestig in beide definisies dat cruising met 'n soeke te doen het, en in 'n mate is die tweede definisie dus slegs 'n geografiese aspek van die algehele soeke. Aucamp se semantiese interpretasie gee dalk nie fonologiese verantwoording vir die werklikheid nie en wys soos die ander definisies slegs op die seksuele aspek van die bedryf. Hy voer verder aan dat die jag, deelnemers kan 'blootstel' "aan primitiewe lae in sy eie psige...", weens die moontlikheid dat die sosiale gevaar " 'n seksstimulis" kan word. Hierdie aspek van 'n soeke

word egter bevestig deur Gordon en Isaacs (1990) wat aanvoer dat die primêre doel van cruising seksuele kontak is, maar dui egter aan dat daar 'n psigiese verband mag wees. Hul mening is dat daar 'n self-bewustheid bestaan wat, myns insiens, doelbewus 'n sosiale, emosionele en seksuele bewustheid uitstraal, maar dus ook ontvang van andere.

Die cruising-ervaring kan beskryf word as iets wat nie net eie aan die homofiele-subkultuur is nie, maar wat kennelik deel is van die menslike ervaring. Daar is egter duidelike sosiale, emosionele en seksuele verskille aangaande cruising in die heteroseksuele ervaring. Die belangrikste aspek wat onder die soeklig moet val, is juis die sosiale aspek wat die homofiele persoon in 'n mate uitdaag om sy plek te neem in die gay-milieu.

### 3.1.1 DIE SOSIALE ROL VAN CRUISING IN DIE GAY-MILIEU

Op 'n manier is cruising in die homofiele milieu een van die mees sosiaal uitdagende optredes wat bestaan. Daar is in vorige besprekings genoem dat die bestaan van die homofiele persoon reeds beskou kan word as sosiaal onaanvaarbaar. Die oorskryding van norme en die gebrek by gay-persone aan sosiale stereotipiese verwagtinge is aangevoer as redes vir die verdrukking en onderdrukking van gay-persone. Cruising is genoem as 'n bedryf wat op die eerste vlak beskou moet word as 'n seksuele bedryf, en weens die publieke manier waarop dit oorwegend bedryf word, is dit duidelik waarom die gay-subkultuur verder veroordeel word.

Daar is verskeie (publieke) geografiese ruimtes wat gebruik word vir die doel van cruising o.a. publieke toilette, gay-kroeë, strande (of gedeeltes daarvan), parke ens. Daar is dié wat aanvoer dat publieke cruising bedryf moet word as 'n doelbewuste politiese bedryf om die

onderdrukking van die homofiele-gemeenskap teen te staan. Die bekroonde skrywer John Rechy moedig hierdie denke aan in sy dokumentêre werk The Sexual Outlaw (1977) waarin hy op 'n doelbewuste manier die cruising-ervaring propageer as die gay-subkultuur se enigste vorm van publieke uitspraak teenoor 'n wêreld wat hulle onderdruk en veroordeel. Rechy skryf in 'n paragraaf genaamd "Promiscuous rage" dat die seksuele misdadiger ('sexual outlaw': d.w.s. die persoon wat cruise) eintlik geskep word weens 'rage' of te wel woede. Aangesien die homofiele persoon verwerp en verag word deur die gemeenskap, moet gay-mense, volgens Rechy, die revolusie vir erkenning voer in publieke plekke om hul reg tot gelykheid te beklemtoon. Weens die geweld wat sosiaal geregtelik en ongeregtelik deur die individu ervaar word (b.v. 'gay-bashing' wat fisiek gebeur, sowel as sosiaal deur die media), word die gay-persoon as 'misdadiger' geskep deur die gemeenskap se wan-indruk. Dit is hierdie onderdrukkende sosiale druk wat hom psigies skep omdat die homofiele persoon besef dat sy hele bestaan, as sosiale mens, in die gedrang kom, geknel deur die noue sosiale norme.

Rechy, die vryheidsvegter en revolusionêr, gaan voort met sy aanklag deur promiskuïteit te besing as 'n 'geregverdigde vorm' van revolusie. Deur middel van hierdie metafoor belig hy die heteroseksuele norme wat gay-persone uitlig as onaanvaarbare mense met mediese of sielkundige probleme, en daardeur gooi hy dié idees omver deur die 'vegter'-idee te belig. As die gay-persoon gesien word as iemand wat moet veg vir regverdigheid, dan is dit duidelik dat Rechy impliseer dat die heteroseksuele wêreld verdrukkende en ongesonde norme toepas waarvoor opstand nodig is. Rechy se karakter, Jim, is 'n manlike prostituut wat daarop uit is om geld te maak, deur homself te verkoop as 'n seksuele voorwerp. 'n Mens kan dalk redeneer (volgens erkenning) dat Rechy voorstel dat die karakter doelbewus gaan cruise om ook te rebelleer teen die gemeenskap se onderdrukking en verwerping van sy seksuele oriëntasie ["Promiscuity is the righteous form of revolution" ( Rechy 1977: 31)]. The Sexual Outlaw as

literêre werk dien as 'n dokumentêre (dalk outobiografiese) gegewe van die homofiele milieu, maar ook as rapport oor die gay-ervaring. Dit moet beskou word as 'n politieke, revolusionêre dokument wat mense wil aanspoor tot aksie teen die gemeenskap wat minderheidsgroepe onderdruk. Rechy voer aan in die dokumentêr dat daar geen ander minderheids-groep is, teen wie daar makliker gediskrimineer word nie, en dat die homofiele gemeenskap die enigste groep is wie se onderdrukking nog wettiglik bekragtig word [Rechy 1977: 28]. Die gemeenskap se veroordeling word deur regstappe geïmplementeer en daarom voer Rechy aan dat die element van jag benader moet word as 'n wapen om sosiale norme nie net te bevraagteken nie, maar ook om hulle omver te werp ["The streets are the battleground, the revolution is the sexhunt, a radical statement is made each time a man has sex on the street (Rechy 1977: 299]. Daar is tog min aanduiding dat jag in die wyer homofiele milieu beskou word as 'n politieke optrede. Literêr gesproke, fokus Rechy sy aandag op 'n hoër, simboliese aspek van gay-ervaring. Wanneer lesers die cruising-ervaring in die letterkunde van nader beskou, word dit duidelik waarom Rechy se werk as 'a call to arms' beskou kan word.

In sy werk beskryf John Rechy verder die cruising-ervaring en hoe dit geweef word ten spyte van die polisiëring van ruimtes wat beskou word as gay-ruimtes. Daar word telkemale uitgebeeld hoe die jag-ruimtes binnegedring word deur polisiemanne wat probeer om die 'wette' teen gay, seksuele aktiwiteite toe te pas. Die beskerming van die gemeenskap se wette met betrekking tot gay-regte beklemtoon juis die weerspreking van die mens se wense van gelykheid. Rechy gee in sy belangwekkende werk voorbeelde van die situasies waarin gay-persone hulself gereeld bevind tydens die 'seksjag'. Hy beskryf sy hoofkarakter se ervaring in Griffith-park, Los Angeles, tydens 'n klopjag wat deur die polisie uitgevoer is tydens hul pogings om die wet toe te pas (Rechy 1977: 222-226). Tydens hierdie cruising-ervaring word die gay-gemeenskap onder druk geplaas en hulle beleef die verdrukking van normale menslike

regte. Die belangrikheid van die ervaring is om 'n aanduiding te gee van die vrees wat die homofiele-persoon (hier verneder tot seksuele misdadiger weens polisie-optredes) ervaar en die impak wat psigies gevoel word deur individue. Die skrywer skets aanvanklik hoe Jim, aanvanklik jag en dan aangetrokke word tot 'n jong man wat hom uiteindelik benader in die gedeelte van die park wat dien as 'n jag-ruimte onder die homofiele-gemeenskap. Die park word skielik omsingel en die mense in daardie gedeelte van die park word beveel om die park te verlaat en na een punt te beweeg waar hulle in hegtenis geplaas word. Jim en sy maat probeer om arrestasie te vermy, aangesien hulle albei op probasie was. Hulle vlug van die "gay-gedeelte" van die park wat gebruik word vir jag, om die ontvouende gebeure te ontkom. Nie een van hulle kon glo dat die polisie almal daar sou kon arresteer, net omdat hulle in die park was nie ["I don't believe it," Jim laughs to obviate the fact that they are actually in danger for being in the gay-section of the park " (Rechy 1977: 223)].

Hierdie ervaring is egter 'n duidelike voorbeeld van onderdrukking wat dalk bydra tot Rechy se oortuigings om te cruise, as 'n wapen van opstand. Lesers kry insig in die sosiale onreg wat die homofiele-subkultuur aangedoen word tydens die klopjag op Griffith-park. Jim probeer die klopjag ontwyk deur dieper in die park te vlug en die ander gedeeltes van die park te bereik. Hy probeer vlug wanneer hy perdepote hoor, dinkende dat dit die polisie mag wees, maar ontmoet 'n heteroseksuele paartjie. Hulle vra hom wat in die ander gedeelte van die park aangaan, maar Jim gee voor dat hy nie enige kennis daarvan het nie. Jim merk teenoor homself op: "His world is totally invisible to them." (Rechy 1977: 225). Dit is ooglopend dat die gedeelte van die park wat gebruik word vir jag nie veel gebruik word deur ander (heteroseksuele) mense nie. Die polisie het slegs die gay-gedeelte van die park binneval, onder die voorwendsel dat hulle brandbestrydings-regulasies toepas. Jim ontmoet 'n ander vlugtende man wat besef het dat die mense gearresteer word onder die voorwendsel dat hulle die

brandregulasies (vir 'een of ander' rede beperk tot die homofiele-gedeelte van die park) oortree het. 'n Mens kry duidelike insig in die onreg wat die gay-gemeenskap moet ervaar. Eerstens word hul seksuele oriëntasie wettiglik onderdruk, en wanneer hulle daarna strewe om psigies en sosiaal uiting te gee aan wie hulle is, word daar gediskrimineer teen hul verlange.

Rechy se sosio-politieke oogpunt is duidelik gevorm deur sy ervaring as 'n persoon wat jag in 'n sosiale dispensasie wat sy bestaan, as sodanig, wil ontken. Deur 'n sosio-politieke ondersoek te doen ten opsigte van sosiale menings en gevoelens oor die homofiele-gemeenskap, kan lesers 'n duideliker insig kry in die emosionele, psigiese en fisieke rol van jag in die ontwikkelende gay-sensibiliteit.

### 3.1.2 CRUISING IN DIE SUID-AFRIKAANSE MILIEU

In die Afrikaanse letterkunde was progressie op tematiese vlak baie stadig. Sedert die vroeg Sewentiger-jare het gay-temas versigtig na vore gekom deur middel van poësie en ander letterkunde. Die Tagtiger-jare het egter die deurbraak van homofiele-letterkunde in Afrikaanse letterkunde bevestig, in beide poësie en die kortverhaal-genre.

Lesers kan die Tagtiger-jare in die Afrikaanse letterkunde beskou as 'n dekade wat 'n soortgelyke tematiese opskudding veroorsaak het as die Sestiger-jare. Wêreld-opinies het nes van tevore sterk bygedra tot die literêre veranderings wat plaasgevind het in die Suid-Afrikaanse letterkunde. Post-Modernisme, Feminisme en die Gay-paradigma het sterker as ooit in die moderne Afrikaanse letterkunde na vore getree. In gay-letterkunde het Koos Prinsloo se kortverhaalkuns 'n draer geword van beide Post-Modernisme en die Gay-

paradigma, terwyl Johann De Lange se poësie veral ten opsigte van die gay-paradigma grense verskuif het. Op daardie stadium het die homofiele-paradigma nie 'n aanvaarde status besit binne die gemeenskap nie. In terme van die posisie van die letterkunde, het skrywers 'n sterk politiese trant gevolg en hier het Prinsloo se werk 'n duidelike aanklank gevind. Slagplaas (1992) het as bundel uiting gegee aan weerstand teen die samelewing se huigelary, terwyl die teks beskou kan word as 'n satire op die werklikheid. Soortgelyk aan Rechy wil Prinsloo homofiele seks uitbeeld, maar hier is dit nie net aangaande die dade nie, maar deur middel van die overte seksuele dade (in Afrikaanse literatuur) wat uitgebeeld word in die bundel.[14]

Koos Prinsloo beeld myns insiens die hele wêreld se beheptheid met seksualiteit uit in sy bundel (beide heteroseksueel en homofiel). Slagplaas, as homofiele letterkunde, belig nie net die gay-milieu nie, maar lewer kommentaar op die samelewing en sy norme. Prinsloo sleep lesers doelbewus in die gay-subkultuur om hulle bewus te maak dat dit nie verskil van die heteroseksuele norme nie. Deur middel van verhale soos 'Slagplaas' probeer Prinsloo bevestig dat die gay-man dieselfde sosiale posisie beklee as enige ander mens. Die titelverhaal dien, soos die bundel, as 'n sosiale rebellie waar die wêreld uitgebeeld word as 'n warboel van drange, seks en bloed, waarvan die skrywer nie kan ontsnap nie. Lesers word in die posisie geplaas waar hulle die 'werklikheid' nie kan ontsnap nie. Prinsloo verseker dat die lesers voyeurs is en deelnemers word aan die dade, deur middel van die eksplisiteit waarmee seksdade uitgebeeld word (soos met die krasheid van cruising). Deur die eksplisiteit waarmee die outeur lesers konfronteer, bevraagteken hy die samelewing se objektiwiteit, en reg om

[14] Rechy se doelstelling was om cruising te bedryf as 'n revolusionêre daad, teenoor Prinsloo se skryf-aksie, wat dien as revolusionêre uiting teen die (Suid-Afrikaanse) samelewing en hul norme.

kritiek te lewer. In Slagplaas word die wêreld se beheptheid met seksualiteit (en nie net homofiele seksualiteit nie) uitgebeeld met skreiende kritiek. Deur middel van die bundel se titel en titelverhaal is metaforiese aanklank gevind by die reuk van dood wat as't ware die bundel soos 'n slagplaasreuk deurtrek ( in 'Slagplaas', 'Voor die oorlog' en 'Sy het nie 'n geluid gemaak nie' o.m.). Die wêreld bevind sigself in 'n spinnerak van geweld en aangesien die heteroseksuele sosio-polities in die meerderheid is, laat Prinsloo lesers besef dat die kritiek wat die homofiele gemeenskap ontvang, onbenullig vertoon teenoor die brutaliteit van die hegemoniese patriargie.

### 3.1.3 CRUISING IN DIE AFRIKAANSE LITERATUUR IN DIE WERK VAN JOHANN DE LANGE

Johann De Lange se digkuns het tydens die vroeë Negentiger-jare 'n politieke standpunt ingeneem, deur middel van die literêre uitbeelding van die gay-subkultuur van cruising en daardeur die posisie van die gay-paradigma in Afrikaanse literatuur bekragtig. In die bundel Nagsweet (1991) is drie gedigte opgeneem met die titels 'Cruise I', 'Cruise II' en 'Cruise III' wat fokus op die bedryf van cruising, sowel as die ruimtes waarin dit bedryf word.Die gedig 'Cruise I' fokus op die publieke toiletruimte waar twee mans mekaar jag en die spreker leser insig gee tot die gevoelens en vrese wat die ervaring veroorsaak. In die eerste vers word die spreker benader deur die ander man vir 'n "light" (versreël een) en dit dien as 'n manier vir die twee mans om mekaar van nader te beskou. Daardeur is 'n geleentheid geskep waar die mans kan besluit of hulle tot mekaar aangetrokke word of nie. Die spreker merk dan op dat die

ander "ruik na man en reun" (versreël drie) en hierdie opmerking in die eerste strofe gee 'n aanduiding van die spreker se ingesteldheid op die fisieke vlak.[15]

In die tweede vers is daar 'n aanduiding van die belangstelling wat die twee mans in mekaar toon. Die spreker is onseker of hul belang in mekaar fisiek of emosioneel kan wees, maar vanaf daardie punt kry lesers deur middel van vers drie die indruk dat die ontmoeting veral op die fisieke vlak gefokus is. Die spreker suggereer dat hul samekoms is onder omstandigdhede waar "geweld gebeur" (versreël ses), maar hierdie "geweld" kan 'n metaforiese verwysing wees na die bedryf van seks wat nie met emosie belaai word nie. Hierdie strofe gee aan die lesers insig in die feit dat cruising beperk word tot die naglewe weens die wette wat voorheen in Suid-Afrika gegeld het, waar die spreker aandui dat hul ontmoeting "in die skemer" (versreël ses) plaasvind. Die suggestie dat die "geweld" 'n metafoor vir die fisieke belangstelling kan wees, word bevestig deur wat in die derde vers volg. In hierdie vers word die "geuiter"-de woord van die cruise-ervaring uitgebrei as die kenmerk van die bedryf. 'n Emosielose beskrywing van die ander se manlike lyf word aangebied, maar die gegewens word gekoppel aan die klassieke gegewe van Orpheus.[16] Aanvanklik word die geslagsdele aan die einde van die derde vers beskryf as "die roede" (versreël nege) "geamputeer" (versreël tien), wat die spreker se mening insluit oor sy vergelykende opmerking dat die ander man se geslagsdeel nog nie geprikkel of gestimuleer is nie. Die digter gebruik die woord "geamputeer" om die nie-seksuele toestand van die ander man aanvanklik te belig. Lesers kry egter die idee dat die spreker meer "sien" as wat beskryf word, deur middel van 'n vlugtige psigiese "Freudiaanse

---

[15] Daar is 'n duidelike verwysing na 'n dierlike vlak wat metafories gekoppel kan word met die seksuele instinkte van die mens soos in Danie Botha se verhaal "Van klei" in Die Soft Rock Klub (1995).

[16] Weens die Orpheus-gegewe kry 'n mens insig tot die verering van die manlike liggaam, alhoewel hier meer gefokus word op die stuksgewyse manier waarop die man se liggaam te siene kom, wat met die verskeurde liggaamsdele van Orpheus vergelyk word, nadat die Thrasiese maenids hom gedood het [Jobes 1961: 1216-1217. Dictionary of Myth Folklore and Symbols, Part 2].

Glips" wat in versreël nege voorkom "(deur 'n loergat styf)". Dit is asof lesers, die spreker se gedagtes kan lees terwyl daar na die ander man se liggaam gekyk word. Myns insiens laat die digter lesers toe om bewus te wees van hierdie gedagte. Daardeur word die psigiese ingesteldheid van die individu op die seksuele, tydens cruising (soortgelyk aan John Rechy se hele oeuvre) voorgestel.

In die vierde vers word hierdie ingesteldheid bevestig deur die spreker wat die ander man se seksuele potensieel bevestig wanneer hy uitlaat dat die geslagsorgaan "immer gereed is soos 'n springmes" (versreëls tien en elf). Die feit dat daar wegbeweeg word van die oppervlakkige, sosiale ontmoeting tot 'n vlak van sosiaal verhulde en verstote optrede plaas die ervaring van die gay-individu in duidelike kontras met gemeenskaplike verwagtinge. Binne die konteks van die cruising-jagveld is dit egter normaal om te fokus op die seksuele vlak, aangesien dit juis die vlak is waar bevrediging verkry kan word. In versreëls elf en twaalf van die vierde strofe word hierdie motief verder gevoer terwyl die twee mans mekaar opweeg in terme van seksuele belangstelling ("Ons staan mekaar met die oë en meet"). Die gevolg van hierdie opmeting word voltrek in die vyfde vers wanneer die spreker sy gevoelens op'n agterbakse wyse aan beide die man en die leser openbaar. Die spreker gee te kenne dat die interaksie met die ander man hom óf emosioneel óf fisiek opgewen het. Lesers kan myns insiens die slot van hierdie gedig op twee maniere beskou, as 'n mens die woord "hart" (versreël vyftien) op 'n dubbelsinnige wyse beskou. Eerstens, is dit moontlik om die karakter se "hart, polsend soos 'n kool," te beskou as (seksuele) opgewondenheid ten opsigte van hul ontmoeting. Hierdie moontlikheid kan onderskraag word ten opsigte van die laaste versreël wat die aard van cruising bevestig as 'n bedryf wat op die fisieke aard van die individu fokus. 'n Tweede interpretasie van die laaste vers mag egter die emosionele aspek van die individu belig tydens

die cruising-proses. Die "hart" is 'n alombekende metafoor vir die emosies in letterkunde[17]. Die metaforiek vir die emosies, naamlik sy "hart, polsend soos 'n kool" (versreël vyftien) word gejukstaposisioneer met 'n pure fisieke aksie van urinering. Dit kan moontlik aandui dat die karakter se emosionele posisie in hierdie milieu heeltemaal afgeskeep word ten gunste van 'n fisieke verlange. Die karakter wat in hierdie geval cruise, gee dalk sy gevoelens prys om 'n seksuele "encounter", of te wel ontmoeting, te bevoordeel.

In 'Cruise I' word veral die jag-terrein van cruising blootgelê met betrekking tot die toiletruimte as deel van die milieu waartoe die gay-persoon verplig word weens gemeenskaplike vooroordeel. Hierdie einste ruimte word verder ontgin in 'Cruise II' waarin lesers verdere geleentheid gegun word om insig te kry in die seksjagter se ervaringe. Hierdie gedig begin wanneer die spreker gecruise word deur 'n ander man (' "Wil jy" ? '), maar hul ontmoeting in die publieke toilet word onderbreek deur die klanke van iemand wat die jagruimte benader ["toe hoor ek stewels buite knars"- versreël twee]. Die outeur gee egter nóg aanduiding of die spreker gay is, nóg aanduiding of hy cruise, maar dalk 'n suggestie van sosiale vrees en wetlike vervolging wat deur cruisende gay-mans ervaar word, wat die spreker moontlikheid van seksuele kontak laat verbreek ["en rits my haastig toe,"- versreël drie] en op te tree binne die perke van die sosiaal aanvaarbare, deur voor te gee dat hy slegs die toilet gebruik het. Hy staan voor die wasbak, maar gebruik tog die spieël om sy mede-cruiser empaties te bedank vir sy aanbod, terwyl dié "by die krip plek maak vir 'n fris skoolprefek". Die spreker beskryf die cruiser in terme van sy genitalieë, wat weer duidelike klem plaas op die seksuele aard van cruising, terwyl daar ook melding gemaak word van die fisieke

[17] Olderr (1986: 68-69) beskryf die hart as 'n simbool vir die liefde, romantiese liefde en liefde as die setel van geluk, terwyl Cirlot (1971: 141-142) laasgenoemde feit bevestig en byvoeg dat die hart, die brein en selfs die seksuele organe daardeur simboliseer word.

aantreklikheid van die seuns-agtige jagter wat ingekom het. Die spreker vermoed dat hierdie inkomeling self jag en dat dié ongenoemde tekens toon van seksuele beskikbaarheid. 'n Mens kan slegs aanneem dat die spreker iets opgelet het wat hom laat opmerk dat hierdie "skoolprefek" "ook na mansvleis smag" (versreël nege). Die outeur gee deur middel van die stelling 'n beklemtoning van die uitsluitlike seksuele aard van cruising waarna ge-"smag" (versreël nege) word.

Die spreker beweeg egter weg van die "scene" wat mag afspeel in die toilet ten spyte van die fisieke verlange wat dáár bevredig kon word. In die laaste versreël lewer die outeur kommentaar op die wêreld van die persoon wat cruise deur middel van die beskrywing van die jag-tydperk. Die spreker verlaat die toilet en "stap uit in die honger nag", wat 'n projeksie kan wees van die spreker se gevoelens óf die outeur se insigte in die jag-milieu. Vir die seksjagter is die naglewe dus 'n tyd waarin hy uiting kan gee aan sy gevoelens van verlange na seksuele kontak met ander. Met betrekking tot die gedig, verteenwoordig die konklusie van die "honger nag" óf die spreker se ongeuiterde verlange, óf die verlange van ander jagters soos die twee in die toilet. Die skrywer gee deur middel van "Cruise I" en "Cruise II" skamele insig in die seksuele en emosionele aspekte van die psige van die seksjagter. In die derde gedig oor cruising kry lesers egter 'n beter geleentheid om motiewe en emosionele ervaringe te ondersoek met betrekking tot cruising.

In die laaste van die "Cruise"-triologie word verdere kommentaar gelewer op die skadu-lewe van die jagter en die geheime lewe van die cruisende gay-persoon. Die eerste koeplet gee reeds aanduiding van die emosioneel-belaaide jaglewe van die seksjagter, wanneer die outeur die hoofkarakter se jagruimte betree. Dit is amper asof die jagter deel is van 'n skadu-wêreld waarin hy "omsigtig" beweeg voordat die jagproses as't ware vorm aanneem. Die karakter

word beskryf as 'n "junkie op soek na tos"; 'n verslaafde aan die proses van cruising.[18] In "Cruise III" kry lesers nie in die aanvanklike stadia enige aanduidings van die hoofkarakter se psigiese motiewe vir cruising nie. Die tweede vers gee duidelike aanduidings van die (algemene) geheime jagtydperk (naamlik snags) wat weer eens die gay-cruiser se vrees vir gemeenskaplike straf, vir die oortreding van sede-wette, beklemtoon. Lesers begin in die tweede koeplet egter motivering van die jagter se gevoel van ingehoktheid ervaar, wanneer hy tydens die jagproses onskuldig deur die maan belig word. Tydens die jag-proses word die maan 'n "tronkmaan" wat in der waarheid (deur die beligting van die jagter) die karakter se jagproses in gevaar stel deur hom kwesbaar te maak vir in hegtenisname, maar dalk simbolies die psigiese aard van sy soeke openbaar. Die maanlig dwarsboom natuurlik nie die individu se pogings om kontak te maak met andere nie, maar plaas die skadu-aard van die cruiser se nagwêreld in gedrang. Die derdepersoons-outeur suggereer dalk met die "penorent"-maanlig dat die cruiser voel asof die maanlig sy pogings in die nag dwarsboom, deur 'n tipe soeklig op hom te plaas. Die psigiese plesier van cruising is juis om op 'n onopsigtelieke manier kontak te maak met andere, ten spyte van die gemeenskap se pogings om die cruising-subkultuur teen te staan.

Lesers kry in die derde en vierde strofes verdere insig in die ingehokte gevoel wat die karakter ervaar in terme van beligting (in hierdie gevalle straatlig). Die metafoor van die tronk word verder gevoer deur die karakter se bekentenis dat sy wandel sal "lei na Barkley-plein" (versreël agt) wat 'n moontlike cruising-terrein kan wees. Dit lyk of die karakter sy ervarings binne die cruising-arena beskou as 'n tronk waarin hy homself laat beland het, asof met elke cruising-tog

---

[18] Dit herinner 'n mens aan John Rechy se hoofkarakter in <u>The Sexual Outlaw</u> (1977), wat bewus was van die verslawende effek wat cruising psigies kon inhou. Lesers sal later sien in Rechy se werk <u>Numbers</u> (1967) hoe karakters bewus is van verskeie psigiese redes vir cruising.

"stap hy gevonnis na sy sel" (versreël ses). Weer eens word die idee van verslaafdheid wat voorheen genoem is, geopenbaar as 'n faktor binne die bedryf. Die outeur stel verder voor dat cruising, in terme van verslaafdheid, vergelyk kan word met "honger soos 'n pyn" (versreël sewe). Daar word dus voorgestel dat die drang om te jag metafories verslawend, tog skerp en verswakkend is, soos hunkering na voedsel. Hiermee word verdere aanklank gevind met die metaforiese gebruik van die woord "honger" in die laaste versreël van "Cruise II" waar die idee van 'n noodsaaklike of verslawende verlange (met psigiese ondertone) voorgestel word.

In die vyfde koeplet word die sentraliteit van die toilet-ruimte as cruising-arena beklemtoon wanneer die hoofkarakter afgeloer word, terwyl hy urineer. Die sintuiglike gevoeligheid binne die cruising-situasie word uitgelig deur die outeur se opmerking van " 'n Kraan (wat) lek iewers" (versreëls tien en elf), wat aandui hoe die jagter aandag gee aan die detail van sy omstandighede en dalk luister vir enige geluid wat hom van die gevaar van arrestasie kan waarsku. In "Cruise II" is hierdie aspek ook genoem met betrekking tot die vrees wat die jagter het vir arrestasie ingevolge die vorige wette in Suid-Afrika. In die sesde strofe is daar 'n verandering van perspektief, wat 'n verandering van die manier waarop die leser gebeure in die gedig beskou, aandui. Aanvanklik was die verteller 'n derdepersoonsverteller wat lesers ingelig het oor die aksies van die hoofkarakter, maar vanaf versreël elf word gebeure oorgedra deur 'n eerstepersoonsverteller. Hierdie verandering van perspektief kan aanvanklik verwarrend wees vir lesers, maar die leser kry soos in "Cruise I" en "Cruise II" informatiewe insigte in die emosionele ervaringe en indrukke van karakters. Dit word mettertyd duidelik dat die karakter wat aanvanklik in die gedig opgetree het, nou afgeloer word deur 'n tweede persoon (d.w.s. die nuwe eerstepersoonsverteller). Hierdie tweede karakter is aanvanklik die een wat afloer (strofe ses), maar terselfdertyd die een wat later afgeloer word deur die eerste karakter (strofe tien). Weens die verandering in vertellings-perspektief word die emosionele en seksuele

drange van die karakters op 'n voller manier uitgebeeld. Die tweede karakter "hoop" in versreëls dertien en veertien "dat hy óf ek vanaand geholpe raak by hierdie plek" wat insig verleen in die seksuele verlange om bevredig te word, en daardeur die fisieke kruks van cruising. Die toilet-ruimte word in 'n mate 'n oord waarin seksuele vervulling verwag kan word en daarom geniet dit soveel aandag as cruising-ruimte in die gay-milieu.

Die psigiese verlange na fisieke bevrediging word onderskraag deur die verlange wat vorm vind deur middel van die fisieke optrede. Vanaf versreël vyftien word die kyk-aksie uitgevoer deur die eerste karakter wat die ánder begin afloer deur 'n loergat wat deur 'n muur "geboor" is. Die eerstepersoonsverteller brei uit op die metaforiek van gevangenskap deur voor te stel dat die gat gemaak is deur iemand wat "die verlange van 'n medeprisonier" besit het, wat herlei kan word tot die tematiek van sosiale ingehoktheid wat deur die gay-individu ervaar word in die gemeenskap. Die verlange om met die ander persoon te verkeer is dus nie net op die seksuele vlak nie, maar soos in tronke dalk ook op die sosiale vlak. Die spreker gee te kenne dat hy dopgehou word deur " 'n nat oog (wat) gitswart staar: knipperloos, sidderstil, wondbaar" (versreëls sewentien en agttien). Weens die feit dat die eerste karakter die ander een dophou, wat in der waarheid deur dié aangemoedig en toegelaat word, word beide karakters se verlange en weerloosheid in hierdie ruimte duidelik. Daar is die gebruik van die woord "wondbaar" wat bevestig dat die eerste karakter 'n diepgesetelde weerloosheid mag verberg te midde van die barre emosionele omstandigdhede. Hierdie weerloosheid word in die tiende strofe bevestig deur middel van die eerstepersoons-perspektief waar opgemerk word dat hy nou die fokus word van die ander man wat sy "blik vermy" (versreël twee-en-twintig). Die spreker word deur die ander man begeer want hy word "die locus van begeerte," van " 'n lewende kamera" wat al sy bewegings "patrolleer," maar tog sy "blik vermy" (strofe elf) dalk ten gunste van 'n voyeuristiese blik van sy liggaam. 'n Mens kan die idee kry dat die tweede

karakter se verlange (ten spyte van sy weerloosheid) op 'n beheerste en doelbewuste manier bedryf word. Sy "onrus" is voyeuristies "gefokus" op die spreker wat 'vasgevang' word deur die ander se seksuele verlange.

In strofe twaalf vind lesers 'n verdere perspektiefs-verandering wanneer die karakter wat voorheen in die gedig deur die derdepersoonsverteller beskryf is, skielik vanuit 'n eerstepersoonsperspektief begin vertel. Vantevore het die hoofkarakter (aanvanklik 'n eerstepersoonsverteller) die ander een as 'n baie weerlose karakter beskryf. Weens die feit dat die vertellers-perspektief omgekeer het, kan die leser insig kry in die manier waarop die hoofkarakter beskou word deur die ander man (wat aanvanklik vanuit 'n derdepersoonsperspektief beskryf is). Die outeur laat lesers besef dat albei karakters ewe weerloos is, aangesien die hoofkarakter ook beskryf word met betrekking tot die gevangenskap-motief ["In sy sel," (versreël drie-en-twintig)]. Die idee van die cruisende man se sosiale ingehoktheid word belig aangaande die hoofkarakter se eie wondbaarheid, waar hy homself "aanbied of ontbloot". Die derdepersoonstegniek kon aanvanklik die skrywer se manier gewees het om die hoofkarakter se vermoë aan te dui, waardeur hy homself distansieer van die omstandighede waarin hy homself bevind het, maar ook van die milieu waarin hy homself emosioneel en psigies blootgestel het. Deur middel van die ander man se perspektief op die hoofkarakter, word dit duidelik dat sy situasie nie veel verskil het van die ander man s'n nie. Vanuit die ander man se perspektief is die aanvanklike spreker en hoofkarakter dus ook besig om homself beskikbaar te stel. In die oë van die ander man is die hoofkarakter "naak" (versreël drie-en-twintig) in sy eie gevangenskap en "dit raak my wat dieselfde straf uitdien, die kyker". Die nuwe eerstepersoonsverteller besef dat hulle 'n gedeelde lot het waaraan hulle hulself uitlewer tot 'n milieu waarin hulle baie weerbaar is. Hierdie besef vind plaas terwyl hy die man in die hokkie afloer en gee insig in die psige van die individu wat cruise. Daar is 'n

duidelike aanduiding dat ten spyte van hierdie ontnugterende gedagte cruising steeds as doelbewus en vervullend ervaar word. Beide "Cruise I" en "Cruise II" fokus op die vervulling van die seksuele verlange, maar selfs daar kry lesers 'n suggestie van die verdere psigiese kwellinge. Hierdie suggesties word verder uitgelig in "Cruise III" wanneer die tweede karakter in die voorlaaste koeplet aanmerk dat "albei" van hulle ten spyte van hul weerbaarheid en gevangenskap met betrekking tot cruising daardeur "ryker" word. Die spreker brei egter nie uit op watter aspek hy die verspreiding van hul "rykdom" sien nie, maar 'n mens kan voorstel dat die fisieke plesier wat verkry is deur hul gemeenskaplike voyeurisme hier wel getel het.

Die slot-koeplet gee die uiteindelike psigiese gevolge van die ontmoeting deur middel van nog 'n skynbare perspektiefs-wysiging. Die spreker in dié koeplet is blykbaar 'n eerstepersoonsverteller wat egter vanuit geen fisieke of posisionele oogpunt praat, vanuit die jagruimte nie. Daar is geen aanduiding of die persoon in die hokkie is nie, of van buite die hokkie praat nie. Hierdie leser wil voorstel dat die slot-koeplet se perspektief deur die outeur bepaal word as 'n insig in wat beide karakters psigies ervaar. Die "onrus" (versreël agt-en-twintig) wat die ervaring veroorsaak dui nie slegs op 'n fisieke onrus nie, maar omdat dit juis deur die "flikkerende" (versreël sewe-en-twintig) oog van iemand anders weerkaats word, is daar dieper psigiese vlakke daaraan gekoppel. Die sprekers sien hul eie weerlose lewens in dié van die ander man en deur die gebruik van die woord "hart" (versreël agt-en-twintig) word die suggestie gemaak dat hul emosies en psige aan andere blootgestel word tydens die cruising-proses.

## 3.2 DIE PSIGO-SEKSUELE ASPEKTE VAN CRUISING

Van tevore is daar gefokus op die sosio-politiese redes agter die cruising-bedryf, wat 'n invloed het op die proses van cruising self. Daar is gefokus op John Rechy se werk The Sexual Outlaw (1977) wat in Amerika daarop uit was om die gay-gemeenskap polities aan te spoor om te cruise. Tydens 'n indringende ondersoek van die Afrikaanse literatuur is daar vasgestel dat baie min letterkunde geskryf is om insigte te verleen in cruising in die Suid-Afrikaanse milieu.

In die aanvanklike bespreking oor cruising is na verskeie definisies gekyk waar vasgestel is dat die een aspek waarop alle definisies ooreenkom, die seksuele eindpunt was wat cruising ingehou het. Hierdie leser het egter daarop gewys dat alle definisies die emosionele aspek afgeskryf het, behalwe Isaacs en Mckendrick (1990) wat nouliks voorgestel het dat daar 'n onderliggende psigiese stimulis kan wees ten opsigte van cruising (en net in terme van die sosiale gevaar wat as seksstimulis kon dien). Met betrekking tot die ervaring van sosiale druk wat invers kan lei tot cruising, is dit tog onwetenskaplik (en dalk naïef) om die moontlikheid te oorweeg, dat daar geen psigiese drif is wat tot cruising lei nie.

Aangesien die aspek van cruising vir sekere mense in die gay-milieu 'n sosio-politieke impak het, is dit moontlik om af te lei of daar wel emosionele belange gemoeid is met hierdie gebruik. Hierdie leser wil voorstel dat die seksuele ervaringe tydens cruising slegs dien as 'n metafoor, of as 'n doel, om 'n psigiese aspek te vervul. Daar is verskeie benaderings tot cruising wat na vore kom wat lesers insig gee in die manier waarop cruising bedryf word. Om hierdie verskeie benaderings ten volle uit te beeld, moet lesers egter besef dat die seksuele aspek nie

onafhanklik bestaan van die emosionele lewe van die psige nie. Cruising het verskeie waardes of rolle vir verskeie persone, met sommige mense wat net 'n seksuele nood wil bevredig, terwyl andere dalk 'n permanente verhouding soek deur middel van die jag of dalk wil beantwoord aan 'n psigiese nood. Die emosionele aspek van cruising val, myns insiens, onder die psigiese nood wat mag dui op die soeke na 'n minnaar, en op daardie wyse 'n beswering van psigiese eensaamheid mag verteenwoordig. Die beswering van eensaamheid is dalk, op die een of ander vlak besien, die onderliggende dryfveer wat alle mense (gay of heteroseksueel) na ander mense dryf, wat natuurlik gepaard gaan met die verlange om gemeenskaplik aanvaar te word (op 'n sosiale, emosionele en seksuele vlak). Die emosionele bevrediging wat nagestreef word, neem óf die vorm aan van die pure emosionele verlange na 'n ander, óf kry uiting op die fisieke en seksuele vlak. Dit is nodig om hierdie verdere moontlikhede in gedagte te hou indien dit as aanduiding kan dien van emosionele belange tydens cruising, sodat daar na bewyse gesoek kan word van diepere psigiese soeke, tydens die praktyk van cruising.

### 3.2.1 CRUISING AS PSIGIESE NOOD

Die psigiese soeke kry soms uiting as 'n narsissistiese houding waar psigiese bevrediging plaasvind, wat die persoon ervaar danksy die manier waarop sy fisieke aantreklikheid andere lok. Die werk van John Rechy kan weer eens beskou word as 'n goeie insig in narsissisme in die cruising-milieu met sy werk Numbers (1967). In teenstelling met die politiese aard van The Sexual Outlaw (1977) wat 'n dekade later verskyn het, gee hierdie roman insig in die emosionele struwelinge van die gay-persoon weens, en tydens cruising. Numbers (1967) fokus egter meer op die narsissistiese aspek van 'n persoon wat cruise. Die seksuele drif word 'n manier om die narsissistiese drif te bevredig, met die seksuele wat in verhouding staan tot die

karakter se narsissisme. Dit is moeilik om te bepaal watter drif die oorweldigendste is, aangesien die karakter se seksuele drange ondergeskik word aan die verlange om deur ander begeer te word. Lesers kry dalk beter insig in hierdie aspek van cruising as die Numbers-teks verduidelik word in terme van die narsissistiese aspek van cruising.

Die hoofkarakter in die roman Numbers (1967) is 'n man genaamd, Johnny Rio, wat na 'n drie jaar lange verlof in sy tuisdorp, Laredo, na Los Angeles terugkeer. Lesers word in kennis gestel dat die karakter in 'n mate die stad ontvlug het weens 'n psigiese nood wat hom begin aftakel het.

Kort nadat hy in Los Angeles arriveer, loop hy iemand raak wat seksueel aangetrokke tot hom is en wat hom sal betaal om seksueel te verkeer. 'n Mens kry daardeur kortliks insig in Johnny se werk toe hy van te vore daar gewoon het. Dit is duidelik dat hy 'n "hustler" was, d.w.s. 'n manlike prostituut wat deur andere betaal was vir seksuele omgang ["Though his taken money in exchange for sex over and over and over...Is this why I've come back? To prove to myself I can still hustle?" (Rechy 1967: 24-25)]. Die karakter gee aan homself te kenne dat hy van te vore sy "hustling" as 'n bevrydende aktiwiteit beskou het, maar daar is tog suggestie dat hy dit nie meer as sodanig beskou nie. Waar hy van tevore "hustling" bedryf het as 'n manier om finansieel te oorleef is dit nie meer nodig nie, aangesien die karakter spaargeld en vervoer het, wat tydens sy verblyf in sy tuisdorp verdien en verkry is [Rechy 1967: 24-26].

Lesers moet besef dat die karakter om andere redes na Los Angeles teruggekeer het. Dit blyk dat die karakter slegs teruggekeer het vir 'n tydperk van tien dae juis om sy ego te bevredig, deur middel van andere wat seksueel na hom smag. Wanneer die karakter in Los Angeles na 'n filmteater gaan, is dit juis om vas te stel of andere hom sal begeer. Dit word veral uit hierdie

punt duidelik wat die hoofkarakter, Johnny, in die stad kom soek het. Narsissisme tree in hierdie geval op die voorgrond en gee aanduiding tot die karakter se verlange en wense. Johnny betree nie die teater met die gedagte om ander te cruise nie, maar met die verlange om deur ander gecruise te word ["I want them to want me, I want them to...love...me, he thinks. But of course he means "desire me"; there has alwals been a severe confusion between "love" and "desire" for Johnny Rio" (Rechy 1967: 76)]. Daar is 'n duidelike besluit om nie te cruise vir seksuele genot nie, maar liewers om psigiese of emosionele bevrediging (deur middel van cruising) te bekom. In die geval van dié karakter is daar 'n smagting om deur ander begeer te word op 'n fisiese en seksuele vlak. Cruising is in die geval van Johnny Rio nie so seer oor seksuele omgang met andere nie, tog wel psigiese bevrediging wat bereik word deur middel van die aandag (fisies en seksueel) wat andere in hom toon.

Die karakter verlustig hom, tydens sy verblyf van tien dae, in die makabere verlange om in daardie tydperk seksuele kontak te hê met dertig mans. Johnny het egter te kenne gegee dat die fisieke kontak eensydig sou wees met dié wat hom begeer, en nie andersom nie. In 'n gesprek met 'n paar vriende erken Johnny (aan andere en in 'n mate aan homself) waarom hy cruise. Deurgaans kry 'n mens insig in die karakter se verlange om na gesmag te word, maar die redes word stuksgewys bekendgemaak aan lesers.

### 3.2.3 NARSISSISME IN <u>NUMBERS</u> (1967)

Die karakter word deur sy vriende uitgedaag om weg te breek van sy persoonlike drang om eensydig met iemand te verkeer (d.w.s. waar hy nooit openlik in iemand belangstel nie, maar dat ander hom altyd benader). Hier kry lesers insig in die karakter se persoonlike cruising styl

en bedryf. Die ander karakters is bewus van Rio se eensydige bedryf en stel dit voor as die setel van Rio se verlange om te cruise. Hulle gevoel is dat die bedryf tydens cruising, om apart te staan en nie deel te neem tydens omgang nie, die individu emosioneel skade aandoen en van geluk mag beroof. Die outeur verskaf, as derdepersoonsverteller, die antwoord tot Rio se vrese waar uiting gegee word tot die opsomming van sy benadering tot cruising: "They all know what his one-sided scene is: the single homosexual act which is his symbol of sexual power: to have his body adored" (Rechy 1967: 169)]. Weens hierdie egosentriese benadering kry lesers die idee dat narsissisme grotendeels gaan oor die karakter se eie seksuele bevrediging, maar nie andere s'n nie. Dit is duidelik in die geval van Johnny Rio dat die seksuele drang in 'n sekondêre posisie staan tot die begeerte om fisiek en seksueel begeer te word.

Vanweë die bogenoemde aanhaling uit <u>Numbers</u> sien lesers dat Johnny se egosentriese manier van cruising as 'n "simbool van seksuele mag" beskou kon word. In die roman is daar telkens verwysings na die wyse waarop ander Johnny se seksuele mag bevestig deur hul bereidwilligheid om met hom te verkeer op sy voorwaardes. Een jong man benader Johnny vir omgang waar albei bevredig kan word, maar Rio verwerp hierdie voorstel ten gunste van 'n voorstel waaruit net hy plesier sal ondervind. Die ander karakter het die tweede voorstel self gemaak om Rio as seksmaat te behou, ten spyte van die verwerping van die eerste een. Johnny kry dit juis reg om sulke seksuele mag te besit weens sy fisieke aantreklikheid wat hom bevoorreg (Rechy 1967: 182). By 'n vroeëre geleentheid toe Johnny die filmteater besoek het, was dit duidelik dat hy homself as die middelpunt van aksie beskou het: "Sitting there waiting, he feels - he knows he is-more desirable than ever....Johnny is aware of eyes focussing on him anew - to see him better in this light. There's no doubt he's the central point of attention" (Rechy 1967: 83)]. Die karakter ervaar andere se belangstelling met 'n genoegsame gevoel wat

aandui hoe selfbewus, maar tog hoe kwesbaar hierdie karakter is. As ander mense wat cruise dus nie belangstelling in hom toon nie, of iemand anders bo hom verkies as seksmaat, is dit 'n duidelike psigiese hou waardeur die karakter gekwes word.

Deur narsissisme te bestudeer kan lesers duidelik opmerk dat die cruising-proses vir Johnny oor meer as net die fisieke gaan. Rechy se karakter fokus op 'n dieper psigiese belang as net die seksuele, waar die persoon homself net as belangrik ag indien hy deur ander begeer word. Cruising gaan psigies dus oor 'n soektog na erkenning en aanvaarding, op 'n sosiale en 'n emosionele vlak. Indien andere die narsissistiese individu se soeke beantwoord, voel die persoon dat andere in hom geïnteresseerd is, maar as die persoon verwerp word, is daar 'n psigiese pyn wat ervaar word. Cruising tree in 'n mate op as 'n element wat standvastigheid aan die individu verleen, en daarsonder is dit moeilik om eensaamheid te besweer op die emosionele en die seksuele vlak. Die sosiale eensaamheid word aangespreek deur die eienaardige samesyn wat ervaar word tydens die cruising-proses. Die karakter gee egter op 'n vlugtige wyse sy redes vir sy verhuising na Laredo wat oënskynlik gekoppel was aan sy psigiese verlange na erkenning, tydens hustling, waar dieselfde verlange na erkenning van sy fisieke aantreklikheid hom in 'n mate teleurgestel het, of in die steek gelaat het ["Then precisely one day after he told himself he was completely rid of the need for the life he'd fled - that day, as he stood looking at himself in the mirror, he felt curiously that he had ceased to exist, that he existed only in the mirror. He reached out to touch himself, and the cold glass frustrated him. Before, others had confirmed his existence with admiration" (Rechy 1967: 23)]. Die bevestiging van die narsissitiese cruiser (en hustler) se smagting na erkenning word beklemtoon in die aanhaling. Die individu voel magteloos en voel dat daar nie net geen erkenning van sy fisieke aantreklikheid en aanloklikheid is indien andere nie na hom smag nie,

maar dat daar as't ware geen erkenning van sy bestaan is nie. Hiermee gaan die emosionele, sosiale, fisieke en die seksuele verlange hand-in-hand.

Rechy se karakter word deur sy vriende ondervra aangaande sy verlange om met presies dertig mense te verkeer tydens sy tiendaagse verblyf, maar hy kan aanvanklik met geen antwoord vorendag kom nie. Tydens sy gesprek met Guy, kom Johnny tot die besef dat hulle baie eenders is en albei verlang na gemeenskaplike seksuele verkeer om die eensaamheid te verwerk, iets wat Rio gedurende sy hele verblyf van sestien dae nie met 'n enkele persoon gedoen het nie. Beide karakters wil weens hul fisiske aantreklikheid deur ander geadmireer word, en na gesmag word. Aanvanklik kan hulle nie met mekaar wees nie, omdat Guy se maat, Paul, besef wat aan die gang is en Guy dreig met die staking van hul verhouding. Die twee karakters se verlange word ingeperk deur Paul, en eers later in die verhaal kry Johnny en Guy die geleentheid om seksueel met mekaar te verkeer.

Ten spyte van Paul se hartseer het Guy en Johnny tog besluit om seksueel met mekaar te verkeer (Rechy 1967: 240). Die skrywer laat lesers verstaan dat die ervaring vir Johnny Rio 'n beantwoording was van sy onvertroudheid met betrekking tot dieper emosionele verhoudings. Die idee van wedersydse seksuele verkeer was vir Rio 'n onbekende element in sy seksuele-ervarings, wat met die aanvang van die omgang gevoel het soos beweging "toward a further, symbolic country whose outskirts Johnny Rio knows intimately but whose interior he has left unexplored" (Rechy 1967: 237-238). Vir Rio was hierdie ervaring met Guy iets wat ingespeel het op sy eie narsissistiese speletjies en wat hy dus met baie psigiese angs ervaar het. Die omgang was vir Rio slegs 'n poging om daardie onbekende "land" van wedersydse, emosionele uitreiking na andere te verken, in 'n poging om die bittere emosionele afgesonderdheid te ontsnap. Dit kom voor of Rio besef dat hy nie te vinde is vir ervarings wat met wedersydse

emosionele (of seksuele) verbondenheid te doen is nie ["That other - that further country...I just...explored it. And ... it isn't mine" (Rechy 1967: 240)]. Lesers moet egter besef dat die verband tussen die emosionele en die seksuele vlak wel 'n rol speel in die karakter se reaksie. Rio het deur sy gedagtes sy psigiese verlange geopper, wat sy eie voorkeure uitgebeeld het, wat in kontras was tot die seksuele ervaring met Paul. Vir hierdie leser blyk dit dat 'n verhouding met wedersydse seksuele aksie vir Rio egter onvergenoegsaam is, en vir hom slegs die eensaamheid beklemtoon het. Dit is asof die element van cruising, deur middel van die beantwoording van sy narsissisme, die karakter se bestaan bevestig. Na die omgang met Guy besef Rio dat die sekerheid dat ander hom seksueel begeer, vir hom 'n aanduiding is van sy bestaan en waardigheid as mens. Die karakter het nie die emosionele verwerp nie, maar liewers die emosionele as metafoor erken vir daardie "verdere land" met meer verwagtinge van die individu ["That wasn't it! That wasn't it! That wasn't my world, and it never will be!" (Rechy 1967: 241)]. Die karakter het besef dat sy eie psigiese voorkeure belangriker was in die soeke na geluk, omdat die omgang met Guy geen blywende emosionele stempel op hom gelos het nie.

Aangesien Rio se tiendaagse cruising-veldtog tot 'n einde geloop het, was hy nie veronderstel om weer te gaan cruise nie, weens die feit dat sy verblyf daarop gemik was om slegs met dertig mans te verkeer. Daar is van tevore voorgestel dat cruising verbind is met tot die beswering van sosiale en emosionele eensaamheid, met die veldtog wat vanuit Rio se oogpunt sou dien as die veronderstelde opgehoopte belangstelling van ander se drif vir hom, van die voorafgaande drie jaar. Met die beëindiging van sy cruising het die karakter blykbaar sy narsisistiese verlange vervul en was gereed om na sy tuisdorp terug te keer, selfs voor sy omgang met Guy. Nadat hy besef het dat die wedersydse omgang hom nie psigies vervul het soos sy narsissisme het nie, was dit asof die psigiese tevredenheid en menslike waardigheid

wat sy oorspronklike soeke na dertig mans vervul het, gekwes was. Rio het die volgende dag (die dag waarop hy na Laredo sou terugkeer) besluit om weer te gaan cruise om die teleurstelling en eensaamheid, wat die omgang met Guy by hom gewek het, uit te wis. Die karakter wou aanvanklik nie aan homself erken dat hy teleurgesteld was met die ervaring nie, maar kon later nie die angs verwerk nie. Die karakter het 'n emosionele angs-aanval begin ervaar wat sy selfversekerdheid afgemat het en emosionele vrese in hom begin opwek het.

Daar is reeds voorgestel dat die karakter van Johnny Rio gecruise het om psigo-seksuele genot te put uit die ervaring. Sy narsissistiese benadering tot cruising het gedien as die aspek waarin hy sy emosionele en sosiale eensaamheid kon besweer. Na sy ervaring met Guy raak dit duidelik dat die karakter nie in die posisie is om sy eensaamheid te verwerk deur middel van cruising nie. Rio se doel om met die dertig mans te verkeer, sou hom teoreties in staat stel om na sy tuisdorp terug te keer en daar te oorleef sonder die noodsaaklikheid van psigo-seksuele kontak met ander. Die karakter sou oorleef deur te steun op die narsissistiese besef dat hy na gesmag word deur andere, soos bewys is tydens sy verblyf in Los Angeles. Dit blyk egter dat die karakter se selfvertroue geknak was na die ervaring met Guy, tot 'n punt waar die sosiale vrees en eensaamheid opnuut bekamp moes word deur middel van sy narsisissme en cruising. Rio het juis daarom weer die cruising-arena betree om die angs teen te werk wat besig was om hom psigies te oorweldig ["And panic invading his body. His heart paused uncertainly at the top of each beat. All the symptoms of fear. Yes. And of terror" (Rechy 1967: 243)]. Met die besef dat sy psige oorweldig word deur die vrees van ongeluk en eensaamheid, het daar in Rio 'n strewe ontstaan na psigiese verwerking van hierdie vrese ["Except that: In Johnny they (die angstige simptome) became a craving to be desired...A harsh demand for sex: a self-contradictory cold excitement" (Rechy 1967: 243)]. Die karakter verwerk sy gevoelens van eensaamheid en onsekerheid slegs deur middel van sy narsissistiese verlange. Rio verwerk die

onsekerheid deur middel van sy narsissisme, wat self-vertroue verleen aan sy psige, te midde van die vrees wat gewek is deur die wedersydse omgang met Guy wat deur sy emosionele mure gebreek het. Slegs die cruising kon 'n element van standvastigheid aan Rio gee, weens die feit dat ander se verlange na hom die emosionele eensaamheid en vrees kon besweer.

# AANTEKENINGE

Hierdie hoofstuk het hoofsaaklik die gay-individu se psigiese ervarings uitgebeeld te midde van verskeie sosiale optredes, wat 'n weerspieëling was van die gay-individu se psigiese ervaringe en daaglikse benadering tot lewenservaringe.

Daar is veral gefokus op die sosio-seksuele bedryf van cruising wat duidelik optree as metafoor vir wat in die psige plaasvind. Die seksuele aspek van cruising kan nie apart gesien word van die bedryf nie, en moet beskou word binne die metaforiese konteks van 'n psigiese uitbeelding. John Rechy se werke het veral aan lesers die geleentheid gegun om vas te stel hoe groot 'n invloed of rol cruising soms het in die gay-ervarings. Rechy bring onder die lesers se aandag dat hy cruising beskou as 'n politiese aksie [The Sexual Outlaw (1977)], en dat hy hierdie punt deur sy werke ook aan die gay-subkultuur wil oordra. Verdere psigiese verlange wat deur middel van werke oor cruising uitgebeeld is, het die strewe na die beswering van eensaamheid ingesluit in 'n kille gemeenskap en psigiese bevrediging deur middel van narsissisme (te sien in Numbers). Sekere verhale deur Koos Prinsloo het 'n soortgelyke element bevat aangesien hulle geskryf is in 'n tyd toe gay-literatuur polities moes wees in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die politiese aard van sy werk is tog steeds nodig weens gemeenskaplike houdings teenoor die gay-gemeenskap, terwyl dit aan die lesers gewys het hoe die samelewing soms reageer teenoor 'n gay-individu en die psigiese effek wat dit op die individu het. Hierdie negatiewe effekte is duidelik uitgewys, en het die onsimpatieke en onemosionele houdings van die samelewing uitgebeeld, in teenstelling tot die gay-individu se eie gevoelens van sosiale verlatenheid en psigiese eensaamheid. Rechy se voorstel dat cruising

beskou moes word as politiese aksie teen die samelewing se norme is radikaal, maar Prinsloo se werk kon op 'n soortgelyke manier beskou word.

Lesers moet besef dat alhoewel die cruising-bedryf indruis teen maatskaplike norme dit een van die min maniere is waarin die gay-subkultuur uiting gee aan hul oriëntasie, en dat dit 'n fisieke metafoor is vir verskeie psigiese verlange in die individu. Deur middel van die literatuur wat cruising aan lesers oorgedra het, is aangedui hoe cruising beskou kon word as 'n manier om vir sekere psigiese en seksuele aspekte van die psige, te verantwoord. Daar is verder aangedui dat cruising nie slegs dien as metafoor vir die psigiese verlange nie, maar dat die natuurlike menslike seksuele drang ook bevredig word deur middel van cruising. 'n Mens moet bewus wees van die feit dat weens die seksuele en pseudo-emosionele beleggings wat cruising inhou dat die psige van die individu as't ware blootgestel word, soos 'n mens opgemerk het in Rechy se karakter, Johnny Rio, in Numbers. Ten spyte van die feit dat karakters soms uitgebeeld is in verskeie liefdevolle verhoudings, het outeurs aangedui dat daardie individue soms tog in die cruising bedryf betrokke was. Hierdie gewoonte is nie uitgebeeld as 'n norm nie, maar dui soos in Numbers aan, dat dit moeilik vir sommige individue was om psigiese bevrediging te vind, deur middel van verhoudings met een minnaar. Dit dui dalk op die moontlikheid dat dit in die gay-subkultuur moeilik is om psigiese sekuriteit en vrede te vind, vanweë verskeie vorms van sosiale en emosionele onreg wat aan individue gedoen is tydens hul vormingsjare, óf voor, óf tydens hul ontwaking as gay-individue.

Deur cruising te beskou in hierdie skripsie word te kenne gegee dat die bedryf 'n groot rol speel in die gay-subkultuur en dat daar sekere aannames gemaak word oor die psige vanweë die bewyse wat voorgelê is. Deur die sosiale bedryf van cruising te beskou, kon 'n mens 'n idee kry van die reaksie van mense in die gay-subkultuur, op die onderdrukkende samelewing.

Hierdie druk is duidelik alreeds op die agtergrond van werke in die skripsie te sien, en eers in hierdie hoofstuk kon 'n mens sien hoe daar doelbewus reageer word op daardie druk. Dit is nie te sê dat cruising die eerste reaksie van die gay-individu teen die samelewing se norme is nie (aangesien ontwaking en coming-out alreeds daardie rol het), maar juis dat dit uitgebeeld word as die eerste maatskaplike rewolusionêre aksie (à la Rechy) van die gay-subkultuur. Op hierdie manier dien cruising as simbool van teenkanting teen maatskaplike norme, maar invers ook as teken van onderdrukking en veroordeling deur 'n skynheilige samelewing.

Hierdie skynheiligheid sal in die volgende hoofstuk openbaar word deur sekere sosiale situasies aan lesers voor te stel, en het 'n spesifieke impak op die gay-subkultuur as geheel, èn dus op die individuele gay-psige. Weens die verooordeling en skynheiligheid wat in die wêreld is, vind 'n mens dat verskeie natuurlike sosiale verhoudings in die gedrang kom. Die negatiewe effekte van dié verwronge verhoudings speel in op die psige van die gay-individu, en beïnvloed die manier waarop individue in die gay-subkultuur se psiges en hul lewensuitkyk benadeel word. Om hierdie rede sal daar na 'n ekstreme, tog spesifieke sosiale situasie gekyk word, sodat die effekte van die gemeenskap se houding op die gay-individu bestudeer en waargeneem kan word, en hoe die gay-individu psigies mag reageer onder hierdie, en soortgelyke omstandighede.

"AIDS creates such a magnitude of loss," Robert Glück has written," that now death is where gay men experience life most keenly as a group. It's where we learn about love, where we discover new values and qualities in ourselves."

[Stambolian (ed.) 1990: 4, in Men on Men 3 ]

"AIDS urges the exploring of the contrapuntal urges of love and death that a complete literary treatment of AIDS demands..."

[Dewey 1992: 29, in AIDS: The Literary Response]

# HOOFSTUK VIER

## 4. DIE EFFEK VAN VIGS OP DIE GAY-PSIGE IN DIE LETTERKUNDE

### 4.0 INLEIDING

Die vorige drie hoofstukke het primêr gefokus op die ontwikkeling van die gay-psige, en soos in die laaste hoofstuk opgemerk is, sal hierdie een die verhouding tussen die gay-individu en die samelewing veral uitlê deur middel van die rol van VIGS in die gay-subkultuur. Daar sal onder andere gefokus word op die effek van VIGS op die gay-psige van die individu, sowel as op die mense rondom 'n VIGS-lyer. Die samelewing se houding teenoor die gay-individu word veral uiteengesit deur die ekstreme sosiale posisie wat geskep word, as 'n gay-individu ook 'n VIGS-lyer is.

Vir die doel van hierdie hoofstuk sal aangetoon word dat VIGS onder andere dien as 'n katalisator om die impak van gefaalde sosiale verhoudings met die samelewing uit te beeld, sowel as die gevolge en impak van beide faktore op die gay-psige. Daar sal egter nie nagelaat word om die deurdringende effek van VIGS op die gay-subkultuur, en die individu, te noem nie. Robert Glück se aanhaling op die voorblad bevestig hoe sterk die gay-subkultuur werklik die impak van VIGS beleef, en hoe deurdringend dit in werklikheid is. Vir hom is dit asof VIGS gay-mans se lewens met die dood vervang het, omdat die meeste van die subkultuur se lewensstyle beïnvloed en verander het. Hy stel voor dat deur middel van die manier waarop die dood die subkultuur verander het, daar eintlik die geleentheid is om meer te leer oor liefde en

lewe, maar terselfdertyd ook oor die mens self. In 'n sekere sin verskaf die literatuur oor VIGS aan lesers die geleentheid om te aanskou hoe VIGS mense uitdaag aangaande die lewe, liefde en die sosiale verhoudings wat daarmee gepaard gaan. Die verskeie literêre werke wat in hierdie hoofstuk bespreek gaan word, verskil slegs tematies van vorige werke, in die sin dat die gay-lewensstyl uitgebeeld word in die lig van hoe die VIGS-epidemie inspeel op die gay-subkultuur. George Stambolian in <u>Men on Men 3</u>, (1990) beklemtoon dat verhoudings oor die algemeen die vegfronte is waar oorwinnings en verliese beklemtoon word, in die lig van sosiale verhoudings, en die stereotipiese sosiale identiteite wat die samelewing van individue verwag.

Vir die doel van hierdie skripsie sal daar in hierdie hoofstuk gefokus word op hoe die VIGS-epidemie die individuele gay-psige beïnvloed, maar ook hoe die psige die invloed van die samelewing se veroordeling van en vooroordele teenoor gay-individue verwerk. Hierdie aspek van ervaring is die een vlak wat gay-literatuur, as paradigma, 'n stap verder neem as hoofstroom literatuur. Die sosiale verhoudings met biologiese familielede word uitgebeeld in die lig van die samelewing se onbereidwilligheid om slagoffers van die VIGS-epidemie te akkomodeer op emosionele, sosiale en psigiese vlakke vanweë hul siektetoestand, of hul seksuele oriëntasie. Verskeie verhale van gay VIGS-lyers word die fokale punt in hierdie hoofstuk, om aspekte van die gay-psige te ondersoek en hoe die gay-individu reageer op die dreigende noodlot wat VIGS bring.

Lesers moet natuurlik in gedagte hou dat die verhale 'n mikroskopiese beeld skep van universele ervaringe aangesien VIGS nie 'n gay-siekte is nie, maar aanvanklik deur die media as 'n gay-siekte uitgebeeld was. In der werklikheid word die algemene menslike ervaring aangaande die epidemie deur VIGS-literatuur uitgebeeld, aangesien 'n mens opmerk hoe selfs

heteroseksuele individue wat HIV-positief getoets het, self veroordeling ervaar. Die manier waarop die gay-individu met VIGS uitgebeeld word in die genre van VIGS-literatuur, gee 'n mens inligting aangaande die menslike psigiese ervaring, omdat die reaksies van die heteroseksuele karakters in 'n sin die samlewing as geheel verteenwoordig. Die gevolge van VIGS op die samelewing word in 'n sin aanskou, aangesien verskeie aangeleenthede wat die gay-psige beide sosiaal en psigies beïnvloed binne die werke behandel word. Verskeie konsepte word beskou, en selfs herskryf, om die impak op die gay-psige uit te beeld. Die psigiese ervaring van die gay-subkultuur word weereens uiteengesit deur die individuele ervaringe uit te beeld. Op hierdie manier kry lesers die geleentheid om die universele, menslike, psigiese ervaringe te aanskou op die simboliese vlak van die gay-ervaring.

## 4.1 DIE PSIGIESE IMPAK VAN LEWE MET VIGS IN 'N GAY-VERHOUDING

Edmund White se kortverhaal "An Oracle" uit die bundel Skinned Alive (1995) handel oor die psigiese en emosionele effek wat VIGS het op 'n karakter genaamd Ray, wanneer sy minnaar, George, sterf aan VIGS-verwante kompikasies. Die onderbewuste gevaar wat VIGS inhou, word ook aangeraak as subteks ten opsigte van Ray, wat self onsekerheid het aangaande sy fisieke toestand.

Die verhaal stel lesers aanvanklik in kennis van George se heengaan. Daar is onmiddellik tekens van die trauma wat George se dood aan Ray besorg het ["After George died, Ray went

through a long period of uncertainty" (White 1995: 114)]. 'n Mens kry selfs selfs indikasies van hoe VIGS, voor George se dood, Ray en George se lewens beïnvloed het, en watter tipe impak dit na George se dood op Ray gelos het. George se siekbed het vir vyftien maande geduur, en dit het hul sosiale tye met vriende heeltemaal omvergewerp. Aangesien Ray daagliks na George omgesien het, moes hy sy tye met vriende afstaan om met George te wees ["...and during that time Ray had stopped seeing most of his old friends. He'd even quarreled with Betty, his best friend" (White 1995: 114)].

Weens die ellelang maande van George se siekte het hulle hulself begin afsonder van ander mense, en Ray het homself gespits op sy verantwoordelikhede teenoor sy minnaar. Hierdie gefokusde tye het telkens gelei tot argumente oor kleinighede. Die impak wat die virus egter op George gehad het, was nie net fisies nie, maar ook psigies en emosioneel, met elke moment van lewe wat in kontras gestaan het met die oorweldigende en vreesaanjaende noodlot. Om hierdie rede het hy telkens met Ray argumenteer oor sy hardkoppigheid om nie die uitslae van sy HIV-toetse vas te stel nie ['You're just being irresponsible,' George would say, 'to yourself' (White 1995: 115)]. Hieruit kan 'n mens aflei hoe belangrik die kennis aangaande HIV-toetse was, omdat dit die individu se lewenssiening kon beïnvloed. Dit is duidelik hoeveel belang George, as 'n VIGS-lyer, geheg het aan kennis of 'n persoon HIV-positief was, of nie. Weens sy eie lyding, het hy besef watter gevolge dit psigies, emosioneel en fisies sou hê op 'n mens. Lesers mag spekuleer oor sy eie besorgdheid oor Ray se lewe na sy dood, en die effek wat VIGS daarna op Ray kon hê.

Ray se houding teenoor die uitslae van die HIV-toets was meer gevul met hopeloosheid, as koppigheid. Met George, het Ray elke dag gesien hoe die doodskadu oor sy minnaar geval het, en dat hy dag na dag meer met die dood saamgeleef het, as met George. Ray was daarom

van mening dat medici hom slegs kon verwittig van die feit dat hy HIV-positief was, of nie, maar dat die dood hom weens sy verganklikheid uiteindelik tog sou oorwin. In 'n mate het hy 'n fatalistiese houding besit, wat egter onderdruk is deur die toewyding wat hy aan George wou skenk ["But Ray knew that the test would tell him nothing-or tell him that yes, he'd been exposed to the virus, but nothing more." (ibid)]. Ray wou sy lewe slegs toewy aan George en wou geen tyd verkwis aan die moontlikheid dat hy self die virus opgedoen het nie. Met George se dood word dit aan lesers duidelik hoe gay-minnaars beïnvloed word deur die effek wat VIGS het op hul lewens en liefdesverhoudings het.

Ray dink aan die verlede, 'gelukkiger dae', voordat George as HIV-positief getoets is. Dit is duidelik 'n manier waardeur Ray die hede probeer ontvlug, om te fokus op die tye van geluk voordat die werklikheid van George se koue noodlot ingetree het. Ray het hul naweke op Fire-eiland onthou as gelukkiger dae, wat bevestig kon word deur sy foto's. Die effek van George se onlangse dood, was duidelik te bespeur in Ray se lewe. Ray maak die fout om te verwys na iets wat hy en George gesamentlik besit het, en deur sy weemoed kry lesers 'n idee van hoe diep George se verlies hom getref het. Die universele manier waarop die mens die dood meemaak, ongeag van seksuele oriëntasie, word hierdeur beklemtoon. Ray herinner homself aan die feit dat George uiteindelik sy eie lewe geneem het deur van hul gebou af te spring. Die effek van al die VIGS-verwante siektes wat George deurgemaak het, moes hom psigies, emosioneel en fisiek as individu afgetakel het tot 'n punt waar selfmoord die enigste opsie was.

George was 'n baie suksesvolle reklame agent gewees wat nooit aan ander beken het dat hy gay was nie. Dit sou moeilik vir hom gewees het om te aanhou werk, te midde van sy toestand aangesien sy werk gehandel het oor besighede se publieke voorkoms. Sy hoogmoed kon 'n

verdere faktor gewees het wat tot sy selfmoord gelei het, aangesien sy eie voorkoms deur VIGS-verwante virusse geskend was. Hierdie verskeie faktore mag bygedra het tot George se psigiese verbrokkeling en sy uiteindelike selfmoord. In Abraham Verghese se verhaal "Lilacs" uit Waves (1994) sal lesers, onder andere, later verdere insig kry tot ander faktore wat bydra tot hierdie psigiese verbrokkeling in 'n VIGS-lyer.

Ray probeer om George se hele lewe te onthou, aangesien die herinneringe hom 'n mate van vrede en vertroosting gebied het. Toe George begrawe was, het Ray besef dat alles waarmee hy van te vore geleef het, weg was. Tydens hul verhouding het George en Ray hul individuele lewens slegs gedefinieer en gevorm, in terme van daardie einste verhouding. Elke karakter hèt hul rol gehad in die verhouding, maar met George se dood, moes Ray besef dat hy nou sy lewe van vooraf moes herdefinieer met betrekking tot die wêreld rondom hom ["Now he was dead and Ray had to go own with his own life, but he scarcely knew how or why to pick up the threads. The threads were bare, worn thin, so that he could see right through what should have been the thick stuff of everyday comings and goings,..." (White 1995: 118)]. Ray word herinner van die vermaning wat George aan hom gerig het: "You must look out for yourself," (ibid). Ray moes weer die wêreld op sy eie aandurf na die verlies van sy geliefde en selfs onderonsies met sy werkgewer het veroorsaak dat hy homself telke male al huilend in die toilet opgesluit het. Ten tyde van sulke onderonsies het Ray besef hoe eensaam hy gevoel het en hoe graag hy George gemis het ["He was also surprised by how lonely he felt" (White 1995: 119)]. George het hom altyd ondersteun óf berispe, en daarom het Ray homself laat ween om uiting te gee tot sy gevoelens, nie om toe te gee tot gevoelens van wanhoop nie, maar om die verlies van sy maat te verwerk en die stille eensaamheid teen te werk.

Weens die vyftienjaarlange verhouding was dit moeilik vir Ray om onmiddellik na George se dood die roetine van vroeër jare te verbreek. Selfs na 'n jaar vind Ray dat hy nie van die aanwensels van sy vorige verhouding kon wegbreek nie ["And now, a year after George's death, here he was learning all the ways in which he had accomodated George and was still doing so, even though George had broken camp." (White 1995: 125)]. Ray besef dat hy steeds die rol van George se minnaar verpersoonlik het, en die roetines behou het wat aan George plesier verskaf het ["He was even still using the same deoderant George had liked;" (White 1995:126)]. Die feit dat hy self die VIGS-virus mag opgedoen het, het hom steeds nie gepla nie, en sy oneerbiedige antipatiek kon slegs sy manier gewees het om die noodlot te ontvlug. Vir Ray was die dood 'n meer effektiewe agtergrond waarteen hy die res van sy lewe na die verhouding kon beskou. Deur sy lewe te beskou in terme van 'n groter raamwerk as sy vorige verhouding, kon Ray die geleentheid kry om uit te pluis in watter rigting hy wou beweeg ["In a way dying would be easier than figuring out a new way of living" (White 1995: 127)]. George het in hierdie sin as 'n voorbeeld gedien, aangesien hy deurentyd vasberade was om sy lot teen te staan. Die feit dat George egter selfmoord gepleeg het laat lesers egter besef hoe groot die VIGS-lyer se psigiese lyding moet wees, om te lei tot 'n selfmoord. Ray se siening mag stem uit die getuienis van George se geveg teen die noodlot, en die feit dat hy dit op die uiteinde prysgegee het.[19]

Aangesien Ray na George se dood moeilik aangepas het tot die werklikheid, het sy beste vriend Betty hom aangemoedig om kortliks in Krete vakansie te hou. Die psigiese impak wat George se dood op Ray gelos het, het veroorsaak dat Ray in 'n mate sleg aangepas het tot die

[19] 'n Mens mag suggereer in die lig van ander verhale [bv. Verghese se "Lilacs" in Waves (1994)], dat die psigiese stryd vir 'n gay man met VIGS moeiliker is as ander lyers, in die sin dat hulle alreeds deur die samelewing verwerp is weens hul seksuele oriëntasie, en selde enige sosiale of familie-ondersteuning geniet het.

wêreld om hom. Weens hierdie gebrek aan konkretisering van emosie in hul verhouding, deur middel van die seksuele, het Ray dus na George se dood, oorboord gegaan in 'n poging om sy seksuele verlange te vervul[20]. Dit was duidelik dat hiedie kortstondige verhoudings vir Ray slegs oor die seksuele gegaan het, wat aandui dat die "sekslose jaar" ook 'n definitiewe psigiese impak op Ray gehad het, tot 'n punt waar emosionele en psigiese intimiteit nie, na George se dood, noodsaaklik was nie ["What they, the pickups, wanted, heart-to-heart post-coital chat, appealed to him not at all;" (ibid)].

Hierdie psigiese ongeërgdheid kon gekoppel word aan Ray se eintlike verlange na George. Sy verblyf op Kreta sou dien as geleentheid vir hom om aan die seksuele frustrasie uiting te gee, wat te siene is in die seksuele verhouding wat hy met 'n jong Kretaanse man, Marco, begin het. Hierdie verhouding was slegs 'n poging om te ontsnap van die pynlike herinneringe van George, sowel as sy lyding ["You must look out for yourself," George had said, and just now the best way seemed to be to forget George, at least for a while..." (White 1995: 55)]. Wanneer Ray aan Marco voorstel dat hy voltyds in Kreta wil aanbly (sodat hulle hul verhouding kan voortsit), word dit duidelik dat hy weereens psigies en emosioneel vastigheid begin soek. Marco keer hierdie aanbod egter af en gee aan Ray dieselfde vermaning wat George aan hom gegee het: "You must look out for yourself" (White 1995: 159). Vir Ray is dit asof George van die anderkant van die graf hom aanmoedig om sy lewe opnuut te probeer uitpluis, op 'n manier wat nie in terme van andere gedefinieer word nie, maar wat gefundeer is op Ray se eie drome en verlange.

---

[20] Soos later in Prinsloo se verhaal "Die storie van my neef" ook opgemerk sal word, maak George se siekbed inbraak op die seksuele vlak van die verhouding ["In the first two weeks after George's death Ray had picked up three different men... . After this brief irresponsible flaring-up of lust, which had followed the sexless year of George's dying, Ray had gone back to celibacy" (White 1995: 132)].

Hierdie vermaning speel egter terug op hoeveel George eintlik vir hom beteken het en hoe moeilik dit werklik was om sy lewe met George te vergeet. 'n Mens vind terselfdertyd dat die herinneringe van hul verhouding, vir Ray, die lewe in kontras gestel het met die nietigheid, omdat die laaste jare van hul verhouding gevul was met die vrees vir die dood wat die VIGS-verwante siektes sou meebring. Ray se gedagtes aan George is telkemate oorweldig deur die skrikwekkende noodlot wat die VIGS-virus in die agtergrond van hul daaglikse lewe besorg het [" ...the midnight visits to the hospital, the horrifying outbreak of disease after disease - fungus in the throat, a bug in the brain, bleeding in the gut, herpes ringing the ass, every inch of the dwindling body explored by fiber optics, brain scanner, X-rays, the final agonies buried under blankets of morphine" (White 1995: 56)]. Die feit dat Ray sy noodlot sou aanvaar indien hy self VIGS sou opdoen (White 1995: 115) kan 'n mens toeskryf aan sy ervaring tydens George se siekbed, waar hy daagliks die honger dood in die oë van sy minnaar aanskou het.

Alhoewel Ray bereid was om sy noodlot tegemoet te gaan, indien hy self VIGS gehad het, het die daaglikse nadering van die dood, oor George, vir Ray psigies laat besef hoe deursigtig die membraan tussen lewe en dood kon word as 'n mens seksueel onverskillig opgetree het. Om hierdie rede het Ray aanvanklik voor sy besoek aan Kreta weer besluit om selibaat te word [ibid], aangesien daar 'n kans kon wees dat hy self HIV-positief was. Sy seksuele 'beheer' het ontstaan weens die besef dat hy ander kon aansteek met die virus ["He didn't want to expose anyone to contagion" (White 1995: 133)]. Ray het die verantwoordelikheid geneem om nie die virus aan ander oor te dra nie, en het dit selfs probeer behou tydens sy vakansie in Kreta. Hy was bereid om psigies te leef met die wete dat hy die doodsengel in homself rondgedra het, en dat dit eendag sy lewe sou beëindig. In die tussentyd was hy egter bereid om weer te lewe, alhoewel hy steeds gereeld gedink het aan sy ontslape minnaar, George.

Op die psigiese en emosionele vlak besef 'n mens hoeveel George en Ray op mekaar staat gemaak het. Eers na George se dood besef Ray hoeveel George hom gebruik het om sy eie ego te bevredig, alhoewel hy self teruggesit het en George toegelaat het om egosentries te wees ["Ray worked to mollify George's drive to win and George wanted Ray to turn intio a winner. Work hard and play hard was George's motto, whereas Ray, without admitting it, wanted lots less work than play and wished both to be not hard but easy" (White 1995: 124)]. Beide mans het mekaar egter goed aangevul en hulle het in psigiese en emosionele harmonie geleef. Albei karakters het vir vyftien jaar op mekaar gesteun, en juis daarom was dit moeilik vir Ray om weg te breek van die gewoontes wat hulle vir 'n dekade en 'n half, emosioneel en selfs psigies saamgesmelt het.

### 4.1.1 HOUDINGS VAN DIE GEMEENSKAP IN "NOTHING TO ASK FOR"

"Nothing to ask for" deur Dennis McFarland in The Penguin Book of Gay Short Stories (1994) behandel aanvanklik die vriendskap tussen 'n heteroseksuele vriend en sy beste vriend, wat besig is om aan VIGS te sterwe. Die verhaal laat 'n mens besef hoe die samelewing hulself weerspreek, met betrekking tot hul beskouing van die gay-gemeenskap en VIGS-lyers.

Die verhaal word vertel vanuit die eerstepersoonsperspektief van die heteroseksuele karakter, Dan. Mack en Dan is sedert hul kollege-dae betrokke in 'n sterk, gebalanseerde vriendskaplike verhouding. Hul vriendskap het talle opskuddings oor twee dekades beleef, wat Mack se individuasie en coming-out ingesluit het, sowel as Dan se twee huwelike. Dan se twee vroue en Mack se minnaars het telkemale agterdogtig geraak aangaande hul verhouding, maar ten

spyte daarvan het hul vriendskap oorleef. Die gesonde en liefdevolle vriendskap wat hul aangekweek het, het duidelik meer as die normale aanslae oorleef, maar die feit dat Mark VIGS opgedoen het, het beteken dat hulle dit nie veel langer sou kon geniet nie. Na aanleiding van die spreker se aanvanklike beskrywing van Mack se woonstel besef lesers hoe vêr gevorderd sy toestand was (Leavitt en Mitchell (red.) 1994: 466). Mack se toestand het so vêr versleg dat hy 'n suurstof-apparaat in sy woonstel nodig gehad het en dat sy tafel in die woonstel twee dosyn bottels medikasie bevat het (ibid). Lesers kry met die intrapslag alreeds die besef dat die spreker sy vriend se desperate situasie met angstige teerheid beskou.

Die feit dat hy vir Mack so hulpeloos moet sien en dat hulle mag verlang na beter tye, laat die spreker, Dan, terugdwaal op hul gelukkiger kollege-dae, toe Mack hom uitvra oor 'n ou gemeenskaplike vriendin. Te midde van sy herinneringe begin Dan oor hul vriendskap bespiegel en redes vir die standvastigheid van hul vriendskap. Dan kom tot die gevolgtrekking dat hy en Mack se gegronde vriendskap hul verhouding as 'n natuurlike familie-verhouding gevestig het ["Neither of us had a biological brother - that could account for something - ... I've thought that we persisted simply because we couldn't let go of the sense of *thoroughness* our friendship gave us; we constantly reported to each other on our seperate lives, as if we knew that by doing so we were getting more from life than we would ever have been entitled to individually " (Leavitt en Mitchell (red.) 1994: 468)]. Dit is juis hierdie verbintenis wat die spreker so getrou maak aan sy sterwende vriend, wat geprojekteer word deur sy daaglikse besoeke en liefde. Mack se fisieke toestand het afgeneem tot 'n punt waar hy vloeistof vanuit sy longe opgehoes het, en waar selfs normale kemoterapie noodlottig kon wees.

Die een dokter wat Mack behandel het was jonk en onervare, tog vol deernis, terwyl sy ouer bekwame dokter emosieloos opgetree het teenoor hom. Laasgenoemde het vir Mack van

tevore alreeds aangespreek en hom aangeraai om sy sake in orde te kry [" 'You might as well face it. You're going to die. Get your papers in order.' " (Leavitt en Mitchell (red.) 1994: 468-469)]. Deur middel van hierdie dokter se uitlating, word die insensitiwiteit van 'n groot deel van die samelewing, teenoor VIGS-lyers beklemtoon. Die ouer dokter se houding mag slegs 'n individualistiese een gewees het, óf slegs die terugkaatsing gewees het van 'n verteenwoordiger van die samelewing, wat ten spyte van die psigiese degenerasie wat VIGS-lyers moes ervaar, aandui dat die samelewing onbereid is om ondersteuning te bied. 'n Verdere feit wat inspeel op die psigiese belewenis van beide Mark en Dan, is die feit dat Mack se geliefde, Lester, self ook die VIGS-virus het, en die moontlikheid dat hy dit aan Mack oorgedra het.

Lester is in sy laat-twintigs en het sedert sy infeksie met VIGS, amper twee keer beswyk aan long-ontsteking. In onlangse tye het Lester egter 'n gesonde tydperk deurgemaak, maar die feit dat hy reeds twee keer amper beswyk het, moes 'n ernstige psigiese impak op Mack gehad het. Die besef dat sy minnaar en geliefde sou sterf, kon net psigiese onsekerheid en verlatenheid by hom wek. 'n Mens kan die impak van 'n naasbestaande se dood op 'n individu se lewe verstaan, maar 'n mens moet ook die psigiese ontnugtering en onsekerheid verstaan wat Mack en Lester moes deurmaak elke keer as een van hulle siek was, óf as die ander een uiteindelik sou sterf. Een se dood sou beteken dat 'n belangrike emosionele, psigiese en sosiale stut verlore sou gaan vir die twee karakters. Aangesien Mack en Lester vir jare alreeds 'n verhouding gehad het, het hulle dus psigies, emosioneel en sosiaal op mekaar gesteun, en as een van hulle sou afsterf sou dit 'n groot psigiese leemte wees in die oorblywende een se lewe. Hierdie tema word verder bespreek in Edmund White se verhaal "Oracle" (uit die bundel Skinned Alive (1995).

Op dieselfde manier het Mack se lyding 'n geweldige impak gemaak op sy vriend Dan. Beide Mack en Dan het, oor die jare grootliks as psigiese ondersteuning vir mekaar gedien, tot op 'n punt waar hulle as broers beskou kon word. Hul vriendskap het dus 'n psigiese stut geword, soortgelyk aan die in 'n gesinsverhouding. Hierdie gehegde vriendskap het oor die jare Mack se verhoudings gekomplimenteer, aangesien Mack se eie familie hom psigies, emosioneel en sosiaal in die steek gelaat het omdat hy gay was. Weens Mack se siekte het sy eie familie hom as 'n sosiale verleentheid beskou en het hom op verskeie maniere teleurgestel en selfs teen hom gediskrimineer ["Lucy, who refused to let Mack enter her house at Christmastime one year - actually left him on the stoop in subzero cold - until he removed the gold earring from his ear. Mack's mother, who waited until after the funeral last year to let Mack know that his father had died; Mack's obvious illness at the funeral would have been an embarassment (Leavitt en Mitchell 1994: 470)].

Die psigiese impak van sy familie se diskriminasie teenoor Mark weerspieël die tipiese eng en ongevoelige houdings van die samelewing. Die feit dat Mark onwelkom was by sy suster se huis, weens 'n simbool van sy gay-lewe ['n oorbel in die regter oor], en dat hy sy eie pa nie voor sy dood, of selfs by sy begrafnis kon vereer nie, toon die omvang van sosiale diskriminasie wat Mack moes ervaar het. Die feit dat sy eie familie hom as 'n verleentheid beskou het, kon maklik emosies van waardeloosheid gewek het by Mack, wat 'n drukkende emosionele las sou wees. Dit was nie maklik vir Mack om hierdie onregverdigheid te verwerk nie, en in 'n sin kan lesers verstaan waar 'n gay-man, óf 'n VIGS-lyer se ervaring ten opsigte van diskriminerende optredes, alreeds begin. Sekere gemeenskaplike menings word in die verhaal gewys van gesiglose publieke podiums soos toiletmure: "In the public men's toilets you no longer read, scribbled in the stalls, "All faggots should die." You read, "All faggots should

die of AIDS" (Leavitt en Mitchell 1994: 474) wat verdere bewyse lewer van die houdings wat gay-mans psigies moet hanteer. Juis die wete dat 'n hele samelewing gekant is teen 'n individu se bestaan, of dat diskriminering teen 'n persoon plaasvind weens die feit dat hul lewensstyl verskil of indruis teen sosiale norme of kodes, veroorsaak psigiese pyn, sosiale frustrasie en die verbrokkeling van emosionele verbintenisse.

Die sosiale aspek wat die skrywer ondersoek het, ter ondersteuning van hierdie dilemma, is die konsep van "gesin" en "familie". Lesers bevind dat die spreker hierdie konsep ironies benader met betrekking tot gemeenskaplike optredes. Die karakter, Mack, wie se familie-verbintenisse die middelpunt van ondersoek is, bevraagteken juis die veronderstelde sorg en ondersteuning wat mense ontvang in die Amerikaanse samelewing ["In our own country, something called 'family values' has emerged with clarity. '*Whose* family ?' Mack wants to know, holding out his hands palms upward. "I mean, we *all* come from families, don't we? The dizziest queen comes from a family. The ax murderer. Even Dan *Quayle* comes from a family of some kind." (Leavitt en Mitchell 1994: 474)]. Dit word dus duidelik dat Mack gevoel het dat sy familie hom bitter in die steek gelaat het, aangesien hy hierdie kwessie met skerp kritiek rig teen die samelewing (veral sy biologiese gesin) se onverantwoordelikheid. Die tekort aan psigiese, emosionele en sosiale ondersteuning van sy biologiese gesin het 'n duidelike psigiese impak op hom gelaat.

Die kwessie van emosionele aanvaarding wat families moet baasraak, met betrekking tot hul nageslag, word onder die soeklig geplaas, aangesien die behandeling van gay-mans en vroue (sowel as VIGS-lyers) duidelik gemeenskaplike onverantwoordelikheid en insensitiwiteit vertoon. Ten spyte van sulke onmenslike optrede kon die ongenadiglike werklikheid van Mack en Lester se lot nie ontglip word nie. Die omstandighede wat hul lyding en dood aan VIGS

met meer tragedie beklemtoon, is juis die tekort aan gemeenskaplike sensitiwiteit, sowel as emosionele en psigiese ondersteuning van hul families. Dit is duidelik dat die tekort aan sosiale sensitiwiteit sou plaasvind ongeag van die feit of 'n VIGS-lyer gay was of nie, aangesien die mens altyd die onsekere of bedreigende vrees, of dit wat nie aan die norm voldoen nie.

Die skrywer kontrasteer, myns insiens, die verskeie verhoudings van die karakters om kommentaar te lewer op die gemeenskap se teenstrydende en skynheilige norme en waardes. Wanneer lesers kennis neem van die feit dat beide Mack se moeder en suster hom emosioneel onreg aangedoen het, moet ons besef dat die gemeenskap se waardestelsel betrek word weens die sosiale rolle waarin die drie karakters hulself bevind. Die rol van die moeder dra die sosiale verantwoordelikheid om die kind te skool in die norme van die samelewing, en die feit dat hy nie sy eie pa voor sy dood of begrafnis kon vereer nie, toon die omvang van sosiale diskriminasie waaronder Mack moes ly as gay-man. Die feit dat sy eie familie hom as 'n verleentheid beskou het, kon gevoelens van waardeloosheid by Mack gewek het, wat 'n knellende emosionele en psigiese las op hom moes geplaas het. Dit was nie maklik vir Mack om hierdie onregverdigheid te verwerk nie, maar lesers kan verstaan hoekom 'n gay-man of 'n VIGS-lyer ervaring het ten opsigte van diskriminerende optredes of uitings, aangesien hul eie families telkens hul oriëntasie, lewensstyl of toestand kritiseer en teensstaan.

Die sosiale rol van Mack se suster was om te dien as gesinslid; 'n morele, psigiese, sosiale, emosionele en praktiese ondersteuner van die individu. Hierdie sosiale karakter moes dien as 'n agent wat woede, vrees, kritiek en die dood sou teenstaan vir haar broer, Mack, terwyl sy ook sensitief sou wees ter bevordering van haar broer se behoeftes. Die oorheersende motief in hul sosiale verhouding moes wees van liefde, wat sou bou op die fondament van hul ontwikkelende jare, waartydens alle ervaringe saam meegemaak was. As 'n mens hierdie

verhoudings verwerk in terme van die verhaal, is dit duidelik dat Mack nie die nodige psigiese en sosiale ondersteuning ontvang het van sy ma en suster, Lucy nie. Die feit dat Mack, nes enige gebalanseerde mens, as volwassene, verhoudings met ander volwassenes aangegaan het, het gelei tot sy verhouding met Lester. Dié karakter het dus die rol van minnaar en morele, psigiese, sosiale, emosionele en praktiese agent by die familie oorgeneem, en met getrouheid en sensitiwiteit die lewe langs Mack aangepak. As sosiale maat het Mack se minnaar, Lester, opgetree as vriend en familielid, in 'n gebalanseerde mutualistiese verhouding, soortgelyk aan dié waarop die samelewing vir eeue gebou was. Dit is egter hul totale aanvaarding en ondersteuning vir mekaar wat die psigiese en emosionele band tussen hulle seël.

## 4.1.2 DIE KONSEP VAN "FAMILIE" IN "NOTHING TO ASK FOR"

In dieselfde sin kan 'n mens dieselfde verhoudings van Dan, Marilyn en Kit beskou in terme van die gesin en familie se verantwoordelikheid. As ouers het Dan en Marilyn dieselfde verantwoordelikhede aan Kit geskuld, as wat aan Mark en Lester verskuldig was van hul ouers. Kit se fisieke, psigiese en emosionele welgesteldheid was hul verantwoordelikheid en dit was duidelik dat hulle vir elke aspek verantwoording wou doen. Wanneer Kit haar pa by Mack en Lester telefoneer, word haar geaardheid uitgebeeld as 'n taamlik volwasse een, relatief tot haar ouderdom. Daar word spesifiek gefokus op 'n geskil met haar ma, wat volgens Kit binnekort opgelos gaan word ["Mommy and I are not getting along very well." "That's too bad," I say. "I hope you won't stay angry for long." "We won't," she says. "We're going to make up in a minute." (Leavitt en Mitchell 1994: 471)]. Daar is 'n duidelike bereidwilligheid tussen beide dogter en ma om die geskil op te los. 'n Mens kan spekuleer dat hierdie kennis gegrond word op wedersydse liefde en respek tussen Marilyn en Kit. Die kind vra haar pa uit

aangaande Mack se toestand en die moontlikheid dat hy kan sterf, wat Dan met eerlike deernis beantwoord.

Lesers sien deur middel van Dan en Marilyn se verhouding met hul dogter, dat Mack se ma hom emosioneel onreg aangedoen het. Mack se ma verantwoordelik was soortgelyk aan Marilyn en Dan s'n, in die sin dat dit haar sosiale plig was om na die welsyn van haar seun om te sien. Weens die sosiale norme, en haar eie hoogmoed het sy Mack nie eers van sy pa se toestand vertel nie, en hy het selfs dié se begrafnis misgeloop weens sy ma se sosiale hoogmoed. Sy wou nie hê dat Mack na die begrafnis moes kom nie, weens sy oriëntasie en siektetoestand. Die enigste kommunikasie wat hy blykbaar van sy ma ontvang het was briewe, wat verneem het na sy gesondheid, maar terselfdertyd haar weemoed uitdruk aangaande sy toestand. Dit is duidelik dat Mark se moeder nie eers die moontlikheid van 'n besoek noem nie. 'n Mens mag dus voorstel dat Mark se moeder en suster hul sosiale en emosionele pligte teenoor hom versuim het, en slegs gefokus het op hul eie sosiale opvatting van Mark se posisie as gay-man en VIGS-lyer.

Op dieselfde manier kan 'n mens 'n vergelyking trek met die verhouding van Marilyn en Dan, teenoor Mack en Lester s'n aangaande die rol van lewensmaats of minnaars, en bereid is om alle vlakke van bestaan te deel met mekaar. Lester en Mack verskaf aan mekaar liefde en ondersteuning te midde van 'n familie en gemeenskap wat onbereid is om dit te doen. Lesers moet bewus wees van die feit dat die konsep van "familie" binne die gay-gemeenskap herskryf word om gewone vriende in te sluit, omdat dit juis hierdie vriende is wat die liefde en psigiese bystand aan mekaar verleen, aangesien sulke ondersteuning deur die gemeenskap en families ontsê word. In hierdie opsig is dit duidelik (na aanleiding van die spreker se herinneringe aan hul jare saam), dat Dan en sy gesin as "familie" beskou word deur Lester en Dan, en

omgekeerd. Die hegte vriendskap wat Mack en Dan geniet het, is duidelik een wat toelaat dat hulle in 'n sin as broers beskou kan word ["Neither of us had a biological brother-.... I've thought that we persisted simply because we let go of the sense of *thoroughness* our friendship gave us;" (Leavitt en Mitchell 1994: 468)]. Hierdeur word geïmpliseer dat hul verhouding amper as 'n familie-verwantskap gekarakteriseer kan word, wat in teenstelling geplaas word met Mack se verhouding met sy suster, Lucy.

Die gemeenskap se insensitiewe behandeling van VIGS-lyers word duideliker in die verhaal wanneer Dan en Lester vir Mack na die hospitaal neem. Sekere lede van die hospitaal se personeel behandel VIGS-lyers met empatie en sensitiwiteit, terwyl andere soos die ouer dokter onbeskof en onsimpatiek vertoon het ["His (Mack) medical care comes in the form of visiting nurses, physical therapists and a curious duo at the hospital: one doctor who is young, affectionate, and incopetent but who comfort and consoles, hugs and holds hands; another-old, brash, and expert-" (Leavitt en Mitchell 1994: 468)]. Selfs wanneer die trio net vyf minute laat opdaag vir Mack se afspraak, word hy deur 'n knorrige verpleegster uitgeskel ["Inside the clinic upstairs, the nurse, a sour young blond woman in a sky-blue uniform who looks terribly overworked, says to Mack, 'You know better than to be late.' (Leavitt en Mitchell 1994: 480)]. Dit is beide die dokter en die verpleegster se sosiale verantwoordlikheid om te sorg vir dié op soek na mediese sorg, maar hul optrede teenoor Mack wys die insensitiewe en sorglose houding wat die gemeenskap koester teen VIGS-lyers inhou, en teenoor die gay-gemeenskap. Hierdeur word die hulpeloosheid van VIGS-lyers in die samelewing beklemtoon; 'n gevoel wat natuurlik beklemtoon en vererger word as die lyer 'n gay-persoon is.

## 4.1.3 DIE EFFEK VAN VIGS OP DIE GAY-PSIGE IN "NOTHING TO ASK FOR"

Lesers kry die geleentheid om die gay, VIGS-lyer se ervaring te beleef, wanneer Mack dikwels dinge doen wat fisiek en psigies beïnvloed word deur sy belemmerde fisiese en psigiese vermoëns ["Lester extends his arm toward Mack, two envelopes in his hand, and after a moment's pause Mack reaches for them. It's partly this typical hesitation of Mack's-a slowing of the mind, actually-that makes him appear serene, contemplative, these days. Occasionally, he really does get confused, which terrifies him." (Leavitt en Mitchell 1994: 469)]. Mack se verswakte toestand het verhoed dat hy die meeste dinge normaal kan doen, en tog het hy geleer om dit te verwerk ["But I can't help thinking that something in there has sharpened as well-maybe a kind of simplification (ibid)]. Op sekere tye is Mack nie ten volle bewus van dinge wat hy sê nie, en dit veroorsaak telkens frustrasie vir hom en andere rondom hom.

Deur middel van 'n brief wat Mack aan Dan dikteer, kry die leser psigiese insig in die emosionele lyding en beproewing wat Mack meemaak. Hy verhaal hoe hy hospitaalpersoneel se toegewydheid toets deur hulle te vra of hulle in wonderwerke glo, met betrekking tot sy toestand. Aangesien talle in die negatief geantwoord het, was dit duidelik dat sy vrae insig verskaf het in sy psigiese toestand. Mack was duidelik op soek na enige oplossing wat hom sou verlos van sy noodlot, maar ten spyte daarvan was dit duidelik dat die samelewing nie kon empatiseer met hom nie. Dit het beteken dat Mack se psigiese en emosionele stryd teen die noodlot slegs gevoer is deur homself en sy naasbestaandes.

As VIGS-lyer het Lester dieselfde ervaringe gehad as Mack en kon dus goeie emosionele en psigiese ondersteuning aan hom gee ["Lester... is sick too-twice he has nearly died of

pneumonia-but he's in a healthy period now" (ibid)]. Telkens erken hy dat hy self siek kon raak, maar aangesien hy tans alle aandag aan Mack bestee het, was dit asof hy sy eie situasie probeer ontvlug het.[21] In 'n sekere sin voel Lester dat hy na Mack moet kyk, in plaas van 'n voltydse verpleegster, aangesien hulle minnaars was. Terselfdertyd is hy bewus van sy eie toestand as VIGS-lyer, en dit moes vir hom kommer wek, nie net aangaande sy eie toestand en lyding nie, maar ook Mack se emosionele, fisiese en psigiese welsyn. Daar is net 'n suggestie van hoe uitputtend dit emosioneel en fisies vir Lester was om na Mack om te sien, aangesien hy by een geleentheid vir Dan vra om Mack te bad, sodat hy vermoedelik die hond vir 'n uitstappie kon neem. Aangesien Mack fisiek agteruitgegaan het, tot 'n punt waar hy (in sy eie woorde) 'n "Auschwitz look" gehad het, moes dit vir Lester moeilik gewees het om gereeld fisiese tekens te sien van sy minnaar se agteruitgang. Psigies het dit hom ook geweldig geteister omdat hy nie net oor sy eie lot moes nadink nie, maar terselfdertyd ook Mack se toestand moes verwerk. Die verteller gee te kenne dat Mack eerste kon sterf, wat dus Mack en Lester se verhouding drasties beïnvloed het. Dan vertoon selfs tekens van "survivor's guilt" wanneer hy en Lester die moontlikheid van Mack se dood bespreek. Hy erken sy skuldige gevoelens teenoor Mack se lot, wat veroorsaak dat lesers insig kry in Lester se psigiese toestand wanneer hy met skokkende, droewige sinisme opmerk dat hy Dan kon verlos van sy skuldgevoelens deur hom met VIGS aan te steek.

Die psigiese impak van die besef dat die dood nader, het duidelik vir Lester en Mack 'n groter waardering gegee van hul verhouding, en selfs van die lewe. Hulle het op mekaar gesteun, en met Dan en andere, 'n familie gebou wat, alhoewel hulle geen biologiese bande gehad het nie,

---

[21] In Modern Homosexualities (1992: 156) bevestig 'n gay man, Julien, hierdie idee tydens 'n onderhoud: "I s'pose that, it makes you more worried about other people that you do know, more people that you've known even slightly that have died, the more you're concerned about the people you know..."

steeds mekaar emosioneel, sosiaal en psigies kon ondersteun. Hierdie ondersteuning kon aan Lester en Mack die moed gee om aan te hou hoop op die wonderwerke wat hulle sou red van hul lot alhoewel hul fisieke lot bepaal was, kon hulle altyd psigies staat maak op hul 'familie', ten spyte van die samelewing se veroordeling.

## 4.2 DIE EFFEK VAN VIGS OP DIE GAY-PSIGE EN DIE GAY-VERHOUDING IN "HOME"

Peter Dickinson se verhaal 'Home' in die bundel Queeries (1993) handel oor 'n jong hustler wat na die dood van sy minnaar probeer vlug van sy verlede. In 'n sekere sin herinner dit 'n mens aan Edmund White se verhaal 'An Oracle' in Skinned Alive (1995), maar fokus nie soseer op die minnaars se verhouding nie as op die manier waarop die karakters met mekaar optree in 'n nuwe tipe familie-verband.

Die hustler, Chris, is aanvanklik in die verhaal op reis in Kanada sonder enige doel of destinasie. Dit was 'n tyd van selfrefleksie vir Chris, om dinge in sy lewe uit te pluis, aangesien die sosiale fondament wat deur sy verhouding geskep was, weggeneem was ["Of course, I was always better at hindsight than foresight. For me it was not so much a question of how much a question of how do I get there from here, but rather how did I get here from there. The answers were never much to my liking" [Denisoff (red.) 1994: 50]. Aangesien hy sy toekoms beskou het vanuit die oogpunt van sy verlede, moes die rede vir hierdie gedagtes vanuit sy verlede gespruit het. Lesers aanskou die karakter se seksuele gewoontes aangesien hulle blykbaar inspeel op sy herinneringe ["And here I am already in a new city, trying my best *not* to remain anonymous, cruising the streets and clubs, indulging in random, casual sex" (ibid)].

Chris onthou hoe hy vir Mike leer ken het terwyl hy besig was om te hustle. Volgens hom was Mike nie soos sy gereelde klante net op soek na seks nie, maar hy het die seksuele (tydelik) uitgestel om aan Chris 'n maaltyd te verskaf. Sy maniere het Chris so aangeraak dat hy Chris van sy besigheidsmaniere laat afsien het. Mike het egter 'n leë eensaamheid en hopeloosheid verberg, wat hom emosioneel aantrekliker gemaak het, tot 'n punt waar Chris selfs 'n tipe emosionele liefde teenoor Mike gevoel het ["As we left the restaurant, I thought: I love this man. Please, dear God, don't let us sleep together" (ibid)]. Vir Chris, om as 'n hustler nie met Mike te wil slaap nie, is dit paradoksaal teenoor die beroep waarin hy homself bevind het, aangesien hy gewens het dat hul verhouding weg sou beweeg van die fisieke vlak na die emosionele, alhoewel dit nie aanvanklik gebeur het nie. Die jong hustler was selfs bereid om sy nood vir geld te vergeet om sy emosionele verlange te akkomodeer. Chris het ook besluit dat 'n fisieke verhouding enige kans op emosionele geluk sou verongeluk. Die twee mans het egter 'n verhouding begin wat uiteindelik vir sewe jaar geduur het, toe Chris neëntien jaar oud was. Aangesien Chris 'n hustler was, moes hul seksuele verhouding aanvanklik sekere probleme probeer oorbrug, totdat Mike hom oorheed het om die bedryf te staak. Lesers besef egter dat Chris se hustling hom as 'n onveilige seksuele maat kon brandmerk, aangesien hy met talle mense seksuele omgang gehad het.

Dit blyk dat Mike egter getroud was, een kind gehad het, en slegs onlangs 'n openlike gay-lewe begin lei het. Hy en sy vrou, Helen, het 'n verstandhouding gehad aangaande sy oriëntasie, wat verder aangepas moes word toe Chris by die gesinshuis intrek. Alhoewel Helen ongelukkig was oor hierdie gebeurtenis, het sy toegegee aan Mike se wense, aangesien hy gedreig het om hulle as gesin te verskeur. Helen het egter van Chris verlang om hulle as 'n gesin te respekteer en om verantwoordelik by te dra tot die gesin. In die loop van die sewe jaar

waarin Chris deel geword het van die gesin, het hy en Helen die huishouding georganiseer, en deeglik bestuur. Dit was natuurlik nie moontlik vir hulle om die gaping tussen hulle heeltemaal te oorbrug nie, veral aangesien Chris vir Helen aan Mike se sy verplaas het ["It was not so much that Helen resented a nineteen-year-old ex-hustler usurping her place of affection next to her husband and son. It was more like she feared I would suddenly leave and break either one of their hearts" [Denisoff (red.) 1994: 51-52)]. Volgens Chris, was die feit dat die vier van hulle 'n gesinseenheid sou word die kwessie wat hulle emosioneel afgetakel het. Hul eenheid as 'n gesin is beproef toe die volwassenes gesamentlik hul skok en vrees moes verwerk toe die seuntjie, Kevin, homself tydens spel op straat beseer het. Ten spyte van Mike se verwoede uitbarstings teenoor Helen oor die omstandighede waarin hy van Kevin se beserings verwittig is, het Chris vir Helen ondersteun. Die manier waarop hulle vir mekaar moes ondersteun ten tyde van Kevin se hersteltydperk, het veral vir Chris en Helen nader aan mekaar gebring. Die feit was dat die vier karakters, ten spyte van hul eienaardige omstandighede en gekompliseerde verhoudings, steeds as 'n gesin vir mekaar omgegee het, en besig was om in 'n gesin te verander.

In terme van Chris se herinneringe was dit duidelik dat die gesin se sterk verhoudings as fondasie en psigiese stutte gedien het vir die tragedie wat sou volg. In die tussentyd het Chris begin werk in 'n VIGS-sanatorium, wat gelei het tot die VIGS-toetse wat hy en Mike ondergaan het. Mike het gedurende die derde jaar van hul verhouding HIV-positief getoets. Vir Chris was dit 'n moeilike psigiese ervaring aangesien hy weens sy vorige lewensstyl, as hustler, homself aan 'n groter risiko blootgestel het as Mike, wat slegs onlangs openlik 'n gay-lewe begin lei het. Dit was ironies dat Mike positief getoets het, maar Chris se vermoede was dat Mike se infeksie terug kon dateer tot 'n seksuele verhouding met Joshua, ten tyde van sy verhouding met Chris. Mike het sy lot egter kalm aanvaar, en volgens Chris, asof hy dit as sy

straf gesien het vir die verbreking van hul hegte gesinsverhoudings, deur sy buite-egtelike verhouding met Joshua. Dit was Chris se verantwoordelikheid om Mike se toestande en mediese toekoms aan Helen te verduidelik, iets wat hul gesin moes verwerk. Helen het op haar beurt Mike se toestand aan hul seun, Kevin, verduidelik. Die effek van Mike se siekte het diep getref in die intieme verhoudings wat die vier van hulle opgebou het. Helen en Chris was veral getref deur die moontlikheid dat hulle hul geliefde sou afstaan aan die dood. Volgens Chris was beide van hulle bevrees om te erken hoe veel pyn hulle ervaar het, aangesien hulle bevrees was dat die een meer lief was vir Chris, as die ander. Die feit was egter dat hulle albei lief was vir Chris en alhoewel hulle mekaar kon ondersteun, sou hierdie ongeuiterde kompetisie hulle as 'n gesin skade berokken.

Mike se lyding het vier jaar aangehou, en in hierdie tyd het die gesin nader aan mekaar gegroei. Sy fisieke toestand het verswak en kort voor sy dood het hy vir Chris gevra om Helen en Kevin nie te verlaat na sy dood nie. Dit was vir Chris egter 'n moeilike uitdaging, een wat hy graag wou ontvlug, alhoewel hy besef het dat hy, Helen en Kevin 'n gesinseenheid geword het. Mike se dood het stilweg die einde van hul gesinseenheid beteken, omdat Mike die lid was wat hulle verenig het. Met Mike se dood het die rede vir hul samesyn as 'n gesin egter tot 'n einde gekom. Na Mike se dood het hy Helen van die hospitaal gebel met die nuus van Mike se dood, maar om ook terselfdertyd van haar en Kevin afskeid te neem.

Chris het gevlug van sy verhouding en emosionele verantwoordelikheid met Kevin en Helen, toe hy deur Kanada begin reis het. Hy het weer begin hustle om vir sy onkoste te betaal, maar kon nie sy emosionele verbintenisse met sy "gesin" ontglip nie, alhoewel hy graag wou ["Going back to hustling was fine. So long as I didn't think about it. So long as I didn't think about anything. Not Mike, not Kevin, not even Helen." (Denisoff (red.) 1994: 57)]. Een van sy

kliënte het 'n foto van die gesin ontdek wat Chris verplig het om oor hulle te dink. Alhoewel hy hulle graag wou vergeet, was dit tog vir hom moeilik om dit aan te pak, aangesien hy besef het dat sy regmatige plek wel met Kevin en Helen was ["I looked from Mike's blurry figure back to the smiling faces of Helen and Kevin. They were holding hands. I stared at them for a long time, thinking about the anatomy of memory. The anatomy of this photograph. And my place in it, holding each of their hands." (Denisoff (red.) 1994: 58)]. Aangesien die kliënt vir Chris uitgevra het oor sy verhouding met die mense op die foto, erken hy natuurlik dat hulle sy 'familie' is [" 'These people,' I said, waving the photograph at him, 'these people are my family' " (ibid)]. Weens hierdie bekentenis kon Chris besef dat hy wel emosioneel 'n plek by hulle gehad het, alhoewel dit sosiaal onmoontlik sou wees om verder by hulle te vertoef. Na aanleiding van die inleidende-en-slotparagrawe, is Chris se besef beklemtoon deur die feit dat hy slegs deur middel van 'n denkbeeldige reis terug kon keur na die gesin wat hom liefgehad het, die gesin wat hy as sy heenkome kon beskou.

### 4.2.1 DIE KONSEP VAN "FAMILIE" IN DIE VERHAAL "HOME"

In die verhaal "Home" kry lesers geen aanduiding van die spreker, of sy minnaar se biologiese gesin nie. Hierdie feit is duidelik te sien in gay-letterkunde en verhale oor VIGS-lyers, wat hulself in 'n tipe sosiale, psigiese en emosioenele woestyn bevind.

Volgens die reaksie van die gay-letterkunde bevind VIGS-lyers wat gay is, dat hulle verwerp word deur hul eie biologiese gesin omdat hulle gay is, en hierdie gaping word verder beklemtoon en vererger weens hul siektetoestand. Wanneer lesers die karakter Chris ontmoet is hy neëntien jaar oud en 'n hustler. Lesers kry geen aanduiding van sy agtergrond nie, en die outeur gee geen verdere informasie nie. Dit lyk asof hy van sy familie moes verhuis, dalk

omdat hy gay was. Chris het die sosiale en emosionele ondersteuning wat 'n gesin normaalweg in die gemeenskap aan 'n jongeling verskaf, vanweë sy seksuele oriëntasie ontbeer. Die verhouding wat Chris en Mike begin het, het in 'n sekere sin sy nood aan 'n sosiale fondament, wat 'n biologiese gesin normaalweg verskaf het, vervang. As Mike nie die verstandhouding met Helen aangegaan het nie, sou hy en Chris soos vele ander gay-pare, alleen hul plek in die gemeenskap moes vind sonder familie of vriende. Weens die verhouding wat Chris met Helen en Kevin gekweek het, kry hy die geleentheid om 'n breër sosiale fondament te lê. Helen, as Mike se vrou, word van haar voorreg as Mike se psigiese, emosionele en seksuele maat ontsê, maar sy het steeds lief vir hom gebly. Chris word haar plaasvervanger en terselfdertyd die fokus van Mike se psigiese, emosionele en seksuele verlange, maar ook 'n deel van die gesin. In 'n sekere sin word hy 'n ouer broer vir Kevin, maar ook vriende met Helen. Gedurende die sewe jaar van sy verhouding met Mike word Chris 'n ware lid van die gesin[22]. In "Home" word die karakter, Chris, aangeneem deur sy minnaar se gesin, wat blykbaar self onafhanklik is van hul wyere biologiese familie.

Alhoewel Chris na Mike se dood weer na sy lewe van swerf teruggekeer het, is dit duidelik te sien hoe die karakter die verlies ervaar. Hierdie gevoelens word gejukstaponeer met Chris se geaardheid wanneer 'n mens hom aanvanklik leer ken. Aan die begin is hy iemand wat op soek is na voedsel en blykbaar na niks meer verlang nie. Dit is duidelik dat hy niks meer van die gemeenskap, wat hom alreeds veroordeel en verban het, verwag het nie. Hy was verbaas toe Mike, as kliënt, bereid was om hom 'n maaltyd te gee. Eers nadat hul verhouding stoom gekry het, het Mike iets aan Chris gegee wat hy nie gehad het nie, 'n gesin en 'n heenkome. Voordat

[22] In "Nothing to ask for" deur Dennis Mcfarland [The Penguin Anthology of Gay Short Stories (1994)] word die karakter Dan ook 'n deel van die sosiale familie wat die gesin moet vervang as sosiale, psigiese en emosionele struktuur, weens die gesin se onbehulpsame onbereidwilligheid om die gay persoon ten volle te ondersteun, aanvaar, of lief te hê.

Chris deel geword het van Mike se gesin, was hy 'n individu wat geen sosiale heenkome kon vind nie. Na sewe jaar in sy nuutgevonde gesin, was dit juis hierdie gesin wat in sy gedagtewêreld as heenkome gedien het. Die verhouding wat Mike en Chris gehad het, het hulle albei gebaat aangesien Mike 'n minnaar gekry het wat hom bevredig het op alle vlakke. Chris is aan die ander kant die kans gegun om 'n familie te hê wat vir hom gesorg het tot op 'n punt waar hy emosionele onafhanklikheid bereik het, en dit kon verdra.

Dit is duidelik dat die verhaal een aspek van die nuwe konsep van "gesin" in gay-en-VIGS-letterkunde aanraak, wat veral fokus op die noodsaaklikheid van familie vir VIGS-lyers en gay-individue.

## 4.2.2 LEWE MET VIGS IN "HOME"

Hierdie konsep word tematies aangeraak in die verhaal wanneer Mike VIGS opdoen. Chris het ten spyte van sy agtergrond, as hustler, nie positief getoets vir die HIV-virus nie, en was geskok toe die toetsresultate aandui dat Mike wel HIV-positief getoets het.

Volgens Chris was die nuus van Mike se toestand 'n skok wat hy nie maklik kon verwerk nie ["The months of training and counselling were not enough to counter the psychological devastation of hearing that the person you loved was infected" (Denisoff (red.) 1994: 54)]. Lesers word in 'n sin emosioneel beskerm teen die kilheid van 'n noodlot wat 'n VIGS-dood insluit, aangesien die verhaal vanuit Chris se oogpunt vertel word, en nie Mike s'n nie. 'n Mens word kortliks vertel van die medikasie wat Mike daagliks op 'n groot skaal moes inneem. Anders as 'n gewone siek mens, moes Mike die vernedering ondervind om homself as 'n proefkonyn beskikbaar te stel, om enige nuwe medikasies te gebruik om te oorleef. Mike se

lyding het vier jaar geduur, terwyl Helen, Chris en Kevin hom ondersteun het ten spyte van hul eie pyn ["For the next four years, the three of us watched the man we loved wither away to nothing" (Denisoff (red.) 1994: 55)]. In die meeste VIGS-verhale kry lesers 'n kort lys van noodlottige siektes wat VIGS-lyers opdoen en alhoewel dit in "Home" slegs vyf reëls opneem, kry lesers die geleentheid om die geweldige psigiese en fisieke tol op die VIGS-lyer te aanskou: "Two years after the original diagnosis, he came down with his first bout of pneumocystis carinii pneumonia and dropped suddenly from 160 to 113 pounds. And that was only the beginning. He subsequently contracted and successfully fought off MAI and cryptococcal meningitis. He suffered from chronic diarrhea. Thrush made it difficult for him to swallow and Kaposi's sarcoma left purple lesions on his arms and legs. Six months before he died, he developed CMV retinitis and went blind. We used to take longs walks together outside the hospital during that last autumn and early winter, despite the fact that neuropathy in his legs made each step difficult for him, and that no matter how many coats we piled on him, he never could get warm. 'It's all right,' Mike would say when Helen protested. 'At least if I can feel the cold I know I'm still alive' " (Denisoff (red.) 1994: 55)]. 'n Leser kan slegs die geweldige psigiese lyding en eensaamheid van die VIGS-lyer voorstel, aangesien dit bekragtig word deur die feit dat Mike as gay-man self sosiaal verwerp word.

Hierdie verhaal, wat handel oor gesinne en sosiale heenkome word invers gekarakteriseer deur die opvallende feit dat nie een van die karakters se biologiese familielede ooit opdaag of genoem word nie. Die psigiese lyding wat Mike ervaar, kan net so erg beskou word as die fisieke lyding, aangesien daar geen lede van sy biologiese familie verskyn om hom te ondersteun nie, as 'n mens sou aanneem dat hy wel gehad het. Dit lyk of Mike nie slegs die fisieke pyn, die emosionele verwydering van Helen of die sosiale skeiding van sy biologiese familie moes verwerk nie, maar weens VIGS ook 'n psigiese lyding moes deurmaak, ten

opsigte van sy minnaar, Chris, toe hy sou afsterf. Een verhouding se verlies wat dalk meer pyn aan hom sou besorg, sou dié met sy seun, Kevin, wees ["Not that we've regretted having Kevin. He's the best thing that's happened to me" (Denisoff (red.) 1994: 52)]. Die intensiteit van sy vaderlike gevoelens was ook duidelik te sien tydens die episode toe Kevin homself beseer het.

As gevolg van die VIGS-virus sou Mike soveel pyn moes deurmaak, dat selfs die fataliteit van die dood, aantrekliker beskou kon word as lewe met die virus. Die familie se skeiding sou finaal wees, met slegs die doodsluier wat 'n einde sou bring aan die psigiese en fisieke lyding wat Mike ervaar het. Helen en Kevin sou Mike moes afstaan as man en vader, terwyl Chris 'n minnaar, 'n gesin en 'n heenkome sou verloor weens 'n noodlot wat die VIGS-virus meegebring het. Die geweldige impak wat VIGS op Mike en Chris se lewens gehad het, het duidelike psigiese letsels gelaat en het die eensaamheid van die gay-individu se bestaan bevestig. Mike se dood was slegs deur Helen, Kevin en Chris herdenk met geen teken van sy biologiese gesin en familie nie, terwyl Chris se voortgesette eensame hustler-bestaan dieselfde psigiese soeke en verlatenheid ge-eggo het as Mike se tragiese VIGS-dood.

## 4.3 DIE EFFEK VAN VIGS OP DIE GAY-PSIGE SOOS TE SIEN IN DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE

### 4.3.1 DIE ROL VAN VIGS IN "DIE STORIE VAN MY NEEF" EN DIE EFFEK OP DIE VERHOUDING TUSSEN DIE SAMELEWING EN DIE INDIVIDU

In Koos Prinsloo se laaste bundel, Weifeling (1993), verskyn twee verhale wat aansluit en bydra tot die genre van Vigs-letterkunde. Die verhale "Die storie van my neef" en "Die storie van my pa" kan onder die eerste VIGS-verhale in Afrikaanse letterkunde getel word.

Die bydrae van die twee verhale tot die Afrikaanse literatuur kan vergelyk word met die invloed van VIGS-letterkunde soos in oorsese lande. Die literêre vergelyking met VIGS-letterkunde kan op die tematiese vlak gedoen word, waar temas soos die invloed van VIGS op die gemeenskap, VIGS se sosiale impak op die samelewing en die familie, en die individu se psigiese struwelinge te voorskyn kom. Die verhale waarop gefokus gaan word, gee veral literêre insig in die impak van VIGS op die gemeenskap en op die individu.

In die verhaal "Die storie van my neef" is die verhaalsperskektief dié van 'n eerstepersoonsverteller, wat vermoedelik kommentaar lewer op sy familie en hul behandeling van sy neef wat VIGS opgedoen het. Voordat die verhaal as sodanig bespreek kan word, moet daar eers vasgestel word of die verhaal wel oor die impak van die VIGS-epidemie handel, of nie. In die verhaal word daar slegs by implikasie gesê dat die spreker se neef aan VIGS sterf.

Die leser kry slegs aanduidings dat die neef, Bennie, aan 'n siekte lei, maar die finale oorsaak van Bennie se dood word aan die leser se eie gevolgtrekkings gelaat. Bennie se fisieke toestand word nou en dan uitgebeeld in die verhaal wat sekere leidrade verskaf aan die lesers ["My neef Bennie is sterwend. Hy weeg minder as honderd pond, volgens my ma nou die dag oor die foon." (Prinsloo 1993: 59)]. Die suggestie word verder geneem deur lesers te laat let op Bennie se gewigsverlies, wat slegs as 'n simptoom genoem word van die ongenoemde siekte. Daar word aanduidings gegee van ander simptome waaronder 'n maagseer val, wat Bennie in die hospitaal laat beland het (Prinsloo: ibid). Die enigste duidelike leidraad wat die moontlikheid van VIGS beklemtoon, spruit uit 'n verwysing na 'n tydperk waar hy sy neef onlangs na jare ontmoet het, maar voor "die epidemie" [Prinsloo 1993: 61].[23]

## 4.3.2 DIE EFFEK VAN VIGS OP FAMILIE-VERHOUDINGS IN DIE VERHAAL "DIE STORIE VAN MY NEEF"

Die oorheersende tema wat aan die leser geopenbaar word, is die reaksie van die familie, wat vanuit 'n konserwatiewe gemeenskap kom, op die feit dat Bennie VIGS het. Weens die feit dat daar verwys word na die "Kafferland" en die "Bosoorlog" (Prinsloo 1993: 60), kan daar afgelei word dat 'n Suid-Afrikaanse en veral 'n Afrikaanse gemeenskap ter sprake mag wees in die verhaal. Aangesien die verhaal geskryf word in die konteks van die Suid-Afrikaanse

[23] Hierdié woord word in ons moderne era gebruik om na die pandemiese voorval van VIGS te verwys (soos na byvoorbeeld 'Die Plaag' in die Middeleeue), wat aanvanklik veral publieke aandag met die dood van Rock Hudson verkry het, en in onder andere deur Randy Shilts se belangwekkende en sensitiewe meesterstuk <u>And The Band Played On</u> (1987) bespreek was, waarin die Amerikaanse burokrasie van nalatigheid beskuldig is.

samelewing en die enge norme van sekere lede van 'n Afrikaanse gemeenskap, is dit duidelik om te aanskou hoe die gemeenskap se reaksies en menings 'n impak het op gebeure in die verhaal.

Die spreker se pa verwittig hom van sy neef se siektetoestand, alhoewel hy al reeds 'n paar maande daarvan bewus is. Eers drie maande nadat sy pa dit genoem het, laat die spreker se ma hom weet, vermoedelik uit skaamte, omdat Bennie haar susterskind is. Die spreker het alreeds die nuus die vorige jaar by Willem, 'n verpleër, verneem, wat gesê het dat Bennie ' "nie meer die mens is wat hy was nie" ' (Prinsloo: ibid). Dié karakter het op sy beurt 'n kortstondige seksuele verhouding gehad met Bennie se minnaar, Phillip, aangesien Phillip sedert Bennie se siekte nie meer 'n seksuele lewe gehad het nie.[24] Bennie moes weens sy siekte ook ophou werk omdat sy fisieke toestand werk moeilik gemaak het, óf omdat daar uiterlike tekens van VIGS-verwante komplikasies was, wat op hul beurt gemeentskaplike en sosiale reaksies sou uitlok.

### 4.3.3 DIE FAMILIE AS SIMBOOL VAN DIE SAMELEWING

Die sosiale houdings en verhoudings wat bestaan in families word meestal gegrond op wat die gemeenskap aan families voorskryf. In hierdie sin is dit nodig om die familie se siening van die individu as sosiale agent te ondersoek met betrekking tot die verhaal. Elke individu word in 'n sekere sin as verteenwoordiger van hul biologiese gesinne en families beskou. Families verwag dat hul afstammelinge gemeenskaplike mores en kodes dra as verteenwoordiging van die familie se gehoorsaamheid daaraan. In die verhaal beskou die spreker sy familie en hul

[24] Sien verwysing nommer sewentien op bladsy honderd-en-vier in hierdie skripsie vir 'n bevestiging van hierdie voorval.

gewoontes, met 'n tikkie sosiale ironie. Bennie het weens sy seksuele oriëntasie en lewenstyl sekere maatskaplike taboes verbreek, alhoewel hy 'n naamgenoot was van sy oupa en voorvader (Prinsloo 1993: 61). As draer van 'n familienaam is natuurlik van Bennie verwag om die familie se naam te verteenwoordig volgens aanvaarde sosiale optrede, maar die verhaal vertoon kenmerke van sy individuele bestaan wat ingedruis het teen familiale en gemeenskaplike norme.

Die fokus van die verhaal val juis op die familie se reaksie op Bennie se lewenstyl (aangesien hy met 'n man saamgebly het), nl.dat genoemde lewenstyl sosiale ongerief veroorsaak het vir sy familie (Prinsloo 1993: 63). Volgens Bennie se minnaar, Phillip, het Bennie se ouer broer, en skoonsuster, een middag by die woonstel opgedaag met 'n hofbevel vir Phillip se uitsetting (Prinsloo: ibid). Die hofbevel was in Bennie se naam uitgereik, alhoewel hy dit dalk nie self aangevra het nie. Die gerug was dat Bennie se familie meer bekommerd was oor hul gemeenskap tuis, wat oor Bennie se lewenstyl sou skinder ["Hy 't net gesê ek moet onthou hulle bly op 'n klein dorpie en die mense skinder." (Prinsloo: ibid)]. Ten spyte van sy sieklike toestand het Bennie egter nie na sy tuisdorp verhuis nie, aangesien hy op vorige besoeke nie met sy pa goed oor die weg gekom het nie. Vir die leser is dit duidelik dat Bennie sy psigiese stut, in die vorm van Phillip, ontneem word deur sy familie se optrede. Phillip was selfs deur hulle verhoed om vir Bennie te kom kuier nadat hy uitgesit was, aangesien hulle die slot aan die woonsteldeure verander het.

In die lig van hul verhouding moes beide Bennie en Phillip ernstige psigiese wroeging ervaar het, aangesien hulle mekaar as geliefdes verloor het. 'n Verdere skok het Phillip ingewag, aangesien "Philllip se naam (is) nêrens meer te vinde" was in Bennie se testament nie, ten spyte van die feit dat hulle al vir jare minnaars was en dat Phillip vir Bennie gesorg het tydens sy

siekbed [" 'En dit nadat ek Bennie van April af gewas en versorg het...' " (Prinsloo 1993: 64)]. Dit lyk asof die familie dalk Bennie verplig het om die testament te teken, volgens Phillip, en dat dit weens Bennie se toestand nie moeilik was om hom te oortuig nie.

Die spreker suggereer dat Bennie moontlik slegs gereageer het op Phillip se buite-egtelike verhouding, maar dit kon nie met sekerheid gesê word nie ["Was die testament Bennie se wraak oor Phillip se ontrouheid met die trashy verpleër?" (Prinsloo: ibid)]. Die verteller het vir Phillip verder uitgevra oor wie in die familie verantwoordelik kon wees vir die onmin teen hom, waarop hy Bennie se pa blameer het vir die verloop van dinge. Die verteller stel lesers in kennis van Bennie se dokter se kommer vir Bennie, wat ontsteld was oor die familie wat "nog gereeld" medikasie by hom kom haal het "wat hulle glo by Bennie se keel afprop ( Sidovudien? Didanasien?)" (Prinsloo: ibid)]. Die dokter voel egter dat Bennie net "genoeg morfien" nodig gehad het, aangesien sy toestand alreeds verswak het tot 'n vlak waar ander medikasie oorbodig was. Daar word gesuggereer dat die familie net wil omsien na hulle sosiale posisie, en hoe Bennie se siekte of dood, gemeenskaplik op hulle sou terugkaats. Dit blyk egter dat Bennie sy familie vertel het dat hy die virus "van 'n bloedoortapping gekry het" (ibid), en dat Phillip se uitsetting plaasgevind het om enige gerugte te verhoed in hul tuisdorp. Deur middel van Bennie se leuen aan sy familie, aangaande die manier waarop hy die virus gekry het, kry lesers insig in die individu se vrese vir die familie, en die samelewing se verwagtinge. Deur te "bely" dat die virus op 'n sosiaal onskuldige manier opgedoen is, verhoed die karakter dat hy veroordeel word deur sy gesin en familie, of die hoon van die samelewing deurmaak.

### 4.3.4 DIE EFFEK VAN VIGS OP DIE GAY-PSIGE IN DIE VERHAAL "DIE STORIE VAN MY NEEF"

Bennie het in 'n sin sy oriëntasie, en sy liefde vir Phillip, ontken deur leuens aan sy familie te vertel. Die sosiale druk op en verwagtinge van Bennie (wat vroeër genoem is) moes geweldig gewees het, aangesien hy sieklik was weens die VIGS-verwante siektes wat hom daagliks geteister het. Bennie moes psigies onder baie druk gewees het, aangesien hy op die sosiale en die emosionele vlak druk ervaar het wat hom gepynig het. Eerstens kon Bennie wel bewus gewees het van Phillip se ontrouheid, maar dit moes tog moeilik gewees het om die emosionele, sosiale en psigiese gevolge daarvan te gemoet te loop. Phillip was tóg die een wat hom versorg het tydens sy siekbed, maar die ontrouheid kon Bennie diep bedroef het. Tweedens het die verskyning van Bennie se familie verseker dat Phillip uitgesit is, maar dat Bennie in 'n sosiale sin seggenskap oor sy eie lewe verloor het. As Bennie egter werklik verantwoordelik was vir Phillip se uitsetting, moes hy steeds sy gesin se pogings om hom na hul tuisdorp te laat verhuis, teenstaan. Ten spyte van die beëindigde verhouding met Phillip, en sy familie wat hul sorg (maar ook hul wense wat op Bennie se lewe ingedring het) uitgespreek het, moes Bennie ook die dood alleen tegemoet gaan. Lesers kry slegs 'n derdepersoonsperspektief op Bennie se lewe, en beleef nooit Bennie se weergawe van sy ervaringe nie. In 'n sekere sin gee die outeur daardeur die feit weer dat Bennie sy persoonlike regte ontsê is en alle seggenskap oor sy lewe verloor het, weens die indruising op sy lewe deur sy familie. Die familie wou juis verhoed dat andere van Bennie se toestand sou uitvind, en daardeur het Bennie ietwat van 'n verleentheid vir sy gesin en familie geword. As individu moes dit vir hom moeilik gewees het om sy familie se houding te verwerk, veral aangesien hy van sy vorige sosiale netwerk geskei was (bv. sy verhouding met Phillip en ander vriende).

Daar word slegs deur die outeur gesuggereer dat die familie verantwoordelik was vir die veranderinge in Bennie se lewe, aangesien die lesers nie self van die karakter gehoor het nie. Bennie mag egter die besluite self gemaak het, aangesien Phillip se verraad tydens Bennie se siekbed 'n bitter emosionele en psigiese hou vir hom moes gewees het. Hy moes later alleen sy familie se druk en Phillip se verraad hanteer, ten spyte van sy toestand. As VIGS-lyer was Bennie soos talle ander gay-mans met VIGS, blootgestel aan die sosiale druk van geliefdes wat meedoënloos aan sy lewe wou verander, om hul sosiale stand te red. Vir die familie was die gemeenskap se siening van hul familielid, 'n sosiale refleksie op die familie se eie sosiale stand en hul verteenwoordiging van gemeenskaplike norme. Die feit dat Bennie se familie besorgd was oor die gedagte dat "hulle bly op 'n klein dorpie en die mense skinder", bevestig dat hulle meer bekommerd was oor hul sosiale stand as oor Bennie en sy geluk tydens sy laaste dae.

Deur middel van hierdie verhaal kry lesers die geleentheid om sosiale persepsie aangaande seksuele oriëntasie te beskou, maar terselfdertyd insig in die lewe van 'n gay-man met VIGS, en die invloed en gevolge van die siektetoestand op die individuele psige, binne die Suid-Afrikaanse milieu, deur die oë van 'n buitestaander ('n gay-man).

### 4.3.5 DIE PSIGIESE ERVARING VAN DIE GAY-MAN IN "DIE STORIE VAN MY PA"

In Weifeling (1993) verskyn die verhaal "Die storie van my pa" ook, wat die vorige verhaal komplementeer en verdere insig gee in die gay-individu se psigiese ervaring teenoor die samelewing se gevoeligheid aangaande seksuele oriëntasie en sosiale plasing.

In die tweede verhaal word die verhouding tussen 'n gay-individu en sy familie behandel. Die eerstepersoonsverteller se verhouding met sy pa word die fokus van gebeure in die verhaal. Daar is duidelike suggesties dat dié spreker dieselfde een is, wat aan die woord was in die vorige verhaal, aangesien hy uitvra oor sy neef, Bennie ["As ek twee weke na my pa se verjaarsdag weer bel om te hoor hoe dit gaan, ook met my neef, sê my pa: 'Maar Bennie is láásmaand al dood.' (Prinsloo 1993: 68)]. Die verhouding tussen die pa en seun (die spreker) word die fokus van die verhaal, en werp verder lig op hoe 'n gay-seun ontvang word deur sy gesin. Daar sal eerstens gefokus word op die vader se beskouing van sy volwasse gay-seun sodat lesers die impak van die pa se behandeling en sosiale verhouding op die gay-individu, in ag kan neem. Hierdie verhouding word terselfdertyd in kontras geplaas tot die verhouding wat die pa (as jong mens) op sy beurt met sy ouers gehad het. Die oorerflike sosiale norme van die samelewing (d.m.v. die ouers as sosiale agente) en hoe dit dien as outoriteit oor jonger geslagte, kan as deel van 'n sub-teks in die verhaal beskou word. Op hierdie wyse laat die outeur vir lesers toe om te besef watter tipe sosiale tradisies daar bestaan, waarin die onafhanklike gay-persoon 'n lewe probeer skep vir homself.

'n Mens kan aflei van 'n boodskap op die spreker se antwoordmasjien dat daar van die vader se kant 'n verlange is om by sy seun te wees. Volgens die spreker is daar " 'n effense

verdrietigheid" (Prinsloo 1993: 67), wat bevestig dat die pa se verlange 'n ernstige emosie vertoon. Lesers kry verdere informasie oor die spreker se ouer, aangesien hy "die storie van my pa" vertel aan sy minnaar (ibid). Uit die feit dat die spreker se ouma 'n dogter met vallende siekte gehad het voordat sy aan die spreker se pa en tante geboorte geskenk het, blyk dat die ouma nie die twee ander kinders wou gehad het nie. Die effek van die spreker se ouma se houding teenoor sy pa het 'n blywende effek van verlatenheid op laasgenoemde gelaat. Die spreker suggereer myns insiens dat sy pa, sosiaal en emosioneel, dieselfde teenoor sy ma gevoel het, as wat hy gevoel het oor die manier waarop sy pa hom behandel het.

Daar word gesuggereer dat die spreker sy pa se sosiale verwagtinge ten opsigte van sy seksuele oriëntasie teleurgestel het, aangesien sy lewensstyl as gay-man ingedruis het teen gemeenskapsnorme ["Van ons (die spreker en sy minnaar se) herdenking vertel ek my pa wel oor die foon, en stadig maar seker hoor ek hoe sy hm's en a's begin te kwyn. Halfpad deur my relaas sê hy onbeskof: 'Hier's jou ma.' Prinsloo 1993: 70]. Die lesers kry 'n bevestiging van hierdie gevoel wanneer daar verder insig in die pa se gevoelens gegee word, deur middel van 'n droom waarvan sy pa hom op sy antwoordmasjien vertel.

Die vader se droom kan geïnterpreteer word as 'n simbool vir die pa se sorg en bekommernis vir sy seun. Die volgende dag het die pa in trane uitgebars oor die foon en vir die spreker smekend geskree dat sy seun nie bang moet wees vir hom nie [' "Moet asseblief nie bang wees vir my nie," ween hy en skree hy en pleit hy." ' (Prinsloo 1993: 69]. Daar word geen direkte verwysing gemaak na die oorsprong van die gesprek of die gevoelens wat geuiter word nie, maar dit kon in terme van die seun se oriëntasie en sy leefwyse wees (dat hy saam met sy minnaar gewoon het). Lesers ervaar verder die pa se liefde vir sy seun, wanneer hy 'n storie vertel, van een geleentheid van die spreker se veronderstelde siekte, as kind. Die vader beken

dat hy bereid was om sy eie lewe te neem, indien sy seun sou sterf (ibid). By 'n latere geleentheid kry lesers insig in die pa se siening en verlange na sy seun, veral die manier waarop hy sy volwasse seun beskou. Hierdie beskouing gee lesers insig in hoe die familie en samelewing beïnvloed word deur seksuele oriëntasie, tot 'n punt waar hulle selfs verlang na 'n tyd toe hul seun weer klein was, en onder hul invloed, liefde, gesag en beskerming kon wees ["Ag, jy is so klein in my droom, vertel my pa en raak bewoë." (ibid)].[25] Die onbewustelike dringendheid wat Prinsloo se karakter se pa gevoel het, het veroorsaak dat hy "homself uit die droom (uit) wakker gehuil" (ibid) het en vir sy vrou daarvan vertel het.

Die spreker aanvaar sy pa se smeking om hom nie meer te vrees nie, alhoewel lesers sien dat die spreker nie so begenadigend is, as wat hy aan sy pa voorhou nie. Dit blyk dat die verteller se gevoelens teen sy pa baie sterk is, aangesien hy na hul telefoongesprek baie agterbaks opmerk: "Wel, wag daar 'n surprise vir hom." (ibid). Weens die feit dat die gesin se fokus val op hul seun as 'n sosiale agent, en nie as 'n individu nie, word hul verhouding gereeld vertroebel. Die feit dat die spreker VIGS opgedoen het daarop word eers later in die verhaal op gefokus. Deur middel van 'n denkbeeldige brief van die spreker aan sy pa, kry lesers 'n idee van die karakter se psigiese en emosionele houdings. Die brief handel juis oor die vrees wat die verteller teenoor sy gesaghebbende ouers voel. Volgens die verteller wou hy ophou om bang te wees vir sy pa, aangesien daar gesuggereer word dat die spreker en sy susters bevrees was vir hul pa ["Liewe Pa, reeds die afgelope agtien jaar herbedraad ek my hart en kop om nie meer vir jou bang te wees nie...Maar, jou selfbehepte bliksem, het jy al ooit gaan sit en wonder

[25] Die familie se rol as sosiale agente, en hul soortgelyke reaksie tot seksuele oriëntasie, word onder andere in Gil Cuadros se verhaal "Unprotected" in die bundel Indivisible (1991) bespreek, waar die hoofkarakter se ouers selfs in trane stort wanneer die karakter besluit om met sy minnaar in te trek.

waarom ek en my susters van kleins af gesidder het in ons spore?" (Prinsloo 1993: 70). Die vrees wat die spreker vir sy pa gevoel het, is iets wat as 'n universele fenomeen besou kan word. Om hierdie probleem in die konteks van die verhaal te verstaan, moet die vader se eie familiegeskiedenis beskou word.

Die verteller se pa het 'n gevoel van verlatenheid gehad oor sy eie ma wat nie "(wou) hom en sy suster nooit eintlik (wou) (JAC) gehad het nie" (Prinsloo 1993: 68), en het verder dieselfde vrees gehad vir sy pa, die spreker se oupa ["Eers op sestien - ja, hy was al uit die skool gehaal - het my pa nie meer gedraf nie, maar soos 'n normale mens gestáp as my oupa hom beveel om iets te loop haal" (Prinsloo 1993: 70)]. Die spreker se bitterheid kan in 'n mate as die inverse gevoelens beskou word, van sy pa se eie gevoelens van verlatenheid, teenoor sy ma. Hierdie bitterheid dien as skerm vir die spreker se sosiale onafhanklikheid, terwyl die bestaan van sy verhouding met sy minnaar, 'n faktor blyk te wees in die skeiding tussen pa en seun. Wanneer die spreker sy pa probeer verwittig van die herdenking van die verhouding, wat hy en sy minnaar gevier het, kry lesers vir die eerste keer die geleentheid om die moontlike oorsprong van die spanning in hul verhouding te beskou ["Van ons herdenking vertel ek my pa wel oor die foon, en stadig maar seker hoor ek hoe sy hm's en a's begin te kwyn." (Prinsloo 1993:70)]. Dit lyk dus of sy vader se gevoelens van verlatenheid, met betrekking tot sy seun, beskou moet word in terme van die seun se seksuele oriëntasie. Die spreker se reaksie op sy pa se uitbarsting wanneer sy pa die telefoon onbeskof oorhandig aan sy ma, gee lesers insig in die psigiese bitterheid en teleurstelling wat die spreker voel. Die spreker voel dat hy sosiaal en emosioneel verraai is deur sy pa, en daarom hou hy die feit dat hy VIGS-verwante siektes het as 'n geheim om teen sy pa te gebruik ["Dít, liewe Pappa, hou ek vir later" (ibid)].

Aan die einde van die verhaal is daar vir die verteller geen uitkoms uit sy sosiale dilemma nie, weens die feit dat hy reeds deur sy pa as gay-man verwerp word. Die feit dat die verteller as gay-man reeds 'n buitestander is, verwys na sy sosiale status as uitgeworpene. Die gevolge van hierdie verstoting kan ten minste op die sosiale en psigiese vlakke ondersoek word.

Die psigiese impak van sy toestand as VIGS-lyer is te bespeur in sy gevoelens aangaande sy seksuele verhouding met sy minnaar. Weens die infeksie met die virus word hy in 'n mate verhoed om seksueel uiting te gee aan sy emosies. Op 'n latere stadium sal die verteller aan sy familie en vriende openbaar dat hy VIGS het. Die eintlike toets wat die verteller en sy familie sal teëkom is of sy ouers, soos Bennie se ouers, sal knak onder sosiale druk en teleurgesteld gaan wees, dan of hul liefde vir hul seun gaan seëvier. Vir die verteller is die stryd in 'n sekere sin alreeds emosioneel en sosiaal verlore, aangesien hy weens sy oriëntasie alreeds verwerp is. Sy infeksie met die VIGS-virus het beteken dat sy sosiale posisie verder vererger het weens die gemeenskap se haat en vrees vir dinge wat hulle nie kan verstaan nie.

## 4.4 DIE EFFEK VAN VIGS EN DIE NADERENDE DOOD OP DIE GAY-PSIGE

"Ironically, the sole story in this book that deals with the plague on a line-by-line basis, Abraham Verghese's 'Lilacs', brings us out of New York into the heartland, for a last ride with a PWA (person-with-AIDS) whose defiance of business-as-usual culture is well-nigh apocalyptic."

-Ethan Mordden [Waves (1994)]

Abraham Verghese se verhaal "Lilacs" word die leser gekonfronteer met 'n gay-man wat aan VIGS ly en die effek wat sy siekte op sy lewe het. Die verhaal beeld die VIGS-lyer se sinisme teenoor die lewe uit, en veral die samelewing se emosielose behandeling van die VIGS-lyer.

Die leser leer ken die karakter, Bobby, wanneer hy alreeds VIGS opgedoen het, en besig is om voor te berei vir sy besoek aan die hospitaal. Dit blyk dat die karakter alreeds sekere simptome van VIGS-verwante siektes gehad het, en dat daar sekere merke aan sy gesig was wat sy motel-bestuurder laat uitvra het of daar iets met sy gesig verkeerd was (Mordden 1994: 78). Die karakter het dus daagliks rondgeloop met uiterlike, fisieke elemente van sy siektetoestand. Weens die sosiale gevoelens wat bestaan teenoor die gay-gemeenskap, en die feit dat VIGS aanvanklik as 'n gay-siekte beskou was, het Bobby laat sê dat hy met die merke op sy gesig gebore was ["Oh, I was born this way," Bobby had answered (ibid)]. Weens die klem wat die gemeenskap plaas op menslike uiterlike voorkoms, wil Bobby selfs sy sinnebeeld in die spieël

vermy ["He tries not to look into the mirror. Why look? Better to remember himself as he used to be. As he is in the photograph in the briefcase-" (ibid)].

Daar is 'n duidelike verlange om uit die huidige toestand van sake te ontsnap, en 'n verlange na vroeër en beter tye, voor die siekte ingegryp het en sy gesig en lewe geskend het. Die karakter se ontvlugtingsdrang word voortgesit deur Bobby se pogings om sy gelukkige tye met familie en vriende te onthou. In terme van sy lewe in die gay-subkutuur, onthou die karakter hoe ander hom admireer en bemin het ["They would cluster around him, buy him drinks, while he looked over the tops of their heads" (Mordden 1994: 80)]. Sy gedagtes vorder tot op die punt waar hy herinner word aan sy ontmoeting met Primo, en hul latere verhouding. Wanneer die karakter hierdie punt bereik, word dit duidelik dat hy dit as 'n belangrike hoogtepunt beskou. In sy gedagtes is daar 'n soete trots oor die verhouding wat hulle aangeknoop het, en die manier waarop dit gebeur het.

Toe hy Primo vir die eerste keer sien, erken Bobby dat hy gedink het dat Primo meer aantreklik as hy was: "One night he saw Primo come in....-it was the only time Bobby had seen a better-looking man than himself..." (ibid). Hy onthou nog hoe ander reageer het toe hy vir Primo benader het, hoe dit hulle van andere apart gestel het weens hul aantreklikheid: "This time Bobby walked over, scattering the people around them" (ibid). Die ironie van die situasie word verder gevoer met die feit dat hy en Primo se aantreklikheid andere gelok het, maar nadat hulle albei VIGS opgedoen het, het hul toestand mense om hulle verdryf. Bobby se uiterlike voorkoms is beïnvloed deur sy gebruik van AZT, medikasie wat ontwikkel was om te dien as 'n VIGS-teenmiddel, maar wat vir Bobby en vele ander slegs 'n verposing kon bied voor die dood ["Meanwhile Bobby had tried it all: AZT, then ddl, now ddC. And ganciclovir. And the underground Compound Q. And intravenous protein feeds. And aerosol pentamidine"

(Mordden 1994: 84)]. Die karakter se gevoelens teenoor die onsimpatieke medici en ander gesiglose bureaukrate is dié van bitter moedeloosheid. Bobby ervaar gevoelens van verlatenheid weens die feit dat die gemeenskap vir hom en ander VIGS-lyers geen heenkome bied nie, en dat hy as 'n hulpelose enkeling sy lot tegemoet gaan ["These people had no place for Bobby. These people were waiting for him to die." (Mordden 1994: 80-81)].

Bobby se gesondheid was slegs so goed soos sy toegang tot die VIGS-teenmiddels, maar selfs sy maandelikse mediese toelae kon nie sy nood verlig nie ["It didn't cover the medications for the infections - the opportunists - that threatened to kill him before the AIDS virus did" (ibid)]. Wanneer Bobby aansoek doen na twee klinieke wat met die behandeling van sy VIGS sy lewe 'n bietjie kan verleng, vind hy dat die waglyste te lank is, en dat geen simpatie aan hom toegestaan is om selfs net 'n porsie van die medikasie in die hande te kry nie. Die gemeenskap se benadering ten opsigte van die VIGS-lyer (gay of straight) was amper totaal gevoelloos. Die twee klinieke wat hy besoek het, was juis besig met medikasie vir mense, soos Bobby, vir wie AZT nie meer as VIGS-teenmiddel 'n sukses was nie. Volgens die kliniek was dit protokol wat hulle verhoed het om sy aansoek goed te keur. Die protokol en die prys van die medikasie is dus groter geag as die feit dat die nuwe medikasyne vir sekere VIGS-lyers meer tyd gegee het om te hoop dat 'n oplossing gevind sou word om die virus te klop voordat hulle self beswyk het.

Die kliniek in Durham se reaksie ontsteek in Bobby sekere gebottelde frustrasies, wat hom vasberade maak om die gemeenskap se houdings as geheel teen te staan, en nie tou op te gooi nie ["But Bobby cannot give up. He cannot. He will go to the clinic today, as he has done every Wednesday these nine years." (ibid)]. Dit is duidelik dat die karakter se hele lewe weens omstandighede behep is met VIGS en oorlewing. Een metafoor wat die daaglikse impak van

VIGS in Bobby se lewe bewys is die "Hickman" kateter, wat vir Bobby die vorige twee jaar gedien het as 'n lewenslyn, aangesien dit gebruik was om sy interne medikasie toe te dien, sowel as vir bloedtoetse tuis en by hospitale. Lesers kry 'n geringe aanduiding van VIGS se effek op sy daaglikse lewe. Bobby se frustrasie het geen perke gehad nie, aangesien hy nie net voorgee dat 'n joernalis op televisie oor VIGS praat nie (Bobby sit die klank af en lewer self die klankbaan vir die insetsel), maar gee self 'n verwoede toespraak oor die opstand vanuit die gay-gemeenskap wat die land sal ervaar, indien VIGS-lyers voor klinieke 'n veldtog moet loods om die gemeenskap te verwittig van hul daaglikse stryd met die dood.

Hierdie tirade lei tot Bobby se besluit om sy gesondheid deur middel van geweld te bekom, weens die samelewing se onbereidwilligheid hulle te help. Op pad na die M.I.T.-verbonde hospitaal voel die karakter die spierpyne, wat hy probeer opsy stoot. Weer eens kry lesers insig in die fisieke lyding wat die VIGS-lyer moet ervaar, wat sy aan sy gaan met die emosionele en psigiese lyding, wat die gay, VIGS-lyer in sy laaste dae ervaar ["Halfway across, the muscles, he thinks as he reaches down to touch them. This is not my pain...A purple reflection of his face flashes at him, and he pulls away from the railing." (Mordden 1994: 83)]. Deur middel van hierdie ontstellende gedagtes kry lesers die geleentheid om die effek van sekere fisiese littekens van VIGS-verwante siektes, op die lyers se psiges te bespeur. Hierdie fisiese tekens kan as metafoor beskou word vir die afsondering wat VIGS-lyers, gay-mans en lesbiërs moet deurmaak ten opsigte van die samelewing. Psigies moet die gay-man sy eie weg baan in die samelewing weens die veroordeling wat ontvang word as gevolg van sy oriëntasie en sy siektetoestand. Deur die littekens wat die VIGS-verwante siektes agterlaat op die lyer se uiterlike voorkoms, is dit as't ware asof die individu gebrandmerk word deur die virus, wat dien as simbool van die samelewing se veroordeling. Die psigiese druk wat Bobby ervaar, word dus gesimboliseer deur hierdie littekens op sy gesig, wat invers dien as teken van

sosiale veroordeling en vernedering, soos die pienk driehoeke wat die Nazis tydens die Tweede Wêreld-oorlog vir gay-mans verplig het om te dra.

Die psigiese en emosionele pyn word verder onder die soeklig geplaas wanneer Bobby homself terugdink aan sy geliefde, Primo, wat vroeër VIGS opgedoen het. Die effek wat VIGS op Primo gehad het, het die gevoelens van hopeloosheid en magteloosheid wat sekere VIGS-lyers ervaar het, gekarakteriseer. Primo kon nie die gevolge van VIGS op sy lewe verwerk nie, en het voor sy eerste besoek aan 'n kliniek reeds gevlug weens die manier waarop 'n ander VIGS-lyer se voorkoms hom afgestoot het. Die psigiese druk was vir hom te veel om te verwerk en hy het sy lewe letterlik met ongekende roekeloosheid begin uitlewe.

As 'n vlieënier het hy waaghalsig begin optree met sy klein kommersiële vliegtuig, wat gelei het tot die herroepping van sy lisensie. Teen daardie tyd het Primo en Bobby uitgemaak, en Bobby het by andere gehoor van die aaklige, fatalistiese agressiwiteit waarmee Primo op sy VIGS reageer het. Bobby onthou hoe Primo begin cruise het en daardeur VIGS doelbewus aan andere oorgdra het, om soveel as moontlik aan te steek.[26] Myns insiens kon dit ook 'n gedoemde poging wees om die dood te probeer uitoorlê (met dieselfde gretigheid waarmee hy gelewe het) deur dieselfde emosionele, fisiese en psigiese pyn in andere te veroorsaak en hul lewens jaloers te knak, soos syne kortgeknip sou word deur VIGS.

Die psigiese effek wat VIGS op Primo en Bobby gehad het, het gekontrasteer in terme van hul lewensbeskouinge. Primo het 'n gulsige, tog oppervlakkige verowering van die lewe gehad

---

[26] Dit herinner 'n mens aan die beskrywing van Gaeton Dugas, 'n VIGS-lyer, wie se ware aksies in And the Band Played On (1987) deur Randy Shilts opgeteken is.

voordat hy VIGS opgedoen het, deur aksie-belaaide bedrywighede soos om motorfiets ry en vliegkuns te beoefen. Hy was egter gedwing om die erns van die lewe te besef toe hy HIV-positief getoets het. Sy pogings om die psigiese en fisieke effekte van VIGS te ontvlug was slegs oppervlakkig, weens sy oorspronklike lewensbeskouing wat die lewe se werklikhede probeer verruil het vir (moderne) liggaamlike genot. Juis daarom het hy en Bobby uitgemaak weens Bobby se diepsinnige, tog desperate pogings om te oorleef en so veel moontlik tyd te wen vir lewe voordat VIGS hom dit vir ewig daarvan sou ontneem. Weens die kontrasterende reaksies op hul kondisies het hul verhouding misluk en hul vriendskap verbrokkel tot 'n punt waar Bobby selfs nie eens Primo se begrafnis bygewoon het nie. Verder moes Bobby beskuldigings van Primo se moeder verduur omdat sy hom verantwoordelik gehou het vir haar seun se dood. Op hierdie manier het Primo se selfsugtige lewenswyse selfs na sy dood vir Bobby emosioneel en psigies getref. Lesers mag selfs dink dat Primo se eiesinnige lewensbenadering van sy ma geërf is, vanweë die feit dat sy andere vir Primo se dood blameer het (aangesien sy bes moontlik nie van Primo se mislukkings en onverantwoordelike optredes bewus was, nadat hy VIGS opgedoen het nie).

Sekere van Bobby se psigiese teleurstellings en pyn kon ten opsigte van VIGS verbind word met sy verhoudings met Primo en Michael. Die spreker gee kortliks aan die leser informasie aangaande Michael en die manier waarop VIGS sy lewe beïnvloed het. Daar word met geen duidelikheid gesê wat die aard van Bobby en Michael se verhouding was nie, maar toe Michael VIGS opgedoen het, het hy nes Primo opgegee en nie die invloed van VIGS in sy lewe probeer beveg nie ["He gave up in a different way" (Mordden 1994: 84)]. Michael het nie probeer om sy lewe te verleng met dieselfde neurose as wat Bobby gehad het nie. Hy het homself aan sy lot as VIGS-slagoffer oorgegee en het teruggekeer na sy tuisdorp om weer die

dinge van sy jeug te herleef. Hy het gedink dat hy op daardie manier die dood kon besweer en sy lewe sou herwin (deur die glorie van sy jeug en lewe te herleef), maar dit was natuurlik tevergeefs. Michael se reaksie kan op die psigiese vlak geïnterpreteer word as 'n ontvlugting, wat in 'n mate soortgelyk is aan Primo s'n. Lesers moet egter besef dat alhoewel Primo en Michael se ontvlugtings taamlik fatalisties is, dat Bobby se dolle pogings om VIGS-medikasie te bekom (om sy lewe te verleng), ook 'n poging was om die noodlot te ontvlug.

Die hoofkarakter se ontvlugting van VIGS, het die vaart van Primo se onverskilligheid oortref, maar het nie Michael se psigiese uitlewering aan die noodlot gedeel nie. Inteendeel, Bobby het elke sekonde gegryp en dit as 'n milennium uitgeleef weens sy oorlewingsdrang ["Oh, I màу die," he shouts at a car that passes by, "but not without a fight!" (ibid)]. Deur middel van hierdie tipe uitlating word Bobby se psigiese en emosionele oorlewingsdrang gekarakteriseer as een wat in kontras staan met met die fatalistiese houdings van ander mismoedige VIGS-lyers (soos Primo en Michael).

Lesers kry duidelik te sien dat die effek van VIGS in elke individu se lewe deurdringend is, soos enige ander noodlottige siekte. Sy geveg teen VIGS en die noodlot sou tot 'n einde kom, en weens sy verlange na oorlewing probeer hy om sy dood verder uit te stel, op enige wyse moontlik. Hy onttrek al sy spaargeld in die hoop om medikasie by die hospitaal te bekom. Die manier waarop Bobby die nodige medikasie geweier is, vertoon weer eens hoe insensitief die samelewing is ten opsigte van VIGS-lyers, en selfs teenoor Bobby se noodlot. Wanneer Bobby besef dat hy nie toegang gaan kry tot medikasie wat gerig was op post-AZT medikasie nie, besef hy dat hy nie meer die dood sal kan uitoorlê nie, maar hy is nie bereid om sy verlange na die lewe prys te gee nie.

Weens die hopelose gevoelens wat in Bobby opwel, neem hy die besluit om die medikasie op gewelddadige wyse te bekom (of te sterf in die proses). Op pad na die hospitaal konstrueer Bobby 'n geval wat die diepte van sy psigiese struwelinge en lyding aan lesers openbaar. Hy klim by 'n gebou op waar seringblomme ("lilacs") groei, met die doel om van die blomme te pluk. Vir Bobby is daar 'n assosiasie met die kleur van die blomme en die kleur van sy vel (wat perserig is) weens Kaposi se Sarkoom / Kaposi's sarcoma ('n VIGS-verwante siekte), en die stolling van sy liggaam se natuurlike afweer (Mordden 1994: 88). Bobby se teenstand van die virus se oorname van sy lewe, het uiteindelik verbrokkel toe die twee VIGS-spesifieke navorsingshospitale hom die na-AZT medikasie geweier het. Hierdie psigiese verbrokkeling word duideliker met betrekking tot Bobby se vasberadenheid wat degenereer, soos die gemeenskap hom mettertyd verstoot het, tot 'n posisie van eensaamheid en hulpeloosheid.

Aanvanklik gee Bobby seringblomme aan 'n verbygaande vrou met wie hy 'n gesprek aanknoop. Dit is egter duidelik dat Bobby psigies die punt bereik het, waar hy, weens die tekort aan gemeenskaplike ondersteuning en die onsensitiewe houdings van sommige medici, sy eerbieding van maatskaplike norme sou prysgee. Primo en Michael se fatalistiese houdings was dinge wat Bobby gehaat het, omdat dit beteken het dat hulle nie bereid was om teen VIGS te veg nie. Bobby het gedink hoe die seringblom as 'n nasionale blom kon dien vir VIGS-lyers. Hierdie gedagte het hy aan 'n verbygaande vrou uitgedruk, sodat sy bewus kon word van sy treurige en hawelose psigiese toestand, alhoewel sy bes moontlik nie kon verstaan hoe eensaam en verlate hy gevoel het nie.

Bobby se woede teenoor die burokratiese sisteem, gemeng met sy emosies aangaande sy noodlot, lei tot sy abnormale psigiese optrede. Lesers kry hierdeur insig in sy eie oplopende

fatalisme wat uiteindelik voltrek word wanneer hy 'n man, Clovis, as gyselaar neem in die hospitaal. Bobby se woede teenoor die burokratiese sisteem, gemeng net sy emosies aangaande sy lot, lei myns insiens tot sy abnormale psigiese optrede. Ten spyte van sy onstabiele optrede vorm daar 'n situasionele verhouding tussen die twee karakters. Bobby begin Clovis vertel van sy eie toestand, sowel as sy teenstand teen die noodlottige virus wat hom van die res van sy lewe sou beroof. Clovis word ingelig oor Bobby se nege jaar stryd, wat hom verby die gemiddelde oorlewingstydperk gedra het. Lesers kry die geleentheid om Bobby se psigiese verbrokkeling te sien, in terme van die gebrek aan gemeenskaplike ondersteuning en sensitiwiteit.

Aanvanklik gee Bobby vir Clovis 'n oppervlakkige mediese ondersoek wat berus het op kennis wat hy tydens sy stryd van nege jaar opgedoen het. Bobby kom tot die gevolgtrekking dat Clovis ook VIGS opgedoen het en dat dit ver gevorder het. Weens die insensitiewe optrede wat Bobby self ervaar het van andere, begin hy net so insensitief optree teenoor Clovis. Sy insensitiwiteit word gebore uit dieselfde fatalisme wat hy gehaat het in andere, soos Primo en Michael. As gevolg van hierdie noodlottige houding wat Bobby inneem, is hy nie daartoe in staat om andere soos hy te verdoem nie. In 'n sekere sin gee Bobby aan Clovis die sleutel tot sy oorlewing: 'n manier om VIGS psigies ten bowe te kom ten spyte van die noodlottige uitkoms. Bobby stel Clovis in kennis dat 'vrees' die groter dag-tot-dag vyand is waarteen VIGS-lyers moet veg, aangesien vrees geen goeie invloed kan hê op die individu se stryd nie. Clovis leer van Bobby dat vrees die gay-individu verhoed om te laat toets vir die HIV-virus en dat die vrees 'n mens dus kan lamlê en psigies dood, voor die VIGS-virus self ["The fear doesn't do you any good. It's like most anything else in life: lose your fear and it can't touch you." (Mordden 1994: 90)]. Ten spyte van sy fatalisme skyn Bobby se verlange om te lewe deur, danksy sy sensitiewe advies, en ten spyte van die eienaardige omstandighede. Vir Bobby

was die enigste manier om homself van sy pyn en noodlot te verwyder, deur sy vrese te oorkom.

Bobby besef dat sy optrede Clovis verskrik, aangesien sy "advies" hom meer senuweeagtig en angsbevange maak ten opsigte van van die manier waarop Bobby 'n VIGS-lyer se lot uiteensit. Verder besluit Bobby om die stryd teen VIGS en die vrees vir die siekte vir Clovis te konkretiseer [" I want you to answer a series of questions for me. I'll write down your answers on paper, and then you put that paper in your pocket and carry it with you. Then-trust me-you will have conquered death. It worked for me. O.K.?" (Mordden (red.) 1994: 91)]. Bobby se psigiese desperaatheid stel hom nie daartoe in staat om te besef dat hy besig mag wees om Clovis meer kwaad as goed te doen nie. Hy stel 'n werklys vrae op wat die kille werklikheid voorstel vir die VIGS-lyer aangaande sy dood en sy teraardebestelling. In 'n mate verteenwoordig die lys die werklikhede wat elke lyer moet aanvaar aangaande sy siekte. Die psigiese gemoedstemming van die hoofkarakter word duidelik aan die leser gestel deur middel van die vrae wat hy voel elke individu met VIGS, te gemoet gaan kom ["I'm asking you where you want to die?..Or do you want to die at your own house, in your mama's arms?...Now what do you want to do with your body?... It boils down to do you want to be cremated or buried? ...Music? I assume you want a service-so, music. See, that's something you can control. Music-what do you want them to play? Come on, Clovis-music?...The eulogy, Clovis! Don't forget the eulogy. What do you want them to say?...But the tombstone, the grave marker. That has to be your choice" (Mordden (red.) 1994: 91-93)]. Dit is duidelik dat Bobby se verlange om aan te dring op sekere regte, wat normaalweg aan die familie en gemeenskap behoort (d.w.s. die begrafnisonderneming ), verbonde is aan die regte wat hy as gay-invidu en VIGS-lyer verloor het, toe hy deur die samelewing verwerp is.

Deur middel van hierdie vrae slaag Bobby slegs daarin om die psigiese, sosiale en emosionele armsaligheid van hul situasie as VIGS-lyers te beklemtoon. Eerstens vra Bobby aan Clovis of hy wil sterf, en hiermee word hul lot opgesom. Tweedens, word Clovis gevra waar hy wil sterf, by sy vriende, in die hospitaal, op straat of by sy gesin. Die vrae belig verder die droewige werklikheid van die VIGS-lyer se lot, maar beklemtoon ook die gay-man se verdere sosiale afgesonderdheid, weens die VIGS-virus. Deur die gemeenskap se veroordeling van die gay man is hy alreeds uitgewerp uit die gemeenskap. Hy word grotendeels verwerp deur sy familie en vriende, en moet sonder hul sosiale ondersteuning voortleef. Juis om daardie rede word Bobby se aanvanklike voorstelle vir plekke om te sterf, in teenstelling geplaas met sterfte in sy moeder se arms (wat Bobby self beantwoord weens Michael se fatalisme wat hóm na sy tuisdorp gelei het) (Mordden (red.) 1994: 91). Hierdeur word Bobby se sinisme beklemtoon in die lig van die verplettering van sy droom om te lewe. Volgens Bobby moet alle besluite op papier neergelê word, anders word 'n mens dalk byvoorbeeld in die plaaslike begraafplaas ter aarde bestel.

Bobby gaan verder ten spyte van Clovis se weeklae oor die teraardebestelling of kremasie, wat die fisieke einde van die lyer se bestaan beklemtoon en die onmoontlikheid om die noodlot te ontvlug. Hierdie emosionele gevangenis waarin Bobby geplaas is deur die VIGS-virus, het hom natuurlik bewus gemaak van sy naderende dood, en dit is hierdie feit wat Bobby aan Clovis wou oordra. Die feit dat die gay-individu HIV-positief getoets is, veroorsaak verdere psigiese, emosionele en sosiale vernedering en veronregting. Op 'n simboliese vlak verteenwoordig die deklarasie dat 'n persoon gay is ("coming out"), vir die gemeenskap slegs 'n inverse sosiale lofspraak, wat beklemtoon word as die individu VIGS opdoen en daardie persoon word slegs 'n sosiaal vergete grafkuil met 'n leë grafsteen.

Deur middel van Bobby se vrae kry Clovis die geleentheid om aspekte van sy toekomstige lot te aanskou, maar terselfdertyd kennis om die dood uit te stel. Vir Bobby het dit nie gegaan om die noodlot wat die virus ingehou het nie, maar die keuse of die individu die lewe, of die dood sou verkies. Dit word duidelik dat Bobby se noodlottige houding slegs pseudo-fatalisme was. Die houding was eintlik veroorsaak deur sy verlange om te aanhou lewe, en nie 'n reaksie op sy infeksie met die noodlottige virus nie. Van tevore is genoem dat Bobby met die virus aanhou bestaan het weens sy verlange om te lewe, wat gekontrasteer het met die fatalistiese houdings van Primo se onverskilligheid, of Michael se wanhopigheid. Eers nadat die post-AZT medikasie aan hom geweier is, het Bobby se droom (om te aanhou lewe) verpletter geraak, omdat die onsensitiewe gemeenskaplike waardes (protokol en geld) dit vernietig het.

Die psigiese impak wat die teleurstelling op hom gehad het, het Bobby psigies ondermyn en hom gedryf tot uiterste aksie. Sonder die moontlikheid om sy lewe te verleng deur middel van die post-AZT medikasie het Bobby se vermoë om die ewigdurende (nuut-verslane) vrees te verdoof, verswak. Juis hierdie onvermoë het die karakter se vroeëre woorde bevestig in die sin dat die vrees vir die dood hom oorrompel het. Hierdie oorweldigende emosie van 'n hopelose bestaan, beklemtoon die algehele wanhoop wat 'n VIGS-lyer se lewe karakteriseer. Op die psigiese vlak was die weiering van die medikasie die laaste wapen van die genadelose samelewing wat Bobby van sy verdediging gestroop het. Wanneer Clovis uiteindelik van Bobby wegbreek, probeer Bobby hom die papier gee met die laaste besluite aangaande sy teraardebestelling.

Daar is nog 'n aanduiding van Bobby se verlange om die noodlot teen te staan. Bobby is juis bereid om oor die toekoms te praat en selfs die noodlot te bespot. Hierdie aksies mag spruit

uit sy besef dat die dood uiteindelik sy lewe sal eis. Weens hierdie besef besluit Bobby, myns insiens, om sy eie lewe te beëindig en daardeur sy lot self te beheer. Op hierdie manier blyk dit dat die lys wat hy met Clovis saamgestel het, Bobby se eie lewe en keuses verteenwoordig. Op 'n simboliese vlak is Bobby se besluit om selfmoord te pleeg sy manier om die gedoemde lot van 'n hulpelose, magtelose, VIGS-lyer sonder medikasie, 'n ander heenkome of meer hoop, te ontwyk. Die karakter oorbrug aan die einde van die dag sy vrese deur sy lewe self te neem en (ironies genoeg) tegelykertyd die moontlikheid dat sy vrees hom sal dood voor die VIGS-virus sou.

Lesers moet egter besef dat die karakter se "oorwinning" oor sy vrees vir die virus, die ongenaakbare samelewing en die virus slegs oppervlakkig was. Dit was juis die feit dat die toestand waarin hy homself gevind het, dit wil sê die "State of Immunodeficiency" [Mordden (red.) 1994: 85] aan die einde van die dag tot die omstandighede van sy dood gelei het. Aangesien die virus in ons tyd die dood simboliseer, is die ironie natuurlik dat Bobby wel aan die vrees van 'n aaklige virus-dood beswyk het. Sy selfmoord word veroorsaak deur sy vrees, alhoewel hy dit as 'n oorwinning aanvoel omdat hy sy lot kon kies en nie voor die samelewing, óf die virus geknak het nie. Sy ontvlugting van sy siektetoestand en sy sosiale magteloosheid het slegs die gang van sy lot gewysig, aangesien hy liewers sy eie lot wou bewerkstellig. Bobby se egosentriese besluit mag die gevoellose sosiale sisteem en die noodlottige virus gefnuik het, maar kon nie die fisiese en psigiese universaliteit van die doodsangel ontsnap nie.

## 4.4.1 DIE PSIGIESE EFFEK VAN VIGS IN DIE VERHAAL "LILACS"

Die gay-individu word verder bewus van die sosiale ongenaakbaarheid wat meegemaak word. Die gemeenskap is nie bereid om hul eie oppervlakkige waardes (geld en protokol) te stel bo dié van mense, veral 'n gemeenskap wat sosiaal verwerp word in terme van sosiale waarde nie. Die sosiale vertroue en self-respek van die gay, VIGS-lyer word verder ondermyn ter beskerming van gemeenskaplike norme, van sosiale vrees vir wat as onnatuurlik en onsosiaal beskou word.

Weens die noodlottige gevolge van VIGS, word die manier waarop die gay-man bewus word van sy nietigheid in die verhaal vertoon. Bobby se strewe na emosionele, psigiese en fisieke geluk kom ter sprake wanneer 'n mens aanskou hoe sy kanse tot 'n langer lewe verminder. Die psigiese implikasies mag die onbeantwoorde emosionele en fisieke strewe insluit, wat as gevolg van die moontlikheid van die oordrag van VIGS, kortgeknip word. In die verhaal veroorsaak die verhoogde sosiale veroordeling van VIGS-lyers verdere dissosiasie van die gay-persoon, wat in Bobby fatalisiese woede veroorsaak teenoor die samelewing weens hul veroordeling en inperking van die individu se kans op psigiese, emosionele en sosiale geluk. 'n Verdere voorbeeld van hierdie fatalistiese woede is die feit dat Primo begin cruise het om ander aan te steek met die VIGS-virus.

Weens die rare velkanker, Kaposi se sarkoom, het Bobby groot pers vlekke op sy gesig gehad. Voordat hy met VIGS gediagnoseer is, was hy een van die aantreklikste mans, waarna ander gesmag het. Met die bevinding dat hy Kaposi se sarkoom gehad het, moes dit vir die karakter 'n groot psigiese slag gewees het. Dit was vir Bobby dus 'n pynlike ervaring, aangesien die

purper merke hom eerstens as VIGS-lyer sou onderskei van beide die straight wêreld en gaymans, en tweedens omdat die sarkoom sou verhoed dat hy fisies aantreklik aan ander gaymans sou wees. Die besef dat hy sou sterf sou 'n alledaagse werklikheid word, wat beklemtoon sou word deur talle besoeke aan klinieke en hospitale, ewigdurende tye van ongesteldheid, daaglikse medikasie en selfs sy kateter wat hom daagliks aan sy noodlot sou herinner. Hierdie besef veroorsaak in Bobby die teenstelling tot Primo en Michael se fatalisme, naamlik die verlange om te bly lewe en die VIGS-virus sowel as die vrees vir die dood te probeer oorwin. In Bobby se psige skyn die verlange om te aanhou lewe deur sy neurotiese behoefte om elke teen-VIGS medikasie te gebruik. Op hierdie vlak word die lyding wat deur VIGS veroorsaak word, geneem tot 'n meer universele vlak, waar elke mens se reaksie tot die infeksie sou lei tot uiterste pogings om aan die lewe te bly.

Weens die feit dat beide Primo en Michael hom verlaat het, word Bobby se sosiale verlatenheid beklemtoon deur die emosionele verlatenheid wat veroorsaak word deur die verlies van sy vriende. Die kille gemeenskaplike houdings van die familie, en die samelewing, bevestig dat die gay, VIGS-lyer liefdeloos mag voel, omdat daar geen konkrete of emosionele ondersteuning is van andere rondom hom nie. Dit veroorsaak 'n terugkerende teleurstelling en woede tot die publiek in die algeheel, wat Bobby rig aan die vrou vir wie hy die seringblomme (lilacs) gee, sowel as Clovis wat gebombardeer word met die reddeloosheid van hul situasie, as VIGS-lyers.

### 4.4.2 DIE ROL VAN DIE GEMEENSKAP IN "LILACS"

Bobby word agterdogtig beskou deur die mense by sy motel weens sy uiterlike voorkoms, aangesien sy gesig met 'n pers kol bevlek is. Lesers kan duidelik oplet hoe selfsugtig en onsensitief die gemeenskap is teenoor mense wat afwyk van die norm in die algemeen. VIGS-lyers word in 'n sekere sin nie as volledige mense beskou nie, omdat daar net op hul dood gewag word ["These people were waiting for him to die. Even Chatupadia (sy dokter-JAC) seemed to regard his longevity...as an aberration." (Mordden 1994: 80)]. Die feit dat 'n persoon soos Bobby wat al nege jaar leef ten spyte van die VIGS-virus, word as abnormaal beskou deur die mediese gemeenskap ["Even Chatupadia seemed to regard his longevity, his hanging on despite plummeting weight and daily fevers, as an abberation. He was a bird without wings suspended in midair, defying the ground below" (Mordden 1994: 81)]. Bobby se maandelikse ongeskiktheidsfooi en mediese pension was nie genoeg om hom te ondersteun nie. Die feit wat Bobby se verlange om te aanhou lewe verdoem het, was die een hospitaal se weiering om hom die post-AZT medikasie te gee, vermoedelik weens 'n lang waglys en protokol. Ten spyte van die feit dat hierdie medikasie sy laaste kans vir oorlewing kon wees, is hy toegang geweier weens protokol. Lesers kry duidelike insig tot die VIGS-lyer se behandeling in 'n samelewing wat meer omgee vir protokol, as 'n genadige verlenging van 'n menslike lewe. Die feit dat Bobby al sy geld op sy medikasie spandeer het, het gelei tot die uiteindelike staking van sy telefoniese en elektroniese dienste tuis, aangesien hy nie geld gehad het om te betaal nie. Die samelewing se onsimpatieke en ongevoelige optrede het Bobby se psigiese verbrokkeling dus voltooi deur hul sosiale verwerping en ongenaakbaarheid.

Die feit dat VIGS-lyers lewe in 'n "State of Immunodeficiency", oortuig lesers van die lot wat lyers tegemoet gaan. Hul psigiese en fisieke energie word gerig op oorlewing, van die tyd dat hulle besef, of in kennis gestel word, dat hulle VIGS het. Deurentyd word die gay-man se uitgelewerdheid aan die noodlot erger, weens die onbeholpenheid wat gefaalde VIGS-medikasie meebring, en die sosiale uitgelewerdheid van die lyer aan die sosiale en fisieke dood. Weens hierdie faktore is Bobby se psigiese verbrokkeling geïnisieer, aangesien die staking van hospitaaldienste gelei het tot die moontlikheid om die bank te beroof, om medikasie-fondse te bekom. Bobby se verbreking van sosiale norme het juis ontstaan weens die karakter se psigiese, emosionele en sosiale gevoelens van verlatenheid wat bevestig is deur die karakter se finale vorm van rebellie teen die gemeenskap en die lot van die VIGS-virus; sy selfmoord.

## 4.5 DIE KONSEP VAN "FAMILIE" EN DIE EFFEK VAN VIGS OP DIE GAY-PSIGE IN DIE VERHAAL "HALFWAY HOME"

"Halfway Home" behandel die psigiese pyn en wroeging van 'n sterwende gay-man, wat aan die einde van sy lewe weer gekonfronteer word deur 'n gesinslid, die een persoon wat hom baie emosionele pyn veroorsaak het, sy eie broer.

Die konsep van familieverhoudings is reeds in talle verhale genoem, maar in "Halfway Home" sien lesers wat gebeur wanneer 'n gay-man, wat besig is om aan VIGS-verwante siektes te sterf, weer sy broer ontmoet. Die hoofkarakter, Tom Shaheen, is besig om te sterf, en bly in 'n afgesonderde strandhuis aan die Amerikaanse Weskus, wat besit word deur sy vriend, Gray Baldwin. Slegs Gray en Tom se vriendin, Mona, weet waar hy homself bevind, aangesien hy sy

woonstel in Los Angeles verlaat het. Tom se broer, Brian, daag eendag op, maar weens sy vertroebelde verhouding met sy gesin, is Tom baie onbeleefd met hom. Die leser kry deur middel van die hoofkarakter, as eertstepersoonsverteller, die geleentheid om 'n terugblik op die familie se geskiedenis te kry, oor hoekom Tom op hierdie manier teenoor sy broer optree. Die verteller gee lesers die geleentheid om Tom se hele familie se beskouing teenoor die gay-oriëntasie te bekom, wat opsigself lig werp op die skeiding tussen Tom en sy familie.

As kind het Brian altyd teenoor Tom opgetree as 'n soort bullebak wat hom afgeknou het [Men on Men 3, Stambolian (red.), 1990: 11]. Brian was slegs drie jaar ouer as Tom, maar aangesien Tom meer gelyk het soos sy Italiaanse ma, en nie soos hul Ierse vader nie, was daar van kleinsaf 'n sosiale en emosionele skeiding tussen die twee broers. Die sosiale skeiding is veroorsaak weens die feit dat die Shaheen-gesin se woning in 'n Ierse buurt was. Aangesien Brian meer Iers gelyk het as sy broer ["He'd loom above me with that flame-red Irish hair...I got all the Italian blood instead from mom's side (Stambolian (red.), 1990: 11)] en meer na hul pa geaard het ["That's why I was so diabolical to him, because I didn't look anything like Brian or Dad (ibid)"], het Tom gesukkel om in die buurt aan te pas, maar veral met sy broer verskil het. Die emosionele rede waarom hulle nooit oor die weg gekom het nie, was Tom gevoel het dat hy nooit waardig was om gesellig met sy broer te verkeer nie, en dat sy broer hom nooit die geleentheid gegee het nie. Die manier waarop Tom die lesers van hierdie feit verwittig, skep die indruk dat hy die situasie self veroorsaak het, maar dit word nie met duidelikheid beklemtoon nie. Lesers kan aanneem dat hierdie houding ingeboesem was deur Brian, hul pa, of deur die res van hul omliggende samelewing. Die psigiese impak van hierdie houding kon lewenslank 'n invloed gehad het op Tom, sy self-respek en sy selfbeeld. Die Ierse buurt se veroordeling van Italianers, en van Tom weens sy voorkoms, was onregverdig en kon bygedra het tot Tom se psigiese beskouing en waardering, van die gesin en die gemeenskap.

As tiener was Brian 'n gewilde en aktiewe sportheld in hul buurt ["By then of course Brian had become a delirious high-school hero...ibid]. Die familie se beskouing van Tom as 'n piepkindjie het sy gevoel van hulpeloosheid beklemtoon, en hy't selfs gevoel dat dit hy was wat sy broer teleurgestel het. Teen die tyd dat hulle vader afgesterf het, nege jaar van tevore, het die twee broers nie meer met mekaar gekommunikeer nie. Tom suggereer selfs dat sy broer voor hom besef het dat hy gay was, en dit het veroorsaak dat hul verhouding agteruit gegaan het ["As soon as Brian ...anymore" (ibid)]. Brian se houding teenoor Tom, tydens hul kinderjare, is bekragtig deur hul pa, wat Tom tydens tye van dronkenskap (blykbaar) vir geen spesifieke rede geslaan het nie. 'n Mens kan suggereer dat hul vader se houding kon gespruit het uit verskeie oorsake, byvoorbeeld die feit dat Tom 'n huilebak was, dat hy nie so goed was soos sy broer in sport nie, óf dat hy weens sy Italiaanse voorkoms 'n simbool van sy pa se eie sosiale vooroordeel [en onguns] was, wat 'n gevolg was van die feit dat hy met 'n Italiaanse vrou getroud was. Beide Tom se pa en sy broer het dus hulself afgesonder, as seun en broer, en hierdie afstand is vergroot toe Brian besef het dat Tom gay was. Tom het hierdie bekentenis eers jare later aan sy vader gemaak, en met hul pa se dood was Brian briesend teenoor Tom en het hom daarvan beskuldig dat sy erkenning tot hul pa se dood gelei het. Weens sy ontstoke emosies wou Brian selfs klaarblyklik vir Tom aanrand by die begrafnis, maar is deur sy vriend, Jerry Curran, en die priester weerhou. Kort daarna het Tom verhuis en sy rug op sy gesin gedraai, met Brian wat moes sorg vir hul bejaarde moeder wat 'n senuwee-ineenstorting beleef het.

Na nege jaar het Brian skielik opgedaag by die strandhuis, omdat Tom se vriendin, Mona, hom (Brian) van Tom se tydelike verblyfblyk en toestand verwittig het. Dit is juis Tom se verskyning wat die spreker weer aan sy familie en die verlede laat dink. In die nege jaar sedert

sy verhuising na Los Angeles, het Tom talle vriende gehad, maar sedert sy toestand verswak het, het Mona en Gray soos familie vir Tom geword ["Mona's like my sister she doesn't have to call first (Stambolian (red.), 1990: 15]. Dit is egter Mona wat in Tom se oë optree as 'n verraaier, deur vir Brian na die strandhuis te nooi, aangesien sy geweet het dat hy die geeste van sy verlede moet hokslaan om in vrede te sterf. Voor Brian se aankoms het Mona doelbewus 'n bespreking aangaande sy familie aangemoedig, wat Tom gefrustreer het, tot 'n punt waar hy selfs sy broer gevloek het, maar later het hy tog die vloek teruggetrek, wat aandui dat sy aggressie nie sonder verlange na Brian bestaan het nie.

Met Brian se aankoms is Tom verplig om sy verlede in die oë te kyk en om aandag te gee aan sy gevoelens teenoor Brian en sy ouers. Die eerste gedagte wat Tom gehad het, was dat die kwade gevoelens wat hy teenoor sy familie gehad het, óf slegs gedien het as 'n skerm vir sy ware gevoelens, óf nie tot sy ma strek nie. Die bewyse kan gevind word in die feit dat hy Brian vra of die rede vir sy besoek die dood van hul moeder was. Die spanning van hul ontmoeting is duidelik te sien, wanneer Gray en Mona vir die die broers in die sitkamer tegemoet kom. Alhoewel hulle van plan was om te eet, nooi Tom nie sy broer om by hulle aan te sluit nie, en dit word aan Gray oorgelaat om die uitnodiging aan Brian te rig. Weens Tom se onbeleefde en kille houding, is Brian eers nie bereid om hom te laat te beweeg nie, en hy sê beleefd dat dat hy alreeds aandete gehad het. Tom erken dat omdat hy nie die vermoë gehad het om sy broer te verjaag nie, hy vir Brian aandui om 'n sitplek in te neem. Tom vra vir Brian uit oor sy lewe, en leer van Brian se vrou en kind, en oor omstandighede by sy maatskappy, Curran en Kie. Ten spyte van hierdie geselsie was Tom steeds baie aggressief en onwillig om Brian met meer hoflikheid, wat nog te sê deernis, te behandel. Gray en Mona verlaat die twee broers na aandete, sodat hulle meer tyd met mekaar kon deurbring.

Brian is duidelik bereid om hul verhouding te hervat, en erken dat hul paaie nooit in die eerste instansie moes geskei het nie. Tom se reaksie was skerp en het sy woede ten opsigte van sy familie en gemeenskap beklemtoon, aangaande sy seksuele oriëntasie en die gemeenskap se beskouing van die gay-oriëntasie ["I believe where we left it was that I caused Dad's stroke because I was queer. Jerry Curran and Father whatsis were holding you back, remember? So you wouldn't kill the little fag. Am I forgetting the nice part? "...So I was wrong," says Brian, weirdly meekly and powerless...."I treated you terrible. I hated my own brother, just because he was gay. I don't want it to be that way anymore." (Stambolian (red.), 1990: 27)]. Hul argument was baie emosioneel, maar was 'n weerspieëling van Tom se gevoelens oor die manier waarop hy behandel was deur sy geliefdes. Hy het probeer om Brian te pynig deur hom te herinner aan hul laaste ontmoeting met hul pa se begrafnis, toe Brian hom wou aanrand.

Tom se opmerkings het Brian getref, maar het die teenoorgestelde reaksie uitgelok as wat hy verwag het, toe Brian beken dat hy sy broer onreg aangedoen het. Tom het erken dat hierdie stelling hom geraak het, en dat hy sy optrede teenoor sy broer begin her-oorweeg. Die spreker toon egter dat daar min dinge was, behalwe hul moeder, waaroor die twee broers kon praat. Die feit dat Tom HIV-positief was en VIGS-verwante siektes gehad het, het gedien as ammunisie wat hy omgekeer het en teen Brian gebruik het, aan die hand van die verlede. Tom het sy broer aangeval in terme van die gemeenskap se huigelary aangaande godsdiens, waar die Kerk as aanklaers van gays opgetree het, en waar kerklede en personeel self aksies uitgevoer het wat veroordeel kon word ["Dad went to Mass every Sunday too," I declare with a wither of irony. "And you know what? He was still a scumbag drunk who hit me for nothing at all. He used to hit me for reading. And when I finally told him I was gay, he told me I made him want to puke." (Stambolian (red.), 1990: 30)]. Weens die feit dat Tom nie bereid was om

enige begenadiging aan sy gesin en familie te gee nie, het beide broers besluit dat dit beter sou wees as hulle liewers van mekaar sou afskeid neem. Toe Brian egter probeer om met sy motor te vertrek, het hy gevind dat sy kar onklaar geraak het. As gevolg van hierdie situasie, was Tom verplig om Brian vir die nag huisvesting aan te bied. Tom kon egter nie slaap nie, en is herinner aan hoe kontrasterend hul lewens was, wat sy woede verder gewek het.

In die stilte van die nag het Tom vir Brian hoor beweeg in die badkamer, wat hom aan die bloedskandige gedagtes herinner het, wat hy as 'n tiener teenoor Brian gehad het. Hy onthou dat dit sy verlange was om Brian te wees (omdat Brian so gewild was) en het besef dat hy steeds daarna verlang het ["I still want to be like him. He's what a man is..." (Stambolian (red.), 1990: 34). Hierdie gedagtes het Tom mismoedig gemaak, en hy het besluit om 'n slaappil te neem sodat hy kon slaap. Ten spyte van sy gevoelens van woede het Tom besluit om na sy broer se kamer te gaan. Tom het die slaapkamer betree en het op 'n wipstoel gaan sit, langs die bed, vanwaar hy sy broer dopgehou het. Toe hy sy broer se liggaamsbou opweeg, in terme van sy ouderdom, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat Brian in 'n goeie fisieke toestand was. Tom se woede het hom egter oorweldig, met die bevestiging dat Brian nog jare sou leef, terwyl hy self sou sterf weens die VIGS-verwante siektes ["He'll be fifty, sixty, seventy and still be winning trophies. And I'll be dead, dead, dead." (Stambolian (red.),1990: 36)]. Brian se vitaliteit dien vir die spreker as 'n skreiende herinnering daaraan dat hy self besig was om te sterf, en dit het as regverdiging gedien vir sy eie haat teenoor die samelewing, alhoewel dit nie, volgens hom, hul skuld was dat hy siek was nie. Hierdie gedagtes het Tom se onderdrukte haat na vore gebring en hy het gewens dat hy sy broer kon dood. Dié haat het egter die liefde gewek wat hy teenoor Brian gevoel het, en dit het gelei tot 'n beskermingsdrang wat by die spreker onstaan het, teenoor sy broer. Hy het egter steeds gevoel

dat hy nie Brian daar wou hê nie, aangesien hy alleen wou sterf [ "Oh, I still want him out of there...I wish to be left to die in peace." (ibid)].

Die onderdrukte emosies wat Tom oor die jare teen sy broer gekoester het, kom egter na vore. Aan die een kant wou Tom nie meer sy broer daar hê nie, maar hy het homself voorgestel dat hy besig was om Brian te beskerm van enige moontlike leed. Net voor hy gaan slaap het, het 'n tranende Tom sy broer 'n kus gegee, en hy het na sy slaapkamer teruggekeer met die gedagte dat hy ontslae van hom wou wees. Die emosionele ommeswaai wat Tom beleef het, gee lesers 'n aanduiding dat hy nooit werklik psigies of emosioneel van sy familie afstand gedoen het nie. Lesers sien vroeër in die verhaal dat sy eerste gedagtes, met sy broer se aankoms, besorgheid oor hul moeder is, terwyl hy aan die einde van die verhaal deernis vir sy broer uitspreek. Die psigiese las wat Tom lewenslank rondgedra het, was dus uiteindelik aangespreek deur sy broer se besoek. Ten spyte van die skynbare oplossing van die psigiese laste wat sy familie en gemeenskap in Tom se lewe geskep het, lyk dit asof dit aan die einde van die dag geen psigiese vrede gebring het nie. In 'n sekere sin was Tom se pynlike verlede slegs vervang deur die nagmerrie van sy toekoms wat gebind was aan die moontlikheid dat hy sou sterf aan VIGS-verwante siektes. Hierdie lot kon slegs die pyn van die verlede vervang, of bydra tot groter psigiese onsekerheid en pyn, maar Tom sou altyd 'n groot psigiese las hê tot en met sy dood, weens sy siektetoestand.

## 4.5.1 DIE EFFEK VAN VIGS OP DIE GAY PSIGE IN "HALFWAY HOME"

Tom het in Gray se strandhuis gebly om sy einde in vrede tegemoet te gaan. Hy het besef dat hy binnekort sou sterf aan VIGS-verwante komplikasies en wou homself dus afsonder van die res van die samelewing.

Toe Tom op die oggend van Brian se besoek vir sy daaglikse wandeling gegaan het, het hy 'n borspyn gehad wat hom herinner het aan sy toestand en sy beperkte fisieke vermoëns. Ten spyte van sy verswakte bene en sy vegtende longe, het Tom besef dat sy koronêre pyn aan VIGS verwant kon wees ["It was folly to think my little event wasn't AIDS-related" Stambolian (red.), 1990: 14)]. Sy bewusheid van die kwale het egter nie Tom se veggees geknak nie, alhoewel hy talle koorse en ander kwale sou kry voordat hy sou sterf ["I operate on the casual assumption that I've still got a couple of years, give or take a galloping lymphoma. Day to day I'm not a Dying man, honestly." (ibid)]. Hy het alreeds vir drie jaar aan VIGS-verwante siektes gely, maar was nie bereid om 'n sekonde van sy lewe te verkwis nie. Lesers kan opmerk dat weens die naderende dood, die karakter se verlange was om so veel moontlik uit die lewe te put.[27] Die strandhuis was vir hom 'n tuiste waar hy kon verpoos, voordat hy die dood kon aandurf. Weens die belang wat hy aan die laaste weke en maande by die strandhuis geheg het, was die strandhuis 'n heenkome wat hy ook nie met sy dood wou verloor nie. Psigies was die karakter besig om voor te berei vir die dood, en soos talle ander

---

[27] Dieselfde drastiese, abnormale, sosiale gedrag is in Abraham Verghese se verhaal "Lilacs" [Waves (1995)] te sien.

het Tom die dood met 'n stille vasberadenheid ingewag. Gray en Mona het Tom ondersteun soos 'n gesin, en soos 'n broer en suster het hulle hom aangemoedig. Mona het 'n houding gehad wat Tom uitgedaag het om sy limiete vas te stel en dinge te doen (soos verhoog-optredes), wat bevestig het dat hy nóg dodelik siek, nóg sterwend was. Gray was aan die ander kant meer realisties, en was bereid om te praat oor Tom se fisieke toestand, wat vele mense nie bereid was om te doen nie.

Toe Brian opdaag het dit 'n psigiese, emosionele en selfs psigo-somatiese reaksie in Tom veroorsaak [" I feel more sick and frail in his presence" (Stambolian (red.), 1990: 27)]. Alhoewel Brian om verskoning gevra het, en na Tom probeer uitreik het, was die impak van VIGS duidelik te sien op alle vlakke van Tom se bestaan, en 'n faktor wat verhoed het dat sy houding sou verander. Die feit dat VIGS gelei het tot die dood van die meeste van Tom se vriende, word deur Tom voorgehou as 'n skild en skeidingsmuur, wat Brian se vervreemding van sy broer en die wêreld beklemtoon [" 'You can't understand,' I say, almost a whisper. All my friends have died' " (ibid)]. Brian erken dat sy wêreld onaangetas was deur die VIGS-epidemie, en daardeur was Tom se gevoelens verder gestook. Hy het die dood van sy vriende beklae, en in woede reageer op Brian se aanbod van hulp [" 'Sure,' I say. Find a cure. And then we'll sprinkle it all over Bob Manihan's grave, and Ronnie's and Bruce's and Tim's and we'll all be as good as new.' "(ibid)]. Tom se uitbarsting het 'n stilte veroorsaak wat die jare van skeiding tussen die twee broers opgesom het, en vir Tom weer oor sy lewe en vriende laat dink het. Hy't onthou hoe vitaal en viriel hy was voordat hy HIV-positief getoets het, en dat Brian hom nooit werklik in die fleur van sy lewe geken het nie. VIGS het duidelik vir Tom van baie dierbares beroof, en die tweede sosiale "gesin" en "familie" wat hy gehad het, was deur die dood van hom geneem, terwyl sy gesin hul rug op hom gedraai het. Die psigiese pyn wat

Tom moes ervaar toe sy sosiale familie een-vir-een weens VIGS verwante siektes van hom weggeskeur was, het bevestig dat sy dood, soos hulle s'n 'n stille, eensame sou wees.

Dieselfde tipes VIGS-verwante siektes was besig om vir Tom stadig weg te skeur van die lewe, deur sy liggaam en liggaamsfunksies te beïnvloed. Die pers kolle op sy wange[28] het as daaglikse herinnering gedien van sy lot as VIGS-lyer, terwyl sy ineenstortende fisieke toestand hom herinner het aan sy naderende dood, wat hom van sy lyding sou verlos. Psigies moes Tom van homself prys gee toe hy 'n ondersteunende rol moes speel voor die dood van sy vriende. Hierdie opoffering blyk universeel te wees, soortgelyk aan die verlies wat mense voel met die dood van naasbestaandes. As gay-persoon moes Tom sy familie se hoon dra, wat uiteindelik tot sy verhuising en skeiding van hulle gelei het.[29] Dié skeiding van die gesin, het vir beide karakters sosiaal, emosioneel en psigies sonder enige heenkome gelaat. As jong man was Tom verplig om die gemeenskap se norme te aanvaar,.maar op 'n wyer sosiale (tog persoonliker) vlak sy seksuele oriëntasie, as gay-man, deur die gemeenskap met veragting beskou. Die sosiale veragting het slegs verdubbel toe Tom bevind het dat hy HIV-positief was, en tog het Brian se besoek 'n duidelike vermindering van emosionele veroordeling aangedui, en 'n bereidwilligheid om hom emosioneel en psigies te ondersteun en te aanvaar, omdat Brian bereid was om die breër samelewing se veroordelende norme van die hand te sien. Tom se eie gevoelens het egter die skeidsmuur tussen die twee broers geword, weens sy eie psigiese pyn en emosionele frustrasie teenoor sy familie en die samelewing. Dit was egter die sosiale haat

---

[28]As gevolg van Kaposi se sarkoom, 'n VIGS-verwante siekte, kom hierdie kolle voor onder VIGS-lyers soos in Abraham Verghese se verhaal "Lilacs" te sien was.

[29] Lesers kan hier 'n parallel trek met die karakter, Chris, in 'Home' deur Peter Dickinson [Queeries (1993)], wat as tienderjarige verplig word om die huis te verlaat, en moes hustle om te oorleef.

en veroordeling wat Tom se haatdraendheid veroorsaak het, terwyl dit sy sosiale onskuld en vertroue verwring het. Hierdie omstandighede het dit vir hom moeilik gemaak om homself te vereenselwig met sy familie en met die gemeenskap wat nóg hom, nóg die gay-gemeenskap, VIGS-lyers, óf sy ontslape vriende ooit aanvaar het of liefgehad het.

Aan die einde van die verhaal het Tom tot die besef gekom dat hy wel na sy broer verlang het, en dat hulle hul wel kon versoen indien hy self bereid was om sy woede te laat vaar. Op daardie punt het die verhaal 'n emosionele hoogtepunt bereik wat aangedui het dat Tom 'halfpad huis toe' was in die soiale sin, sodat hy weer eens emosioneel en sosiaal samesyn sou kon hê met Brian en die res van sy biologiese familie. Daardie psigiese vrede wat die oplossing van die sosiale problematiek tot gevolg gehad het, sou egter van korte duur wees weens die dood, wat sy VIGS-verwante siektes nader gebring het.

# AANTEKENINGE

Hierdie hoofstuk het gefokus op 'n verskeidenheid verhoudings wat uitgebring was deur te fokus op die effek van VIGS in die gay-subkultuur, en hoe die gay-psige daardeur beïnvloed word.

Aanvanklik moes lesers oplet hoe sosiale verhoudings verander het weens individue wat HIV-positief getoets het, en hoe hulle met dié rondom hulle oor die weg gekom het (o.a. Dennis Mcfarland se verhaal "Nothing to ask for" en "Halfway Home" deur Paul Monette). Daar was aangedui hoe VIGS die sosiale verhoudings tussen minnaars verander het, en hoe die epidemie gay-individue se uitsig op die lewe verander het ("An Oracle" in Skinned Alive deur Edmund White). Die verwantskap tussen hierdie veranderinge in lewensuitkyk, en hoe dit tot die gay-psige herlei kan word, is opgemerk in al die verhale. Deur die verskeie verhale uiteen te sit, kon 'n mens opmerk dat die veranderende sosiale verhoudings wat gay-individue moet deurmaak beklemtoon word deur die ervaringe in die gemeenskap, vanweë die Epidemie. Die verhouding tussen die gay-individu en die biologiese familie word ook in die kalklig geplaas, aangesien hierdie sosiale aangeleentheid in 'n sin onopgelos voorkom in die gay-psigiese ervaring. Peter Dickinson se verhaal "Home" in Queeries (1993) beklemtoon die psigiese gebrokenheid wat ervaar word wanneer daar nie 'n sosiale netwerk van familie en vriende is wat die gay-individu ondersteun nie. Hierdie gebrokenheid is ongetwyfeld nie 'n norm nie, en kan as algemene menslike problematiek beskou word. In die lig van verhale soos "Home" en Mcfarland se "Nothing to ask for" moet lesers egter besef hoeveel invloed die tekort aan sosiale verhoudings met familie, buite die gay-subkultuur, het op die gay-psige.

Hierdie idee is beklemtoon deur Koos Prinsloo se verhale "Die storie van my neef" en "Die storie van my pa" uit die bundel Weifeling. Die verhale het veral gefokus op die sosiale verhouding tussen pa en seun, maar het uitgewys hoe daardie verhouding verwring was vanweë die gemeenskaplike reaksie tot die seun se seksuele oriëntasie. Lesers kon verder ook oplet hoe die gay-seun se houding teenoor sy pa verander het, weens sy pa se houding teenoor hom. Die seun was oor die algeheel taamlik akkommoderend teenoor sy pa se woede oor sy oriëntasie, maar het duidelik self bittere emosies verberg wat bes moontlik ontstaan het weens sy pa se woede en teleurgesteldheid. Die gay-man se gevoelens was uitgedruk in die lig van sy (gay) neef se lyding aan VIGS. Dit was egter ironies dat die seun self HIV-positief was en dat sy emosies en reaksies beïnvloed was deur die wete dat hy sou sterf aan VIGS-verwante siektes. Om hierdie rede kan sy reaksie tot sy pa beskou word as 'n gevoel wat psigies opgebou het, vanweë die feit dat hy dit nie aan sy ouers te kenne gee nie. Prinsloo se verhale fokus op een van die mees komplekse sosiale verhoudings, terwyl dit insig gee op die psigiese impak van VIGS op die gay-psige. Op daardie manier het dit aanklank gevind met "Nothing to ask for" waar Mack, 'n gay-man met VIGS, gevind het dat sy eie ma en suster hom doelbewus afgesny het van die res van sy familie, weens sy seksuele oriëntasie. Die geweldige psigiese impak van sulke sosiale verlatenheid het aan lesers meer insig gegee in die gebrek aan emosionele, psigiese en sosiale ondersteuning wat die gay-man in die samelewing moet ervaar.

Aan die ander kant is in "Home" uitgebeeld hoe 'n jong, gay-man 'n nuwe tuiste en sosiale familie gevind het, nadat hy sy gesin moes verlaat. Die feit dat die jong karakter, Chris, as adolessent moes voortgaan sonder sy familie, het lesers laat besef net hoeveel druk die gay-individu juis moet meemaak om voort te leef in die gemeenskap. Die verlies van die sterk (emosionele en sosiale) fondasie wat 'n mens se biologiese gesin en familie skep, het duidelik

negatiewe gevolge gehad vir die jong karakter. Die feit dat Mike en Chris die verhouding begin het, het aan Chris 'n nuwe geleentheid geskep om sosiaal as 'n individu te bestaan, maar belangriker om ook aan homself meer psigiese sekuriteit te verskaf deur middel van sy nuutgevonde sosiale familie. Dit is juis die kwessie van psigiese sekuriteit wat, myns insiens, op die voorgrond tree as 'n mens hierdie hoofstuk beskou, aangesien elke verhaal die kwesbaarheid van die individuele gay-psige in die samelewing behandel het.

Deur middel van hierdie hoofstuk kry lesers die bevestiging dat die tekort aan sosiale en psigiese stutte, aan die gay-individu groot psigiese skade aandoen. Hierdie skade word beklemtoon deur die samelewing se veroordelende houding teenoor die gay-subkultuur, wat in die skripsie opgebou het. Die laaste hoofstuk bevestig juis die gay-individu se keuse om deur middel van die gay-subkultuur uiting te gee aan die spesifieke emosionele en psigiese verlange, weens die samelewing wat slegs daarna streef om die gay-subkultuur te veroordeel.

# SLOT

Hierdie skripsie is daarop om die belangrikste aspekte van die gay-psige, deur middel van literatuur (ook Afrikaanse werke) na te gaan.

Verskeie sosiale en emosionele groeipunte van die gay-ervaring het gedien as fokuspunte, sodat daar soveel moontlik van die belangrikste aspekte van die gay-psige uitgelig kon word. Deur middel van hierdie sosiale en emosionele ervarings wat die letterkunde uitbeeld, kon 'n mens verskeie afleidings maak aangaande die aard van die gay-psige. Weens die negatiewe rol wat die samelewing as geheel speel vanuit die oogpunt van die gay-subkultuur vanweë sosiale vooroordeel én veroordeling, kon lesers vasstel hoe die subkultuur gereageer het om 'n eie wêreld te skep vir die uitleef van gay-verlangens. Deur hierdie geheime wêreld in die literatuur na te gaan, is die geleentheid geskep om die belangrikste aspekte van die gay-psige te ondersoek en deur die skripsie het die volgende aan die lig gekom:

- hoe individue die ontwaking van die gay-psige ervaar
- op watter maniere die gay-individue gegroei het tot 'n stadium van individuasie, dit wil sê self-aanvaarding
- sosiaal gegroei en ontvou het om uiting te gee aan die psigiese kreet van verlange wat cruising inhou
- hoe die gay-psige geblom het om die dreigende noodlot wat VIGS gebring het, te verwerk.

Die ontwikkeling van die gay-psige is nagegaan na aanleiding van letterkundige tekste, en daardeur kon sekere emosionele en sosiale ervarings dien as basis vir die teoretiese raam van

die skripsie. Heelwat informasie kon in meer detail bespreek word, maar sou nie noodwendig binne die fokale parameters van die skripsie val nie. Sekere afdelings van die gay-ervaring is dus buite rekening gelaat by die ondersoek omdat die fokus van die verhale nie sou kon bydra tot wat van belang was in die gay-psige nie. Deurentyd moes daar ook gelet word op die impak van die samelewing op die gay-ervaring, veral omdat die lede van gay-subkultuur apart ontwikkel het van die samelewing [met o.a. aparte gay-buurte-of-gewoontes], maar tog daaglikse interaksie gehad het met die samelewing, en die wette wat die bestaan van die gay-individu nie net moreel veroordeel nie, maar op 'n inverse manier selfs bydrae om dit sosiaal te vestig.

Hierdie tipe sosiale druk [alhoewel dit negatiewe druk is] mag die gay-psige beïnvloed op die sosiale en emosionele vlak in terme van familiebande wat verwring word en skuldgevoelens wat ontstaan vanweë hierdie morele veroordeling. Die gevolge van die samelewing se druk word op die emosionele, sosiale en psigiese vlakke ervaar soos uitgewys in verskeie werke. Vanuit hierdie invloed is gewys hoe die gay-psige gereageer het op daardie faktore aangesien hul emosionele en sosiale lewens daardeur beïnvloed is. Verskeie aspekte van die gay-psige is dus uitgebeeld in die lig van die gemeenskaplike invloed op die psige, en hoe die gay-individu hierdie ervaringe moes verwerk.

'n Mens moet ingedagte hou dat die gay-werke wat bespreek is, aan lesers die geleentheid gegee het om te besef dat die belangrikste aspekte van die gay-psige tog die universele menslike situasie uitbeeld, en daardeur alle menslike ervarings simboliseer.

# ABSTRACT

This thesis has aimed at investigating the most important aspects of the gay-psyche. Predominantly American and British literary works were used to facilitate the study of the gay-psyche, through Afrikaans-literature.

Deductions have been based on a variety of social and emotional experiences found in gay-literature. It has been found that society has a negative influence on the developing gay-psyche. Social prejudice and condemnation have been identified as those factors which restrict the development of the gay-individual and the gay-subculture. By looking at the hidden world of the gay-man, as shown in literature, the following points have been investigated:

- how gay-individuals experience the awakening of the gay-psyche
- aspects of the various stages of development of the gay-psyche toward self-acceptance and coming-out
- the gay-psyche's social growth expressed through cruising in literature
- the effect of AIDS on the gay-psyche, gay-subculture and the gay-individual's view on life

Certain aspects of the gay-experience have been omitted as they do not fall within the parameters of this study. The various social pressures that affect the gay-experience were mentioned and are found to be influential factors in the experience of the gay-psyche. Daily interaction with the condemning society has clearly left particular social and emotional scars on the gay-psyche. The manner in which the gay-psyche has reacted to these concerns, has been recorded in this study.

To a degree, one has to keep in mind that the gay-works that were investigated have given readers the opportunity to realize that the most important aspects of the gay-psyche reflected the universal condition of the human experience.

# Bibliografie

## Aangehaalde tekste

Aucamp, Hennie. (1990) *Wisselstroom.* Kaapstad: Human en Rousseau (Edms) Bpk.

Botha, Danie. (1995) " 'n Laken skuif af" en 'Van klei' en 'Kraal toe'. In: *Die Soft Rock Klub*. Kaapstad: Tafelberg.

Cuadros, Gil. (1991) 'Unprotected'. In: Wolverton, Terry en Drake, Robert (red). 1991. *Indivisible*. New York: Plume, Penguin Books USA Books Inc.

Davies, Peter. (1992) 'The Role of Disclosure in Coming out among gay men.' In: Plummer, Ken (red). *Modern Homosexualities*. London and New York: Routledge.

De Lange, Johann. (1991) 'Cruise I' , 'Cruise II' en 'Cruise III'. In: *Nagsweet.* Kaapstad: Creda-pers Edms. (Bpk.).

Denisoff, Dennis (red.).(1993) *Queeries An Anthology of Gay Male Prose.* Vancouver: Arsenal Pulp Press.

Dickinson, Peter. (1993) 'Home'. In: Denisoff, Dennis (red). *Queeries An Anthology of Gay Male Prose.* Vancouver: Arsenal Pulp Press.

Edwards, Tim. (1992) 'The AIDS dialectics: Awareness, Identity, Death and Sexual Politics'. In: Plummer, Ken (red.). 1992. *Modern Homosexualities.* London and New York: Routledge.

Grumley, M. (1991) *Life Drawing.* New York: Grove Weidenfeld.

Ireland, Timothy. (1984) *Who Lies Inside.* London: GMP Publishers Ltd.

Isaacs, G. and McKendrick, B. (1992) *Male Homosexuality in South Africa.* Cape Town: Oxford University Press.

Jobes, Gertrude. (1961) *Dictionary of Myth Folklore and Symbols, Part 2.* London: The Scarecrow Press.

McFarland, Dennis. (1994) 'Nothing to ask for'. In: Leavitt, David en Mitchell, Mark (red.). 1994. *The Penguin Book of Gay Short Stories*. Clays Ltd: St Ives place.

Monette, Paul. 'Halfway Home'. In: Stambolian, G (red) ( 1990) *Men on men 3: best new gay fiction*. New York: Plume, Penguin Books USA Inc.

Mordden, Ethan. (1986) *Buddies*. New York: St. Martin's Press.

Nelson, Emmanuel. (1992) *AIDS: the literary response*. Toronto and New York: Maxwell Macmillan International.

Plummer, Ken (red). (1992) *Modern Homosexualities*. London and New York: Routledge.

Prinsloo, Koos. (1993) 'Die storie van my neef' en 'Die storie van my pa'. In: *Weifeling*. Koedoespoort: Sigma Press.

Rechy, John. (1967) *Numbers*. New York: Grove Weidenfeld.

Rechy, John. (1977) *The Sexual Outlaw*. New York: Grove Weidenfeld.

Shilts, Randy. (1987) *And the Band played on: Politics, people and the AIDS epidemic*. London: Penguin Books.

Simpson, J.A. en Weiner, E.S.C. (1989) *The Oxford Dictionary of English, Second Edition*, Vol. xi. Oxford: Clarendon Press.

Stambolian, G (red). (1988) *Men on men 2: best new gay fiction.* New York: Plume, Penguin Books USA Inc.

Stambolian, G (red). (1990) *Men on men 3: best new gay fiction.* New York: Plume, Penguin Books USA Inc.

Verghese, Abraham. 'Lilacs'.(1994) In: Mordden, Ethan (red). 1994. *Waves: an anthology of new gay fiction.* New York: Vintage Books.

White, Edmund. (1995) 'An Oracle'. In: *Skinned Alive.* London: Chatto and Windus Limited.

Wolverton, Terry en Drake, Robert (red). (1991) *Indivisible.* New York: Plume, Penguin Books USA Books Inc.

## Geraadpleegde tekste

Andros, Phil. (1982) *Below the belt and other stories*. Boston: Perineum Press.

Bell, David en Valentine, Gill (red.) (1995) *Mapping Desire*. London and New York: Routledge.

Bouldrey, Brian. (1993) *The Genius of Desire*. New York: Ballantine Books.

Cirlot, J.E. (1971) *A Dictionary of Symbols.* London: Routledge

De Lange, Johann. (1993) *Vleiswond*. Kaapstad: Human en Rousseau (Edms.) Bpk.

Krouse, M (red). (1993) *The Invisible Ghetto: Lesbian and Gay writing from South Africa*. Johannesburg: COSAW (Congress of South African Writing) Publishing Ltd.

Mass, Lawrence. (1990) *Homosexuality as Behavior and Identity: Dialogues of the Sexual Revolution, Volume ii*. New York, London: Harrington Park Press.

Mordden, Ethan. (1988) *Everybody loves you: further adventures in gay Manhattan*. New York: St. Martin's Press.

Olderr, Steve. (1986) *Symbolism: A Comprehensive Dictionary*. London: McFarland Press.

Prinsloo, Koos. (1982) *Jonkmanskas*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

Rechy, John. (1963) *City of Night*. New York: Grove Weidenfeld.

Sedgwick, Eve Kosofsky. (1990) *Epistemology of the closet*. Berkeley: University of California Press.

Warren Nell, Patricia. (1974) *The front runner*. London: GMP Publishers Ltd.

White, Edmund. (1982) *A Boy's Own Story*. Reading: Cox and Lyman Ltd.

White, Edmund (red.) (1991) *The Faber Book of Gay Short Fiction*. London, Boston: Faber and Faber.

White, Edmund. (1993) *Genet*. Reading: Cox and Lyman Ltd.